UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

'n MAATSKAPLIKEWERKPERSPEKTIEF OP SWART GETROUDE STUDENTE IN DIE AKKULTURASIEPROSES AAN DIE UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

deur

SONIKA DU PREEZ

Voorgelê ter vervulling van die vereistes

vir die graad

MAGISTER ARTIUM IN MAATSKAPLIKE WERK

in die

FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE

aan die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

STUDIELEIER: PROF. M.S.E. DU PREEZ

PRETORIA **OKTOBER 1999**

© University of Pretoria

DANKBETUIGING

Graag wil ek die volgende mense bedank:

1. My studieleier, Prof. M.S.E. du Preez , vir haar leiding, geduld en motivering ten opsigte van die voltooiing van die ondersoek.
2. Mev. M. Nolte van Studente Steundienste vir haar professionele raad en persoonlike bystand.
3. My vriende, met besondere verwysing na Marietjie Yssel, Gerhard Jacobs, Gerhard Wessels en Maarten Coetsee, vir hul ondersteuning en aanmoediging.
4. My broer, Carl du Preez, en suster, Elane du Preez, vir hul hulp en bystand tydens die laaste paar maande in die finalisering van die ondersoek.
5. Laastens maar die belangrikste aan my Skepper wat my altyd in tye van nood of blydskap bystaan en slyp met ervaring en kennis.

OPSOMMING

TITEL: 'n Maatskaplikewerkperspektief op swart getroude studente in die akkulturasieproses aan die Universiteit van Pretoria

KANDIDAAT: Sonika du Preez

DEPARTEMENT: Departement Maatskaplike Werk

STUDIELEIER: Prof. M.S.E. du Preez

GRAAD: Magister Artium in Maatskaplike Werk

Sedert die negentigerjare het sosio-ekonomiese, maatskaplike en politieke veranderinge in Suid-Afrika, tot veranderinge in swart gemeenskappe aanleiding gegee (De Haas, 1989:5). Armoede, swak behuising, werkloosheid, die ontbreking van ontspanningsfasiliteite en die migrasielandboustelsel is 'n paar van die faktore wat 'n negatiewe invloed op die stabiliteit van die swart huwelike en gesinne het. Viljoen (1994:6) vermeld dat die apartheidstelsel wel 'n verdere negatiewe invloed op die swart gesin in Suid-Afrika het. Min literatuur ten opsigte van hierdie negatiewe invloed is beskikbaar en daarom moet die maatskaplikewerkpraktyk navorsing hieroor aanmoedig om relevant en effektief te bly.

Navorsing in hierdie verband is van groot belang en daarom vermeld Malan (1992:30): "Wat Afrika betref, is die mate van akkulturasie in 'n Westerse rigting en blootstelling aan Westerse denkwyses 'n belangrike faktor wat vir die wisselende individuele aksente verantwoordelik is. Groot vindingrykheid sal nodig wees om die tradisionele waardestelsels van swart mense suksesvol te verreken en by 'n geïntegreerde ontwikkelingsmodel in te bou waarin 'n brug tussen die Eerste en Derde Wêreld gebou word." Die

navorser stem saam met Strydom (1995:123) dat maatskaplike hulpverlening nie aan die hand van die Westerse riglyne aan die swart individu, in die huwelik en binne die gesin aangebied kan word nie. Die probleme in die pluralistiese samelewing en die verskillende kulture kan nie deur 'n homogene terapeutiese intervensie aangespreek word nie. Nuwe inheemse modelle moet ontwikkel word om grotendeels van nuwe intervensiestrategieë vir huweliksvoorbereiding en
-berading, gebruik te maak.

Na aanleiding van die bogenoemde bespreking vind groot kulturele verskille, invloede, veranderings en aanpassings tussen die Afrika en Westerse kultuur in Suid-Afrika plaas. Laasgenoemde word deur die proses van akkulturasie gekenmerk. Hierdie aanpassing by veranderinge en die ontwikkeling van "nuwe" kenmerke in die swart huwelike moet bestudeer word, om soos reeds vermeld nuwe inheemse modelle vir huweliksbegeleiding aan swart egpare, te ontwikkel. Die uiteindelike langtermyn doel van hierdie ondersoek is om die gevolgtrekkings te benut vir die verbetering van die kwaliteit van die swart huwelik en familie in al die etniese groepe, om sodoende rekonstruksie van die gemeenskap in Suid-Afrika te bewerkstellig. Daarom vind 'n oorkoepelende studie van al vier die etniese groepe in Suid-Afrika plaas.

Vir die uitvoering van die studie verwys die tradisionele huwelik na die huwelik van die vier etniese swart bevolkingsgroepe in Suid-Afrika, terwyl die moderne huwelik na die Westerse huwelik verwys. Die swart bevolkingsgroepe in Suid-Afrika word volgens Van Warmelo in Steyn, Strijdom, Viljoen & Bosman (1987:29) antropologies in vier verskillende etniese groepe verdeel, naamlik die Nguni, die Sotho, Tsonga Shangaan en Venda. Volgens laasgenoemde outeur is daar wel ooreenkomste en 'n graad van kulturele kohesie. As gevolg hiervan kan daar 'n breedvoerige algemene studie ten opsigte van die swart huwelike in Suid-Afrika gedoen word.

Om laasgenoemde te bewerkstellig het die navorser die swart getroude student in die akkulturasieproses aan die Universiteit van Pretoria as teikengroep gebruik. Praktiese ondervinding en die identifisering van verhoudings- en huweliksprobleme onder swart getroude studente by Studente Steundienste aan die Universiteit van Pretoria, het die navorser tot die uitvoering van hierdie studie gemotiveer. Die bogenoemde veranderinge het sedert die negentigerjare tot 'n toename van swart studente aan blanke universiteite aanleiding gegee. Hierdie toename word aan die toename in demokrasie, die afstelling van rassisme, die klem op gelyke regte en hoër akademiese kwalifikasies onder die swart bevolking, toegeskryf (Young, Ekeler, Sawyer & Prichard, 1994:504). Hierdie verskynsel het tot die toename aan studente se aanvraag na huweliksberading by sielkundige en maatskaplike dienste op kampus, aanleiding gegee (Dickstein, 1991:471).

In huweliksberading volgens die Westerse modelle, bestaan die huwelik nie alleen uit die huwelikssluiting tussen 'n man en 'n vrou nie, maar ook uit die somtotaal van die komponente of samestellende dele van die huweliksverhouding (Alpaslan, 1994:19). Min inligting is ten opsigte van die komponente van die huweliksverhouding en die kulturele beïnvloeding in die tradisionele huwelike beskikbaar.

Meer navorsing in hierdie verband moet aangemoedig word om hierdie brug tussen die Eerste en Derde Wêreld te bou, om sodoende hierdie wedersydse kulturele beïnvloeding tussen die Westerse en tradisionele huwelik te vind. Die akkulturasieproses gaan met hierdie kulturele beïnvloeding en verandering gepaard. Om hierdie rede is die doel van die ondersoek om die huidige kenmerke van die swart getroude studente in die akkulturasieproses aan die Universiteit van Pretoria te identifiseer.

Om laasgenoemde te bereik sluit hierdie verkennende ondersoek die bestudering van die invloed van kultuur op die swart student, die invloed van die akkulturasieproses, die kenmerke van die swart getroude student en verskil tussen die Westerse en tradisionele huwelik in. Na aanleiding hiervan

word die kenmerke van die komponente van die huweliksverhouding onder swart getroude student in die akkulturasieproses verkry. Daar word dus enersyds na die verskil tussen die tradisionele en Westerse huwelike gekyk, om andersyds vas te stel hoe die swart getroude student se persepsie ten opsigte van die tradisionele huwelik tydens die akkulturasieproses verander het. Laastens word die huweliksbegeleiding met kulturele bewustheid volgens die geïntegreerde benadering kortliks bestudeer. Die navorser is van mening dat hierdie ondersoek 'n waardevolle basis vir verdere navorsing bied.

SUMMARY

TITLE: **A Social Work Perspective on black married students in the process of acculturation at the University of Pretoria**

CANDIDATE: **Sonika du Preez**

STUDYLEADER: **Prof. M.S.E. du Preez**

GRADE: **Magister Artium in Social Work**

Since the 1990s, socioeconomic, social and political changes in South Africa have given rise to changes in black communities (De Haas, 1989:5). Poverty, poor housing, unemployment, lack of recreational facilities and the migratory agricultural system are some of the factors that have a negative effect on the stability of black marriages and families. Viljoen (1994:6) states that the apartheid system has a further negative influence on the black family in South Africa. Not much literature is available on this negative influence and therefore the social work practice has to encourage research in this regard in order to remain relevant and effective.

Research in this regard is of major importance and for this reason, Malan (1992:30) states: "As regards Africa, the degree of acculturation in a Western direction and exposure to Western thinking are an important factor that is responsible for the varying individual accents. Much innovation will be needed to set off the traditional value systems of black people successfully and to incorporate them into an integrated development model in which a bridge is built between the First and Third Worlds.'"(*translated quote*) The researcher agrees with Strydom (1995:123) that social assistance cannot be offered in terms of Western guidelines to the black individual, in marriage and in the family. The problems in the pluralistic society and the various cultures cannot be addressed through a homogeneous, therapeutic intervention. New

indigenous models have to be developed to use largely new intervention strategies for marriage preparation and counselling.

Following the above discussion, major cultural differences, influence, change and adjustment are taking place between the African and Western cultures in South Africa. The latter is characterised by a process of acculturation. This adjustment to changes and the development of "new" characteristics in black marriages have to be studied as already mentioned to develop indigenous models for marriage guidance for black couples. The eventual, long-term goal of this study is to use the results to improve the quality of the black marriage and family in all ethnic groups, and by doing this, to effect reconstruction of the community in South Africa. Therefore, an overhead study of all four ethnic groups in South Africa is conducted.

For the execution of the study, traditional marriage refers to the marriage of the four ethnic population groups in South Africa, while modern marriage refers to Western marriage. According to Van Warmelo in Steyn, Strijdom, Viljoen & Bosman (1987:29), the black population groups in South Africa are classified anthropologically in four different ethnic groups, viz the Nguni, the Sothos, Tsonga Shangaan and Venda. According to the last author there are indeed similarities and some measure of cultural cohesion. Because of this, a comprehensive general study of black marriages in South Africa can be conducted.

To effect this, the researcher used the black married student in the acculturation process at the University of Pretoria as target group. Practical experience and the identification of relationship and marital problems among black married students at Student Support Services at the University of Pretoria motivated the researcher to undertake this study. Since the 1990s, the above changes have led to an increase in black students at white universities. This increase is attributed to the increase in democracy, the abolition of racism, the emphasis on equal rights and higher academic qualifications among the black population (Young, Ekeler, Swayer & Prichard, 1994:504). This phenomenon has led to the increase in students' demand for

marriage counselling at psychological and social services on campus (Dickstein, 1991:471).

In marriage counselling according to Western models, marriage does not only comprise the marriage between a man and a woman, but also the total of the components of the marital relationship (Alpaslan, 1994:19). Little information is available about the components of the marital relationship and the cultural influence in marriage.

More research in this regard should be encouraged to build this bridge between the First and Third Worlds in order to find this mutual influence between Western and traditional marriages. The acculturation process is associated with this cultural influence and change. For this reason, the purpose of the study is to identify the current characteristics of the black students in the acculturation process at the University of Pretoria.

To achieve this, this exploratory study includes the study of the influence of culture on the black student, the influence of the acculturation process, the characteristics of the black married student and differences from Western traditional marriage. Consequently, the characteristics of the components of the marital relationship among black students in the acculturation process are identified. On the one hand, the difference between traditional and Western marriages is examined on the other hand to determine how the black married student's perception of traditional marriage has changed during the acculturation process. Finally, marriage guidance is studied briefly with cultural awareness in accordance with the integrated approach. The researcher is of the opinion that this study offers a valuable basis for further research.

SLEUTELTERME

1. Maatskaplikewerkperspektief
2. Swart Getroude Studente
3. Huwelik
4. Multikulturele Terapie
5. Akkulturasie
6. Kultuur
7. Aanpassingsprobleme
8. Universiteit van Pretoria
9. Geïntegreerde model
10. Inheemse Modelle

KEYTERMS

1. Social Work Perspective
2. Black Married Students
3. Marriage
4. Multicultural Therapy
5. Acculturation
6. Culture
7. Adaptation problems
8. University of Pretoria
9. Integrated Model
10. Indigenous Models

INHOUDSOPGAWE **BLADSY**

HOOFSTUK 1

ALGEMENE INLEIDING

1.1 **INLEIDING** 1

1.2 **MOTIVERING VIR DIE STUDIE** 4

1.3 **PROBLEEMFORMULERING** 5

1.4 **DOEL VAN STUDIE** 8

1.4.1 Doelstelling van die studie 8
1.4.2 Doelwitte van die studie 8

1.5 **STELLINGS VIR DIE STUDIE** 8

1.6 **NAVORSINGSMETODOLOGIE** 9

1.6.1 Soort navorsing 9
1.6.2 Navorsingsontwerp 10
1.6.3 Navorsingsprosedure en werkswyse 11
1.6.4 Voorondersoek 12

1.6.4.1 Literatuurstudie 12
1.6.4.2 Ervaring van kenners 13
1.6.4.3 Oorsigtelike beeld van die uitvoerbaarheid van die ondersoek 16
1.6.4.4 Studie van strategiese eenhede/toetsing van vraelys 17

1.6.5 Die begrensing van die studie 18

1.6.5.1 Omskrywing van die universum 18
1.6.5.2 Afbakening van die steekproef en die wyse van steekproefneming 18

1.7 PROBLEME TYDENS DIE STUDIE ONDERVIND 19

1.8 BEGRIPSOMSKRYWING 19

1.8.1 Maatskaplike werk 20
1.8.2 Akkulturasie 20
1.8.3 Getroud en huwelik 22
1.8.4 Student 23
1.8.5 Universiteit van Pretoria 24

1.9 INDELING VAN DIE NAVORSINGSVERSLAG 24

HOOFSTUK 2

DIE KENMERKE VAN AKKULTURASIE ONDER SWART STUDENTE

2.1 INLEIDING 26

2.2 DIE BEGRIPPE KULTUUR EN ETNOS 28

2.3 KULTURELE UNIVERSALIA 31

2.4 DIE FUNKSIE EN WAARDE VAN KULTUUR 32

2.5 ETNOGENESE OF KULTUURVERANDERINGE 35

2.6 DIE PROSES VAN AKKULTURASIE 36

2.7 DIE INVLOED VAN AKKULTURASIE OP DIE SWART STUDENT 38

2.8 DIE KENMERKE EN EIENSKAPPE VAN DIE STUDENT 40

2.8.1 Die student in die laat-adolessensie of vroeë volwasse fase 40
2.8.2 Probleme wat die student in die akkulturasieproses ervaar 42

2.9 DIE PSIGIESE IMPAK EN GEVOLGE VAN AKKULTURASIE 47

2.10 SAMEVATTING 51

HOOFSTUK 3

KENMERKE VAN SWART GETROUDE STUDENTE IN DIE AKKULTURASIEPROSES AAN DIE UNIVERSITEIT VAN PRETORIA 58

3.1 INLEIDING 58

3.2 DIE VERSKIL TUSSEN TRADISIONELE EN WESTERSE HUWELIK 63

3.3 SWART GETROUDE STUDENTE IN DIE AKKULTURASIE-PROSES 67

3.3.1 Die gesin van herkoms 69

3.3.2 Selfbeeld 70
3.3.3 Seksualiteit 71
3.3.4 Huwelikskeuse 73
3.3.5 Huweliksmotief 75
3.3.6 Kommunikasie 77
3.3.7 Konflik 78
3.3.8 Potensiële groeiruimte 79
3.3.9 Rolverdeling 80
3.3.10 Beroepsbeoefening 81
3.3.11 Ouerskap 82
3.3.12 Finansies 84
3.3.13 Skoonouers 84
3.3.14 Geloofsgroei 86

3.4 'n GEÏNTEGREERDE BENADERING TEN OPSIGTE VAN HUWELIKSBEGELEIDING AAN SWART GETROUDE STUDENTE IN DIE AKKULTURASIEPROSES 87

3.4.1 Die geïntegreerde benadering 87
3.4.2 Die probleme wat swart getroude studente ervaar 89

3.5 SAMEVATTING 93

HOOFSTUK 4

EMPIRIESE VERWERKING

4.1 INLEIDING 97

4.2 DIE INVLOED VAN DIE AKKULTURASIEPROSES OP SWART GETROUDE STUDENTE 100

4.2.1 Die kenmerke van die swart getroude studente aan die

Universiteit van Pretoria 100

4.2.2 Kultuur en die invloed van akkulturasie op die swart student 102

4.3 DIE KENMERKE EN PROBLEME VAN DIE SWART GETROUDE STUDENTE AAN DIE UNIVERSITEIT VAN PRETORIA 109

4.4 HUWELIKSPROBLEME VAN DIE SWART GETROUDE STUDENT 121

4.5 BEHOEFTES AAN HUWELIKSBERADING ONDER SWART GETROUDE STUDENTE 127

4.6 SAMEVATTING 131

HOOFSTUK 5

GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

5.1 ALGEMENE INLEIDING 135

5.2 KENMERKE EN HOOFTENDENSE VAN SWART STUDENTE IN DIE AKKULTURASIEPROSES 136

5.2.1 Samevatting 136

5.2.2 Gevolgtrekkings 138

5.2.3 Aanbevelings 141

5.3 DIE KENMERKE VAN SWART GETROUDE STUDENTE IN DIE AKKULTURASIEPROSES AAN DIE UNIVERSITEIT VAN PRETORIA 142

5.3.1 Die gesin van herkoms 143
5.3.1.1 Samevatting 143
5.3.1.2 Gevolgtrekkings 144
5.3.1.3 Aanbevelings 145

5.3.2 Selfbeeld 145
5.3.2.1 Samevatting 145
5.3.2.2 Gevolgtrekkings 146
5.3.2.3 Aanbevelings 146

5.3.3 Seksualiteit 147
5.3.3.1 Samevatting 147
5.3.3.2 Gevolgtrekkings en aanbevelings 147

5.3.4 Huwelikskeuse 148
5.3.4.1 Samevatting 148
5.3.4.2 Gevolgtrekkings 149
5.3.4.3 Aanbevelings 149

5.3.5 Huweliksmotief 150
5.3.5.1 Samevatting 150
5.3.5.2 Gevolgtrekkings en aanbevelings 150

5.3.6 Kommunikasie 151
5.3.6.1 Samevatting 151
5.3.6.2 Gevolgtrekkings 151
5.3.6.3 Aanbevelings 152

5.3.7 Konflik 152
5.3.7.1 Samevatting 152
5.3.7.2 Gevolgtrekkings en aanbevelings 153

5.3.8. Potensiële groei 153

5.3.8.1 Samevatting 153
5.3.8.2 Gevolgtrekkings en aanbevelings 154

5.3.9 Rolverdeling 154
5.3.9.1 Samevatting 154
5.3.9.2 Gevolgtrekkings en aanbevelings 155

5.3.10 Beroepsbeoefening 156
5.3.10.1 Samevatting 156
5.3.10.2 Gevolgtrekkings en aanbevelings 156

5.3.11 Ouerskap 157
5.3.11.1 Samevatting 157
5.3.11.2 Gevolgtrekkings en aanbevelings 157

5.3.12 Finansies 158
5.3.12.1 Samevatting 158
5.3.12.2 Gevolgtrekkings en aanbevelings 158

5.3.13 Skoonouers 159
5.3.13.1 Samevatting 159
5.3.13.2 Gevolgtrekkings en aanbevelings 159

5.3.14 Geloofsgroei of godsdiensbeoefening 160
5.3.14.1 Samevatting 160
5.3.14.2 Gevolgtrekkings en aanbevelings 160

5.4 DIE TOETSING VAN DOELSTELLINGS 161

5.4.1 Doelstellings: Om die kenmerke van die swart getroude studente in die akkulturasieproses aan die Universiteit

van Pretoria te identifiseer 161

5.5 DIE TOETSING VAN DIE DOELWITTE VAN DIE STUDIE 161

5.5.1 Om inligting met betrekking tot die akkulturasieproses onder swart getroude studente te bestudeer 162

5.5.2 Om die verskille in Westerse- en tradisionele huwelike te identifiseer
160

5.5.3 Om inligting ten opsigte van die problematiek rondom swart getroude studente in die akkulturasieproses te bestudeer 162

5.5.4 Om deur middel van die gevolgtrekkings, aanbevelings ten opsigte van huweliksbegeleiding en -beraad aan swart getroude studente na aanleiding van die geïntegreerde benaderingsmodel, te formuleer 163

5.6 DIE FORMULERING VAN STELLINGS EN HIPOTESES 163

5.7 SLOTOPMERKING 164

6. BRONNELYS 166

7. BYLAE 1: Vraelys/Questionnaire 175

LYS VAN TABELLE EN FIGURE **BLADSY**

LYS VAN TABELLE

Tabel 1:	Die Verskille tussen tradisionele en moderne huwelike	66
Tabel 2:	Die geïntegreerde benadering	88
Tabel 3:	Die negatiewe invloed van akkulturasie	105
Tabel 4:	Die positiewe invloed van akkulturasie	107
Tabel 5:	Probleme ten opsigte van akademie onder swart getroude studente	121
Tabel 6:	Huweliksprobleme onder swart getroude studente	123
Tabel 7:	Die behoeftes vir huweliksverrykking en -berading	129

LYS VAN FIGURE

Figuur 1: Huweliksmotief 111

Figuur 2: Huwelikskeuse 113

Figuur 3: Rolverwagtinge van die manlike respondente 115

Figuur 4: Rolverwagtinge van die vroulike respondente 116

Figuur 5: Seksualiteit 118

HOOFSTUK 1

ALGEMENE INLEIDING

1.1 INLEIDING

Die sosio-politieke veranderinge in Suid-Afrika gee tot die ontstaan van sekere sosio-ekonomiese en maatskaplike probleme in die gemeenskap aanleiding (Viljoen, 1994:1). Hierdie sosio-ekonomiese en politieke veranderinge gee direk tot die verandering op maatskaplike, sosiologiese en antropologiese gebied in die Suid-Afrikaanse samelewing aanleiding. Viljoen (1994:4) vermeld dat die veranderinge in die gemeenskap eerstens met die veranderinge in die struktuur van swart families en huwelike, en tweedens met die akkulturasieproses (waar een kultuur 'n ander kultuur aanneem) gepaard gaan. Maatskaplike Werk moet by hierdie veranderinge in Suid-Afrika aanpas om relevant en effektief te bly om sodoende die behoeftes van die gemeenskap aan te spreek (Sikhitha,1996:61).

Die maatskaplike werker moet kennis dra van die invloed van die veranderinge op die individu, gesinne en gemeenskappe. Maatskaplike werk se geskiedkundige ontwikkeling getuig van voortdurende verandering en aanpassing in die filosofiese benadering. Volgens Combrink (1980:195) verkry Maatskaplike Werk sy kennis vanuit verwante dissiplines, navorsing en die maatskaplikewerkpraktyk. Met die oog op hierdie studie moet kennis in verband met die akkulturasieproses, die ontwikkelingsfase van die individu, die verandering in swart huwelike en gesinne, asook die verandering in die gemeenskap, bestudeer word.

Na aanleiding van die bogenoemde en vir die doeleindes van hierdie studie, word daar op die geïntegreerde benaderingsmodel in Maatskaplike Werk gekonsentreer. De Jager (1989:133) beskryf die geïntegreerde benaderingsmodel in Maatskaplike Werk soos volg: "... doelgerigte

maatskaplikewerkproses met verskillende fases of aksies wat gebaseer is op die probleemoplossende model; die behandelingsmetodes, gevalle-, groep- en gemeenskapswerk, wat gekies word, word deur die kliëntesisteem se behoeftes bepaal; binne die verskillende fases in die proses vervul die maatskaplike werker, die kliënt en ander sisteme betrokke, verskillende take en rolle ten einde in die behoeftes van die kliënt te voorsien of om sy probleem op te los."

Kennis vanuit verskillende vakdissiplines word op 'n geïntegreerde basis verkry. Wanneer die begrip in hierdie studie met die geïntegreerde toepassing van die maatskaplikewerkmetodes in verband gebring word, impliseer dit dus doeltreffender en terselfdertyd meer verantwoordbare dienslewering (Lombard, Weyers & Schoeman, 1991:20). Kennis ten opsigte van die volgende begrippe is noodsaaklik vir die uitvoering van die studie: akkulturasie, kultuur en swart getroude studente.

Akkulturasie is 'n proses wat deur vyf gebeurtenisse gekenmerk word, naamlik ideë-oordrag en gedragsverandering; versteuring in die persoonlikheidstruktuur van individuele kultuurdraers; versteuring in die volkskorpus; maatskaplike ontbinding; kultuuroorname en reïntegrasie (Coertze in Els, 1992:22). Hierdie proses gee tot sosiale verandering en aanpassings binne die individu aanleiding. Die individu moet suksesvol by die veranderende omstandighede aanpas en sy eie identiteit behou of ontwikkel.

Die swart getroude studente bevind hulself ook in hierdie veranderings- en aanpassingsproses en daarom moet daar vir die doel van die studie meer inligting in hierdie verband verkry word. Die grootste getal swart getroude studente bevind hulself in die laat-adolessensie en vroeë volwasse fase van ontwikkeling. Adolessensie is 'n baie belangrike ontwikkelingsfase wat volgens Erickson in Peretti & Wilson (1995:171) met identiteitskrisis gepaard gaan. Hy vermeld vervolgens: "A successful conflict resolution of this crisis leads the

individual to become an independent, effective adult, while an inadequate, unsuccessful resolution leads to confusion, inferiority, and doubt over one's adult sense of identity." Kulturele waardes en norme speel volgens Grayson & Cauley (1989:298) 'n belangrike rol in die ontwikkeling van die adolessent se identiteit. Na aanleiding hiervan kan die onsuksesvolle hantering van die akkulturasieproses verwarring en persoonlikheidsversteurings in die adolessent veroorsaak.

Die vroeë volwasse fase sluit volwassewording en sosialisering tussen 20 en 44 jaar in. Krampitz in Beck, Rawlins & Williams (1988:809) is van mening dat die vroeë volwasse stadium met drastiese veranderinge gepaard gaan en vermeld: "The young adult faces changes in perception of psychological self and body image, believe systems, values, expectations, and a wide range of environmental factors". 'n Maatskaplikewerkperspektief op die swart student in die adolessensie of vroeë volwasse stadium moet verken en bestudeer word om die invloed van die verandering in die land op die individu vas te stel.

Die studente word met kulturele en sosiale verskille gekonfronteer wat die ontwikkeling van 'n identiteit negatief kan beïnvloed. Studente Steundienste aan die Universiteit van Pretoria spreek hul kommer oor die aanpassingsprobleme en versteurings in die persoonlikheidstruktuur by swart studente uit. 'n Verdere probleem is die toenemende huweliksprobleme onder swart getroude studente. Die navorser is van mening dat daar wel swart getroude studente aan die Universiteit van Pretoria is, wat aan baie veranderinge, aanpassings, verwarring, vrees en onsekerheid blootgestel word. Laasgenoemde kan tot die ongesonde maatskaplike funksionering by die individu of egpaar aanleiding gee.

Die vraag is egter wat die huidige maatskaplike tendens van swart getroude studente is? 'n Verkennende studie kan waardevolle inligting vir die

ontwikkeling van toekomstige inheemse modelle en teorieë ten opsigte van huweliksvoorbereiding, -beraad en -begeleiding aan swart egpare bied.

1.2 MOTIVERING VIR DIE STUDIE

Die navorser het tydens haar eerste studiejaar, Volkekunde en Toegepaste Volkekunde as ekstra vakke vir die voltooiing van haar kursus geneem. In hierdie vakgebied is die navorser aan die term "akkulturasie" bekendgestel. Laasgenoemde het die navorser se wêreldbeskouing oor kultuur en kultuurverskille verander en verdere belangstelling geprikkel.

As deeltydse Maatskaplike Werker in 1996 by die afdeling Studente Steundienste aan die Universiteit van Pretoria, was dit die navorser se keuse om hulpverlening aan swart studente te lewer. Na afloop van hierdie praktiese ondervinding en werksaamhede, kon die navorser die problematiek ten opsigte van die aanpassingsprobleme onder swart studente waarneem. Els (1992:22) is van mening dat die problematiek ten opsigte van die aanpassing by die kulturele veranderinge en kultuurbotsings, na die akkulturasieproses verwys. Die problematiek het veral in verhoudings met die teenoorgestelde geslag na vore getree.

Die navorser se grootste belangstellingsveld in die Maatskaplikewerkprofessie is huweliksberaad. 'n Leemte op die terrein van verhoudingsbou of huweliksvoorbereiding met swart egpare aan die Universiteit van Pretoria, is geïdentifiseer. Eerstens is die literatuur ten opsigte van multikulturele terapie binne die Suid-Afrikaanse opset beperk. Tweedens is die literatuur ten opsigte van verhoudingsbou, huweliksvoorbereiding, -begeleiding en -beraad aan swart pare/egpare beperk. Sikhitha (1996:61) bevestig hierdie gebrek aan inligting veral in die Suid-Afrikaanse opset en omstandighede. Die navorser stem saam en is van mening dat 'n verkennende studie oor die huidige tendens van swart

getroude studente met behulp van die geïntegreerde benaderingsmodel in Maatskaplike Werk, probleemareas vir verdere studie kan identifiseer en verdere aanbevelings vir hulpverlening aan die hele gemeenskap bied. 'n Groot gedeelte van die Suid-Afrikaanse bevolking word uitgesluit in die gesofistikeerde, Eerste-Wêreldse hulpverleningsproses. Laasgenoemde beklemtoon die belangrikheid van die ontwikkeling van inheemse modelle in maatskaplike hulpverlening (Strydom, 1995:123). Die huidige implementering van sosiale teorieë, metodes, modelle en tegnieke, sonder spesifieke verwysing na ras of kultuur, is nie suksesvol ten opsigte van alle bevolkingsgroepe nie. Sikhitha (1996:61) bevestig laasgenoemde en vermeld dat daar in Suid-Afrika geen formele opleiding ten opsigte van die diagnosering en behandeling van swart kliënte is nie.

In hierdie verband beklemtoon die navorser die woorde van Plato in Mouton (1990:3): "Our true lover of knowledge naturally strives for reality and will not rest content with each set of particulars which, opinion takes from reality, but soars with undimmed and unwearied passion till he grasps the nature of each thing as it is..." Aan die hand van die bogenoemde beoog die navorser om die veranderinge in swart huwelike te verken en die problematiek wat swart getroude studente in die akkulturasieproses ervaar, te identifiseer. Met die gevolgtrekkings en bevindinge van hierdie studie, word beoog om meer inligting of aanbevelings ten opsigte van multikulturele terapie aan swart getroude studente in die akkulturasieproses te bied.

1.3 PROBLEEMFORMULERING

Soos reeds vermeld moet die Maatskaplikewerkprofessie die veranderende tendense in die Suid-Afrikaanse gemeenskappe bestudeer, om relevant en effektief te bly. Suid-Afrika se sogenaamde "Reënboognasie" bestaan uit verskillende etnieë, kulture en wêreldbeskouinge. Laasgenoemde is

noodsaaklik om bestaande teorieë by die veranderinge aan te pas of om nuwe geïntegreerde teorieë te ontwikkel.

Die veranderinge in die Suid-Afrikaanse gemeenskap gaan met die verandering in die kultuur van die verskillende etnieë in die betrokke gemeenskap gepaard. Els (1992:19) is van mening dat hierdie veranderinge tot die proses aanleiding gee waar die kultuurpatroon van 'n volk(e) verander, om by die kultuurpatrone van 'n ander volk (of volke) aan te pas. Hierdie proses word volgens Coertze in Els (1992:19) as "akkulturasie" gedefinieer.

Akkulturasie gaan, soos reeds vermeld deur Els (1992:22), met innerlike en sosiale konflik gepaard wat verder tot emosionele ontwrigting en problematiek ten opsigte van die individu se maatskaplike funksionering aanleiding gee. Hierdie akkulturasieproses is tydens die navorser se praktiese ondervinding met swart kliënte geïdentifiseer, aangesien die meeste swart studente aanpassingsprobleme ten opsigte van die koshuis- en universiteitslewe ervaar. Spanning rondom die nuwe verwagtinge en die groot akademiese druk, kom algemeen onder die swart studente voor.

Die meeste swart studente was in die proses van akkulturasie, waar hulle in hul tradisionele Afrikakultuur verskillende aspekte van die Westerse kultuur oorgeneem het. Die kenmerkende ontwrigting in die persoonlikheidstruktuur, wat tydens akkulturasie plaasvind, is by al die kliënte geïdentifiseer. Die aanpassingsprobleme, die oorname van aspekte van die Westerse kultuur en komplekse verandering in die persoonlikheidstruktuur, gee tot spanning, stres en fisiese wanbalans aanleiding wat die maatskaplike funksionering van die student benadeel. Die navorser het verskeie studente, as gevolg van stres en depressie, vir 'n mediese ondersoek na die afdeling Studente Gesondheidsdienste verwys en binne die multi-dissiplinêre span, hulp verleen.

Die navorser het ook die probleme ten opsigte van vertroue in ander, veral in die teenoorgestelde geslag, geïdentifiseer. As gevolg van die oorname van die konsepte van verhoudings van die Westerse kultuur, is baie van die swart studente verward oor wat hulle van 'n verhouding verwag of wil hê. In sommige gevalle het die studente, veral die vroulike studente, druk van die tradisionele familie tuis ervaar. Tradisioneel is die vroulike student gereed om 'n kind te baar en te trou, maar talle vroulike swart studente het die konsepte van die Westerse kultuur oorgeneem en wil eers haar studies voltooi, wag tot sy die regte man ontmoet en vir liefde trou.

'n Swart egpaar bestaan uit individue wat die bogenoemde problematiek, naamlik persoonlikheidsontwrigting, spanning en aanpassingsprobleme, kan ervaar. Laasgenoemde gee verder tot verhoudingsprobleme, misverstande en konflik aanleiding, aangesien die individue se maatskaplike funksionering negatief beïnvloed word. Knox (1975:ix) beskryf die problematiek tussen paartjies en getroudes as: "We are like two people in a bus station with tickets to different destinations."

Hierdie tendens moet dringend aandag geniet. Die akkulturasieproses onder swart individue gee tot groter toekomstige problematiek aanleiding. Die navorser is van mening dat die stabiliteit binne die persoonlikheidstruktuur van 'n individu, tot stabiliteit in huwelike en gesinne aanleiding gee. Stabiele huwelike en gesinne verseker 'n stabiele gemeenskap. Die Suid-Afrikaanse gemeenskap het baie verander en is grotendeels deur ekonomiese en politieke veranderinge ontwrig. Stabiliteit is nie aan die orde van die dag nie en daarom moet die veranderinge en problematiek bestudeer word, om nuwe "inheemse" teorieë te ontwikkel om deur middel van die geïntegreerde benaderingsmodel die gemeenskap se behoeftes aan te spreek.

1.4 DOEL VAN DIE STUDIE

1.4.1 Doelstelling van die studie

Om die kenmerke van swart getroude studente in die akkulturasieproses aan die Universiteit van Pretoria te identifiseer.

1.4.2 Doelwitte van die studie

* Om inligting met betrekking tot die akkulturasieproses onder swart studente te bestudeer.

* Om die verskille in die Westerse- en tradisionele huwelike te identifiseer.

* Om die kenmerke van swart huwelike te identifiseer.

* Om inligting ten opsigte van die problematiek rondom swart getroude studente in die akkulturasieproses te bestudeer.

1.5 STELLINGS VIR DIE STUDIE

'n Kenmerk van verkennende navorsing, is dat hierdie tipe navorsing nie oor 'n hipotese beskik nie, maar wel konsepte verfyn en vrae en hipoteses vir verdere navorsing ontwikkel (Hofmeyr, 1996c:3). Die navorser kon op grond van die literatuurstudie en persoonlike ervaring die volgende stellings identifiseer:

1.5.1 Die swart egpare aan die Universiteit van Pretoria ervaar aanpassings- en sosiale probleme ten opsigte van die kulturele botsing tussen die Westerse en tradisionele perspektiewe.

1.5.2 Die veranderinge in die swart huwelike en die invloed van die akkulturasieproses beïnvloed die maatskaplike funksionering van swart getroude studente.

1.5.3 Die swart getroude student aan die Universiteit van Pretoria is onderhewig aan die akkulturasieproses.

1.6 NAVORSINGSMETODOLOGIE

1.6.1 Soort navorsing

Toegepaste navorsing is tydens hierdie ondersoek gebruik. Hofmeyr (1996a:2) definieer toegepaste navorsing as die oorspronklike ondersoekwerk wat wetenskaplike en tegnologiese kennis vermeerder. Die uitsluitlike oogmerk van hierdie soort navorsing is om die kennis prakties te benut en toe te pas. Dit handel dus oor die ondersoek van 'n probleem in die praktyk van maatskaplike werk. Grinnell en Williams (1990:140) beskryf toegepaste navorsing soos volg: "If we do not know much to begin with - since research is a step-by-step process building on the results of previous work - we will not expect our study to provide anything more than a low level of knowledge".

Toegepaste navorsing poog om bestaande kennis te eksploreer om nuwe kennis te bekom. Bloom (1986:56) meen dat hierdie soort navorsing: "...seeks to develop principles that enable people to resolve problems or to obtain desired objectives. The question here is how to make things work for human betterment. The overall emphasis is on knowledge for use, with the implication that values are much involved in the entire process from the beginning to end."

1.6.2 Navorsingsontwerp

'n Navorsingsontwerp word soos volg in die Woordeboek vir Maatskaplike Werk (1995:43) gedefinieer: "Plan van 'n navorsingsprojek waarvolgens data ingewin word om die hipotese te ondersoek of die doel te verwesenlik." Heppner, Kivlighan & Wampold (1992:44) is van mening dat die navorsingsontwerp 'n stel planne of prosedures is, wat foute minimaliseer en die navorser help om die empiriese data oor die geïsoleerde veranderlikes of belangegroepe te verkry.

Die doel van 'n navorsingsontwerp word soos volg deur Grinnell & Williams (1990:138) gedefinieer: "As a part of our plan, we decide what the research question should be, what data will be required to answer it, from whom the data will be obtained, and exactly what the best way is to gather the data." Hofmeyr (1996d:1) meld dat die navorsingsontwerp 'n plan is om sosiale vrae te beantwoord. 'n Navorsingsontwerp skep 'n skema, 'n struktuur en strategieë waarvolgens die ondersoek gedoen kan word. Die navorser is van mening dat deeglike beplanning en die uitvoering van die navorsingsontwerp, die sukses van die navorsing bepaal.

Die verkennende navorsingsontwerp is tydens hierdie ondersoek gebruik, aangesien daar min inligting ten opsigte van huweliksbegeleiding/-beraad aan swart egpare in die akkulturasieproses is. Hofmeyr (1996d:3) beskryf die verkennende ontwerp as die versameling van meer data oor 'n klein aantal onderwerpe. Die verkennende ontwerp kan soos volg beskryf word: "The idea of an exploratory research study is to explore, nothing more - nothing less. We use exploratory designs when little is known in our research areas and all we want to do is make a beginning study" (Grinnell & Williams, 1990:140). Hierdie ontwerp verfyn konsepte en vrae om hipoteses vir verdere navorsing te ontwikkel (Hofmeyr, 1996d:3). Die verkennende navorsingsontwerp is buigsaam en informeel, en gebruik klein steekproewe wat nie noodwendig

verteenwoordigend hoef te wees nie. Volgens Mouton (1990:45) is hierdie tipe navorsingsontwerp meer op die verkryging van insig en verwerwing van begrippe, as op die insameling van akkurate, repliseerbare data gerig.

1.6.3 Navorsingsprosedure en werkswyse

Die navorser maak van waarneming met gekontroleerde stimuli gebruik, wat volgens Hofmeyr (1996b:4) oor die waarneming van die inherente kenmerke van die individu/e in sy/haar onmiddellike situasie of omstandighede handel. Waarneming word deur Kerlinger (1992:436) gesien as 'n sistematiese proses om inligting, wat deur ervaring aangeleer is, in te samel. Kerlinger (1992:436) bespreek die belangrike insette wat waarneming aan die navorser kan bied, naamlik: "... help the researchers to obtain measures of variables so that they can bring empirical evidence to bear on research questions." Na aanleiding hiervan is die veldopname as die navorsingsprosedure en persoonlike onderhoudvoering en posvraelyste as data-insameling vir die uitvoering van die ondersoek gebruik.

Eerstens word veldopname soos volg deur Meyers in Smit (1984:75) omskryf: "... as any procedure involving the investigator entering a subject population and measuring some specific set of responses. In this technique you will find neither the manipulation of an independent variable nor the setting up of a control condition." Die menings en houdings, asook die totale gedrag van die individu/e, dui op die psigologiese aspekte van veldopnames (Smit, 1984:75).

Soos reeds vermeld verskaf waarneming van gekontroleerde stimuli kenmerke van die individu/e wat die navorser kan benut om gepaste vrae in 'n vraelys te formuleer om sodoende meer inligting te bekom (Kerlinger, 1992:436). Die wyse van data-insameling is, soos vermeld, deur onderhoudvoering en posvraelyste uitgevoer. Die doel van onderhoudvoering en vraelyste word deur Kerlinger

(1992:440) soos volg uiteengesit: "One, it can be an exploratory device to help identify variables and relations, to suggest hypotheses, and to guide other phase of research. Two, it can be the main instrument of the research. Three, the interview can supplement other methods: ..." Die respondente wat vir hierdie data-insameling benut is, bestaan uit swart getroude studente in die akkulturasieproses aan die Universiteit van Pretoria. (Sien nr. 1.6.5 vir die omskrywing en die afbakening van die steekproef)

1.6.4 Voorondersoek

Die term "voorondersoek" word deur die Woordeboek vir Maatskaplike Werk (1995:70) gedefinieer as die: "Proses waarvolgens die navorsingsontwerp vir die beoogde ondersoek getoets word". Hofmeyr (1996c:2) is van mening dat die voorondersoek die volgende vier aspekte insluit:

* Literatuurstudie;
* die ervaring van kenners;
* 'n voorlopige verkenningstudie; en
* 'n intensiewe studie van strategiese eenhede.

1.6.4.1 Literatuurstudie

Met die oog op die navorsing is 'n literatuurstudie gedoen, om enersyds die beskikbaarheid van wetenskaplike literatuur na te speur, en andersyds om 'n doelbewuste, noukeurige en sistematiese herinterpretasie van reeds bestaande kennis te doen (Smit, 1984:8). Laasgenoemde is belangrik in die ontwikkeling van nuwe kennis. Mark (1996:85) beklemtoon die belangrikheid van 'n literatuurstudie soos volg: "...our study will be valuable if it is based on a thorough assessment of what others have done before us. This assessment will aid us in defining the problem in a way that builds on earlier work in the area and

avoids duplication. It will also serve as the basis for the literature review, a necessary part of every research report."

Die navorser het deur middel van die kaartkatalogus, microfische en rekenaarstelsel van die Algemene Inligtingsdiens aan die Universiteit van Pretoria, met behulp van die vakreferente vir Maatskaplike Werk en Volkekunde, 'n soektog na literatuur gedoen. Alle moontlike literatuur met betrekking tot die onderwerp is hierdeur geïdentifiseer.

Literatuur in verband met: huweliksbegeleiding; akkulturasie; tendense in swart huwelike, swart getroude studente; die soort navorsing, navorsingsprosedures en -ontwerpe is bestudeer. Die literatuur in verband met multi-kulturele Maatskaplike Werk, veral met die klem op huweliksbegeleiding, -beraad en -voorbereiding in Suid-Afrika, is beperk. Literatuurstudie vanuit verskillende vakdissiplines soos maatskaplike werk, sielkunde, sosiologie, teologie, volkekunde, regsgeleerheid en geneeskunde is onderneem. Literatuur van Suid-Afrika en oorsee is benut en geïntegreer. Ten spyte van die min literatuur oor die spesifieke onderwerp, kon die voorondersoek met sukses afgehandel word.

1.6.4.2 Ervaring van kenners

Die ervaring van kenners was 'n belangrike hulpbron in die bepaling van die onderwerp, die beplanning en die verloop van die ondersoek. Die ervaring van kenners te wete maatskaplike werkers, antropoloë, sielkundiges en sosioloë is deur middel van persoonlike onderhoude verkry en vir die doeleindes van die ondersoek benut. Die volgende kundiges is tydens die voorondersoek genader:

* Mev. M. Nolte, maatskaplike werker van die afdeling Studente Steundienste te Universiteit van Pretoria. Mev. Nolte is 'n verhoudingsterapeut

en beskik oor die ervaring ten opsigte van hulpverlening aan swart egpare en multikulturele terapie. Die navorser het saam met mev. Nolte die leemte in die Suid-Afrikaanse literatuur ten opsigte van huweliksvoor-bereiding, -begeleiding en -beraad geïdentifiseer. Mev. M.Nolte het namens die afdeling Studente Steundienste toestemming verleen om die afdeling se kliëntelading vir die navorsing te benut. Na die besoek aan Mev. M. Nolte, was die navorser verseker van respondente en die samewerking en ondersteuning van die afdeling Studente Steundienste.

* Mnr. Moraka, die hoof van die afdeling Studente Steundienste
het sy MA-Verhandeling in verband met multikulturaliteit in die onderwys, voltooi. Mnr. Moraka beskik oor die kennis en ervaring ten opsigte van die hulpverlening aan swart studente. Die navorser het tydens hierdie besoek waardevolle bronverwysings ten opsigte van multikulturaliteit verkry.

* Die navorser het die inligtingkundige vir Maatskaplike Werk, Mev. C. Pentzon, by die Akademiese Inligtingsdiens te Universiteit van Pretoria besoek. Mev. Pentzon is 'n kundige op haar gebied en het die navorser in die literatuursoektog bygestaan.

* Mev. E. Weyers, die inligtingkundige vir Antropologie by die Akademiese Inligtingsdiens te Universiteit van Pretoria, het waardevolle inligting ten opsigte van die kompleksiteit van akkulturasie en swart huwelike uitgewys. Sy is 'n kundige op haar gebied en het aanbeveel dat die navorser op 'n spesifieke volks/kultuurgroep wat die meeste aan die Universiteit van Pretoria verteenwoordig is, moet fokus. Daar is groot verskille ten opsigte van swart huwelike onder die verskillende kulture en die gebied is te breed om in een verhandeling saam te vat.

'n Oorkoepelende beeld van swart huwelike moet bestudeer word. Mev. Wessels het die navorser voorsien van inligting ten opsigte van die verskille in wêreldbeskouinge tussen die Afrika en Westerse kulturele verskille.

* Die navorser het Dr. S. van Staden, 'n dosent aan die Universiteit van Pretoria, ten opsigte van haar ervaring met huweliks- en gesinsterapie, besoek. Dr. van Staden kon die navorser van raad en leiding ten opsigte van die afbakening van die navorsingstudie voorsien.

* Dr. J.H. Kriel van die Departement Volkekunde en Antropologie, het waardevolle inligting ten opsigte van swart huwelike en akkulturasie verskaf. Dr. Kriel is van mening dat die probleme ten opsigte van akkulturasie ook na die aanpassingsprobleme van die swart egpaar verwys. Die ondersoek moet meer op die aanpassingsprobleme van die swart egpaar konsentreer, aangesien 'n Maatskaplikeperspektief ten opsigte van swart huwelike bestudeer word. Die akkulturasieproses is een van die oorsake van die swart egpaar se aanpassingsprobleme binne die huwelik. Dr. Kriel het 'n groot bydrae in die formulering van die titel van die ondersoek gelewer.

* Dr. H. Els van die Departement Volkekunde en Antropologie, het waardevolle inligting ten opsigte van akkulturasie aan die navorser verskaf. Besprekings ten opsigte van sy publikasie wat tydens hierdie studie gebruik is, was sinvol en insiggewend. Dr. H. Els het ook 'n groot bydrae ten opsigte van die formulering van die titel van die ondersoek gelewer.

* Prof. J. Muller van Departement Teologie het waardevolle bronverwysings verskaf. Interressante ervarings ten opsigte van huweliksberading en die

Teologiese fakulteit se kurrikulum ten opsigte van huweliksberading aan studente, is verkry.

* Mr. en mev. D. Micklewright van 'Marriage Care' in Southend-on-Sea in die Verenigde Koninkryke het tydens 'n onderhoud hul bydrae ten opsigte van huweliksvoorbereiding, -begeleiding en beraad, gelewer. Hierdie organisasie is regoor die Verenigde Koninkryke verspreid en lewer 'n welwillendheidsdiens. Hul grootste bron van inkomste is afkomstig van die Katolieke Kerk en donasies. Hul werkswyse is grotendeels gebasseer op die Egan-model en lewer diens aan verskillende paartjies met verskillende kulture. Hulle insette was baie insiggewend.

* Die navorser het ook "Relate" in Southend-on-Sea in die Verenigde Koninkryke genader. "Relate" is 'n organisasie wat verhoudingsterapie, huweliksvoorbereiding en -berading doen. Die inligting wat tydens hierdie onderhoud verkry is, was interressant, maar nie direk op die Suid-Afrikaanse swart huwelike van toepassing nie. Inligting wat verkry is, handel grotendeels oor tegnieke, teorieë en hulpmiddels vir verhoudingsterapie volgens die Westerse kultuur.

1.6.4.3 Oorsigtelike beeld van die uitvoerbaarheid van die ondersoek

Die navorser het 'n deeglike voorondersoek in verband met die uitvoerbaarheid van die navorsing gedoen. Eerstens word daar geen navorsing tans oor hierdie onderwerp gedoen nie. Die navorser het met behulp van die Akademiese Inligtingsdiens 'n soektog op die lys van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing gedoen en geen soortgelyke onderwerp gevind nie. Die gebrek aan literatuur ten opsigte van multikulturele terapie, soos reeds vermeld, benadeel die suksesvolle hulpverlening en dit moet deur die verkryging van nuwe inligting aangespreek word.

Studente Steundienste by die Universiteit van Pretoria bied 'n geskikte hulpbron vir die uitvoering van die navorsing. Die ondersoek het wetenskaplik geskied, vanweë die feit dat die proefpersone naby die kampus woonagtig is en daar streng volgens die navorsingsmetodologie gehandel is. Die navorser het die ondersoek binne 'n tydperk van twee jaar en 11 maande voltooi. Die grootste gedeelte van die ondersoek is tydens die eerste tweede jaar onderneem. Die befondsing vir die uitvoering van die ondersoek geskied deur middel van 'n SWO-beurstoekenning en 'n UP-Nagraadse beurs wat aan die navorser toegestaan is. Die begroting vir die uitvoering van die ondersoek, beloop ongeveer R20 000.

1.6.4.4 Studie van strategiese eenhede/toetsing van vraelys

Soos reeds vermeld, het Studente Steundienste 'n belangrikste rol in die werwing van respondente gespeel. Die respondente is op 'n wetenskaplike wyse met die nodige etiese toestemming van hierdie organisasie en die Departement Maatskaplike Werk gewerf. (Sien nr. 1.6.5 vir die omskrywing en die afbakening van die steekproef).

Die navorser het 'n voorlopige verkennende studie op tien swart getroude studentepare by Studente Steundienste te Universiteit van Pretoria uitgevoer. Hierdie respondente is aan die inhoud van die selfontwerpte vraelys onderwerp. Die bruikbaarheid en verstaanbaarheid van die vraelys is hierdeur getoets en gefinaliseer.

1.6.5 Die begrensing van die studie

1.6.5.1 Omskrywing van die universum

Die universum bestaan uit swart getroude studente in die akkulturasieproses aan die Universiteit van Pretoria. Die egpaar moet 'n tydperk van 1-8 jaar getroud wees.

1.6.5.2 Afbakening van die steekproef en die wyse van steekproefneming

Die navorser gebruik die nie-waarskynlikheidsteekproef vir die uitvoering van die navorsing. Grinnell en Williams (1990:125) definieer die nie-waarskynlikheidsteekproef soos volg: "In nonprobability sampling, not all the people in the population have the same probability of being inlcuded in the sample and for each one of them the probability of inclusion is unknown. This method is often used in exploratory research studies where the purpose of the study is just to collect as much data as possible."

Die tipe nie-waarskynlikheidsteekproef wat gebruik word, is die sneeubaltegniek. Grinnell en Williams (1990:126) verduidelik hierdie tipe nie-waarskynlikheidsteekproef as 'n steekproef waar 'n lid van 'n groep ander lede vir die navorsing kan betrek. Breakwell, Hammond & Fife-Schaw (1995:111) beskryf die benutting van hierdie tegniek soos volg: "Snowball techniques are particularly useful for difficult-to-get-to populations for which population listings will not be available." Eerstens is daar 'n steekproef van die respondente uit die kliëntelading van Studente Steundienste getrek en tweedens is die res van die respondente deur middel van die sneeubaltegniek genader en gewerf.

1.7 PROBLEME TYDENS DIE STUDIE ONDERVIND

Die grootste probleem wat tydens die verloop van die studie voorgekom het, was die tekort aan literatuur ten opsigte van moderne swart huwelike binne die Suid-Afrikaanse opset. Internasionale literatuur ten opsigte van swart huwelike was van groot waarde, maar tog is die Suid-Afrikaanse swart huwelike/kulture baie verskillend as ander swart huwelike in die wêreld. Van die literatuur is op die Suid-Afrikaanse swart huwelike van toepassing, maar tog het die navorser dit moeilik gevind om bruikbare literatuur te versamel.

'n Verdere probleem was die identifisering en verkryging van respondente. Die sneeubaltegniek is 'n sinvolle tegniek vir die uitvoering van hierdie ondersoek, maar die swart studente se samewerking was teleurstellend. Die navorser het probleme ten opsigte van die invordering van die vraelyste ondervind. Vraelyste van respondente wat die navorser deur 'n kontakpersoon/personeellid van die universiteit verkry het, het hul samewerking gegee. Die navorser sal daarom voorstel dat enige studie onder studente meer gekontroleerd en deur middel van personeellede aan die Universiteit van Pretoria moet plaasvind. Ten spyte hiervan het die navorser tog 'n 54 % van die vraelyste ingevorder, wat 'n goeie persentasie ten opsigte van die norm is.

Die navorser het gesukkel om ervare persone wat oor kennis ten opsigte van swart huwelike in die akkulturasieproses in Suid-Afrika beskik, te vind. Tog was die ervare persone wat die navorser wel geraadpleeg het, van groot waarde. Geen verdere probleme is tydens die studie ervaar nie.

1.8 BEGRIPSOMSKRYWING

Die volgende hoofkonsepte of definisies word beskryf: "Maatskaplike werk", "akkulturasie"; "getroud/huwelik", "student" en "Universiteit van Pretoria".

1.8.1 Maatskaplike werk

Maatskaplike werk is volgens die Woordeboek vir Maatskaplike Werk (1995:27): "'n Professionele diens wat deur 'n Maatskaplike werker gelewer word, wat gerig is op die bevordering van die maatskaplike funksionering van die mense." Maatskaplike werk bestaan uit drie primêre metodes, naamlik gevallewerk, groepwerk en gemeenskapswerk.

Hierdie drie metodes word soos volg deur Van Rooyen & Combrink (1990:69) bespreek: "Gevallewerk is toegespits op individue en gesinne - daarom ook op individue binne die gesinsisteem. Groepwerk is toegespits op die groep en maak veral gebruik van groepsdinamiese elemente as basiese uitgangspunt. Gemeenskapswerk is toegespits op gemeenskappe. Gesamentlik is die uiteindelike doelstelling van al drie primêre metodes die beter en bevredigender maatskaplike funksionering van die individu as intrapsigiese sisteem binne die sisteemnetwerk waarmee hy in interaksie verkeer."

Maatskaplike werk bied professionele hulpverlening aan kliënte met maatskaplike probleme, met die doel om die kliënt se maatskaplike funksionering, hetsy as individu, in 'n groep of binne 'n gemeenskap, te verhoog.

1.8.2 Akkulturasie

Akkulturasie is 'n proses van aanpassing aan 'n gewysigde sosiaal-kulturele omgewing van 'n besondere volk of volksegment. Coertze in Els (1992:19) definieer die akkulturasieproses soos volg: "...die proses waarvolgens die kultuurpatrone van volke (volkstamme, etniese eenhede) of segmente daarvan onderhewig is aan 'n proses van verandering ten gevolge van sistematiese en aanhoudende beïnvloeding deur die kultuur(e) van 'n ander volk (of volke) en

wat onder besondere omstandighede kan uitgroei tot 'n nuwe vergrote volkseenheid".

Akkulturasie is volgens Landrine en Klonoff (1996:104) 'n anti-rassistiese model vir die beskrywing van etniese verskille en beskryf dit soos volg: "Acculturation loosely refers to the extent (and the process through) which ethnic-cultural minorities participate in the cultural traditions, values, beliefs, assumptions, and practices of the dominant White society (acculturated), remain immersed in their own cultures (traditional), or participate in the traditions of their own culture and of the dominant White culture as well (bicultural)." Akkulturasie is dus die proses van sosiale veranderinge en aanpassings wat deur beide betrokke kulture aangebring moet word.

Die vyf gebeurtenisse wat tydens die proses van akkulturasie plaasvind, is:

* Ideë-oordrag en gedragsverandering.
* Versteuring in die persoonlikheidstruktuur van individuele kultuurdraers.
* Versteuring in die volkskorpus.
* Maatskaplike ontbinding en kultuuroorname.
* Reïntegrasie (Coertze in Els, 1992:22).

Die navorser is van mening dat akkulturasie die proses is waar een kultuur as gevolg van voordurende kontak deur 'n ander kultuur beïnvloed word. Hierdie beïnvloeding gaan met die oorname en aanvaarding van een kultuur na 'n ander kultuur gepaard, wat tot die verandering in die wêreldbeskouing, persoonlikheidstruktuur en die volkskorpus aanleiding gee.

i14612616
b14334197

1.8.3 Getroud/huwelik

Die begrippe "getroud" of "huwelik" moet tydens die ondersoek in die spesifieke sinsverband verstaan word. Die Verklarende Handwoordeboek vir Afrikaanse Taal (1994:274) definieer "getroud" as iemand wat tot 'n huwelikstaat behoort, gehuud of in die huwelik verbind is. Die Woordeboek vir Maatskaplike Werk (1995:27) definieer "huwelik" soos volg: "Kontrak gesluit tussen 'n man en 'n vrou, voor 'n huweliksbeampte aangestel kragtens wetgewing, waarin hulle ooreenkom om as egpaar saam te leef." As daar na die term "huwelik" verwys word, moet daar soos Olivier, Bekker, Olivier & Olivier (1998:68ix) na die verskil in gemeenregtelike en gewoonteregtelike/gebruiklike huwelike onderskei word.

Die term "huwelik" word soos volg uiteengesit: "'n Gemeenregtelike huwelik of 'n gebruiklike huwelik, afhanklik van die sinsverband. Gemeenregtelike huwelik is 'n kerklike of sivielregtelike huwelik gesluit ooreenkomstig gemeenregtelike en statutêre voorskrifte." Die Woordeboek vir Maatskaplike Werk (1995:18) verwys na gemeenregtelike huwelik as 'n egpaar ('n man en 'n vrou) wat in 'n verbintenis saamleef sonder 'n wetlike seremonie.

Gebruiklike/gewoonteregtelike huwelik word andersyds deur Olivier, Bekker, Olivier & Olivier (1998:68ix) gedefinieer as: "'n Huwelik wat volgens die tradisionele gewoonteregtelike gebruike tot stand gekom het, soos ook in die KwaZulu en Natalse Wetboeke omskrywe; dit het dieselfde betekenis as gebruiklike verbinding soos vroeër in die Swart Administrasie Wet, 1927 (Wet No. 38 van 1927) omskrywe." Voster (1989:165) bespreek gebruiklike verbinding as die samelewing van 'n man en 'n vrou in 'n egverhouding. Hierdie egverhouding word ooreenkomstig die swart reg gebruik. Die man en die vrou is 'n party by 'n bestaande huwelik." Gewoonregtelike huwelik word in die Woordeboek vir Maatskaplike Werk (1995:24) definieer as die verbintenis

tussen 'n man en 'n vrou volgens bepaalde tradisies en gebruike van 'n groep. Hierdie verbintenis word nie ingevolge die siviele reg aangegaan nie.

Die navorser is van mening dat die gemeenregtelike huwelksluiting tussen 'n man en 'n vrou as die Westerse of christelike gebruik gesien kan word. Die Afrika of tradisionele huwelksluiting tussen 'n man en 'n vrou, word deur die gewoonteregtelike of gebruiklike huwelik gekenmerk. Die gebruik van die terme "getroud" of "huwelik" word dus verskillend tussen die Westerse en tradisionele wêreldbeskouinge verstaan.

1.8.4 Student

Die term "student" word deur die Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (1994:1040) gedefinieer as iemand wat studeer en wat aan 'n universiteit of inrigting bo die middelbare skool ingeskryf is. Matthee in Nolte (1995:11) verklaar die Latynse woord "sudeo" (student) as iemand wat ingestel is of wat hom op studies toelê. Hy bespreek verder dat 'n student iemand is wat klasloop, studeer en 'n leergang volg in verwantskap van kennis omtrent 'n saak, wetenskap of kuns. 'n Groep studente het tydens 'n studie die volgende definisie van "'n student" omskryf (Koen, 1988:9):

"'n Student is 'n biologiese samestelling wat swot vir afwisseling en sosiaal verkeer vir 'n lewe. Hy misgis hom gedurig wat betref sy finansiële posisie. Hy besef dat swot vir hom lekker moet wees, maar is ook deeglik daarvan bewus dat hy nie vir plesier op universiteit is nie. As hy 'n hond was kon ons hom as 'n opregte sypaadjiebrak gedefinieer het - so iets van alles!"

Die navorser is van mening dat die student iemand is wat sy ouerhuis verlaat (of vanuit sy ouerhuis) ten einde verdere opleiding in 'n bepaalde gekose studierigting aan 'n universiteit of tersiêre inrigting onderneem.

1.8.5 Universiteit van Pretoria

Die term "universiteit" word beskryf as 'n inrigting vir gevorderde studie en navorsing in die kunste en wetenskappe, wat gemagtig is om akademiese grade te verleen (Verklarende Handwoordeboek vir die Afrikaanse Taal, 1994:1138). Die "Universiteit van Pretoria" word deur Nolte (1995:11) beskyf as 'n sodanige inrigting geleë binne die stadsgebied van Pretoria. Die studente is egter verteenwoordigend van die hele RSA.

Die navorser definieer universiteit as 'n tersiêre inrigting waar die gekwalifiseerde matrikulant met universiteitsvrystelling in 'n bepaalde studierigting, wat deur die betrokke universiteit aangebied word, kan bestudeer en 'n graad verwerf. Die Universiteit van Pretoria is 'n soortgelyke tersiêre inrigting waarvan die studente, hetsy voltyds of deeltyds, verteenwoordigend van die hele RSA en verskeie internasionale Afrika lande is.

1.9 INDELING VAN DIE NAVORSINGSVERSLAG

Hoofstuk 1: Algemene Inleiding

Die beskrywing van die wyse waarop die navorsing plaasgevind het.

Hoofstuk 2: Die kenmerke van akkulturasie onder die swart studente aan die Universiteit van Pretoria.

Die bestudering van die invloed van die akkulturasieproses op die swart student en die aanpassingsprobleme wat daarmee gepaard gaan.

Hoofstuk 3: Die kenmerke van swart getroude studente aan die Universiteit van Pretoria

HOOFSTUK 2

DIE KENMERKE VAN AKKULTURASIE ONDER SWART STUDENTE

2.1 INLEIDING

"We are living in an age of diversity". (Locke, 1992:xi) Toenemende belangstelling in kulturele navorsing vind plaas. Een van die redes vir hierdie toenemende belangstelling en bewuswording word deur Oscar Handlin in Sowell (1994:i) bespreek: "... men are not blank tablets on which the environment inscribes a culture which can readily be erased to make way for a new inscription". Geen kulturele invloed kan uitgewis word nie, maar kan mekaar wel beïnvloed. Individue of groepe van verskillende kulture kom met mekaar in kontak, neem sekere gebruike of gewoontes van die "vreemde" kultuur aan òf verwerp dit. Hierdie proses van kontakmaking tussen twee of meer kulture word deur Els (1992:19) as "akkulturasie" gedefinieer.

Akkulturasie is 'n proses van kultuuroorname of -oordrag van die kultuurpatrone van volke of segmente wat na aanleiding van aanhoudende beïnvloeding van 'n ander kultuur, verander. Hierdie verandering kan tot die ontwikkeling van 'n nuwe vergrote volkseenheid aanleiding gee.

Hierdie bewuswording van kultuurverandering en -beïnvloeding wat tot die vorming van 'n groep met 'n nuwe generasie aanleiding gee, word deur Kimathi (1994:2) as die "elite" verwys. Die term "elite" word deur die Webster's new Thrid International Dictionary (1986:736) gedefinieer as: "choice, superior, select cream of the society". Vorige studies toon dat die "elite" 'n jong generasie is met ouers wat die plattelandse tradisionele generasie aanhang (Kimathi, 1994:8). Die bespreking word verder deur Nbiti in Kimathi (1994:8) aangevoer wat die volgende oor die vervreemding van die groep se eie kultuur vermeld: "Very high affinity for Western, European and American value systems and

standards which define personal goals and achievement norms. To this extent, they are alienated from their parental culture, and often use double standards and experience extreme cognitive dissonance".

Akkulturasie, soos reeds vermeld, gaan enersyds met gedeeltelike vervreemding van die individu se eie kultuur en gewoontes, en andersyds met die aanvaarding van 'n ander kultuur se gewoontes gepaard. Akkulturasie is volgens Marais (1983:2) een van die mees komplekse verskynsels onder die mensdom. Akkulturasie verwys, vir die doel van hierdie studie, na twee tipes gemeenskappe en kulture, naamlik die Westerse- en die Afrikakultuur. Die akkulturasieproses waarna deurgaans verwys word, vind by die swart getroude student met 'n Afrikakultuur onder die invloed van die Westerse kultuur plaas (Van Niekerk, 1987:21). Die kompleksiteit van hierdie proses en die maatskaplike invloed op die individu, egpaar en gemeenskap word deurgaans bespreek.

Met die geïntegreerde benadering in Maatskaplike werk kan hierdie kompleksiteit van die akkulturasieproses vanuit verwante vakdissiplines bestudeer en verwerk word om by die maatskaplikewerkpraktyk aansluiting te vind. Eers dan kan die kennis volgens Van Rooyen & Combrink (1990:35) in die kennisbasis van die maatskaplike werk ingesluit word. McLeod & Dominelli (1982:12) meld dat hierdie benadering aan die navorser of maatskaplike werker 'n sistematiese basis beloof om die teorie met intervensies te integreer en saam te voeg. Die kliënt, groepe of gemeenskap het elk 'n eie benadering wat volgens eiesoortige behoeftes benut moet word om die probleem aan te spreek. In hierdie hoofstuk word daar aan die akkulturasieproses en die invloed wat dit op die swart student se maatskaplike funksionering het, aandag gegee. Hierdie kennis tesame met die kennis vanuit die empiriese verwerking kan volgens vorige bespreking in Hoofstuk 1, by die kennisbasis van maatskaplike werk ingeweef word om sodoende ten opsigte van die geïntegreerde

benaderingsmodel aanbevelings vir verdere studie en hulpverlening te maak. In hierdie hoofstuk word daar eerstens aan die akkulturasieproses en daarna die impak en psigiese gevolge van hierdie proses op die swart student se maatskaplike fuksionering aandag gegee. Akkulturasie is 'n afleiding van die stam "kultuur" en daarom word daar eerstens na die begrip "kultuur" verwys.

2.2 DIE BEGRIPPE KULTUUR EN ETNOS

Die verspreiding en verandering van kultuur het deur die jare tot 'n verskeidenheid van uiteenlopende filosofiese uitgangspunte en denkrigtings rondom die onderwerp aanleiding gegee. Teoreties-filosofiese grondslae van hierdie vakgebied word oor die wêreld heen nie op dieselfde wyse geïnterpreteer nie. Matsumoto (1994:xv) is van mening dat kultuur en kulturele diversiteit nuwe aandag by universiteite en kolleges in Amerika geniet en vermeld in die verband: "Many psychology departments are struggling to find ways to infuse their curricula with resources on culture and with faculty who are knowledgeable about diversity and who can meet the challenges of our changing world".

Kultuur is nie 'n ras of nationaliteit nie, maar volgens Ong in Gobodo (1990:94): "...a set of symbols and meanings in terms of which individuals orientated themselves to each other and to the world". Pedersen en Ivey (1993:7) meen kultuur is ons gedrag, taal en reëls wat binne die kulturele konteks by ander aangeleer word. Kultuur word deur Coertze in Els (1992:4) as 'n algemene menslike verskynsel gesien wat deur die mense tot stand gebring word. Kultuur is 'n voortbrengsel en lewensuitdrukking van soveel verskillende etnieë wat deur mense verander word. Kultuur word laastens deur die Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (1994:385) soos volg gedefinieer: "Kompleks van menslike gebruike wat van geslag tot geslag selektief oorgedra

en bestendig word, veral die verdeling of verfyning deur die mens van sy omgewing en homself, en die skeppings wat daaruit voortvloei ..".

Die navorser is van mening dat kultuur deel van die mens se totale bestaan is. Kultuur word binne groepsverband aangeleer en van geslag tot geslag deur die groep se lewens- en wêreldbeskouing oorgedra. Hierdie lewens- en wêreldbeskouing dui op die wyse waarvolgens die mens homself uitdruk, dinge ervaar, interpreteer en daarop reageer. Dit is daarom belangrik om die mens in sy totaliteit, binne sy kulturele verwysingsraamwerk te bestudeer.

Om die mens se kulturele verwysingsraamwerk te verstaan, moet daar na sy/haar sosiaal-organiese verbande gekyk word. Sosiaal-organiese verbande dui volgens Els (1992:5) op die geïntegreerdheid en die onderlinge interafhanklikheid van lede in sosiale verband. Wilson & Stith (1991:36) beklemtoon die belangrikheid van die swart gesin se sosiale ondersteuningstelsels en definieer dit soos volg: "... a set of personal contacts through which the individual maintains his (or her) social identity and receives emotional support, material aid and services, information and new social contact". Die mens is nie geskape om alleen te funksioneer nie, en daarom stem die navorser met die bogenoemde stellings saam. Die mens kan alleenlik deur ondersteuning en die hulp van ander tot volle potensiaal ontwikkel en daarom vorm "kultuur" 'n belangrike fasset binne hierdie ondersteuningsraamwerk in die mens se ontwikkeling.

Die navorser is van mening dat die afbreking of verval van hierdie sosiale ondersteuningstelsel, tot emosionele ontwrigting aanleiding kan gee. Els (1992:5) beweer dat die mens wel in staat is om binne hierdie sosiaal-organiese verbande, aktief by wisselende fisiese en psigiese omgewings kan aanpas. Indien die sosiaal-organiese verbande of sosiale ondersteuningstelsels verander of verval, moet dit met gunstige nuwe verbande of stelsels vervang word. Die

verskillende sosiaal-organiese verbande en ondersteuningstelsels stel die individu in staat om sy eie unieke kultuur te skep. Hierdie verbande staan as "etnieë" bekend (Els, 1992:5). Etnieë is van die Griekse woord "etnos", wat "volk" beteken, afgelei. "Etnos" en "etniese groepe" word soos volg deur die verskillende outeurs gedefinieer:

2.2.1 "...'n selfstandige en selfgenoegsame, menslike, sosiale eenheid, wat nie in ad hoc georganiseer is nie" (Coertze in Els, 1992:6);

2.2.2 "... group that is socially constructed on the basis of cultural differences". (Van den Bergh in Landrine & Klonoff, 1996:106);

2.2.3 "'n samestelling van mense wat deur hul voorvaders saamgevoeg is" (Hunt & Walker, 1974:3);

2.2.4 "set off by race, religion or national origin, or some combination of these categories". (Gordon in Hunt & Walker, 1974:3).

Uit die bogenoemde definiëring van "etnos" kan die term soos volg saamgevat word: 'n Etnos bestaan uit 'n groep mense wat van generasie tot generasie saamgevoeg is (dus hoofsaaklik familie van mekaar), en dieselfde lewens- en wêreldbeskouing nastreef. 'n Etniese groep word nie noodwendig op grond van ras, godsdiens, oorsprong of herkoms geklassifiseer nie, maar ontstaan deur 'n groeiproses van mense van albei geslagte en alle ouderdomme wat:

* oor geslagte heen in 'n bepaalde gebied lewensaksies gedeel het;
* hul eie kultuurpatrone ('n eenheidslewensgestalte) tot stand gebring het;
* hulleself as 'n afsonderlike sosiale eenheid beskou; en
* deur ander ook so geken word (Els, 1992:6).

Aan die hand van die bogenoemde bespreking ten opsigte van sosiale ondersteuningstelsels en sosiaal-organiese verbande, meen die navorser dat kultuur 'n noodsaaklike rol in die stabiliteit van die mens se ontwikkeling speel. Die individu vind binne sy/haar kultuurgroep sosiale ondersteuning, identiteit en vorm deel van 'n eenheid wat 'n gevoel van "ek behoort" verseker. Soos reeds vermeld moet hierdie sosiale ondersteuningstelsel en sosiaal-organiese verbande vervang word as die bekende verval of verander. Laasgenoemde bevestig die aanpasbaarheid van die mens wat noodsaaklik is binne die veranderende Suid-Afrika. Die vraag bly staan of hierdie veranderinge 'n wenslike invloed op die individu, huwelik- en gesinsfunksionering in die swart gemeenskap het? Om antwoorde op hierdie vraag te verkry, moet verdere bestudering in "kultuur" voortgesit word.

2.3 KULTURELE UNIVERSALIA

Die verskillende etnieë beskik elkeen oor 'n eie en unieke kultuurpatroon en die belangrikheid hiervan moet binne die konteks van die studie erken word. Binne hierdie unieke geheel van die kultuurpatroon van elke etnos, word daar sestien onderafdelings, universeel by alle kulture, onderskei. Coertze in Els (1992:7) definieer laasgenoemde aspek as kulturele universalia. Die sestien kulturele universalia is:

2.3.1 'n waarde stelsel;
2.3.2 'n sosiale stelsel;
2.3.3 'n politieke stelsel;
2.3.4 'n juridiese stelsel;
2.3.5 'n judisiële stelsel;
2.3.6 'n religieuse stelsel;
2.3.7 'n voortplantingstelsel;
2.3.8 'n tegnologiese stelsel;
2.3.9 'n ekonomiese stelsel;

2.3.10 'n eie taal;

2.3.11 'n opvoedkundige stelsel;

2.3.12 'n militêre stelsel;

2.3.13 'n eie filosofie;

2.3.14 'n gesondheidstelsel;

2.3.15 'n stelsel van spelbeoefening en ontspanning; en

2.3.16 'n stelsel van kunsbeoefening.

Hierdie kulturele universalia word deur Marais (1983:14) as die kreatiwiteit van kultuur beskryf en noem net tien van die sestien universalia van Els. Daar bestaan vyf terreine waarbinne hierdie kulturele universalia van die mens in totaliteit gesien word, naamlik die politiese, ekonomiese, geestelike, opvoedkundige en die maatskaplike stelsel (Strydom, 1995:123). Die navorser stem saam met die outeur, maar beklemtoon die vyf oorkoepelende wesenshoedanighede waarbinne hierdie vyf terreine bestudeer kan word. Hierdie vyf oorkoepelende wesenshoedanighede bestudeer, volgens Els (1992:7) die werking van die mens en sy kultuur in die biologiese-, sosiale-, intellektuele-, geestes- en emosionele strukture. Laasgenoemde word vervolgens deur middel van die funksie en waarde van kultuur vir die mens bespreek:

2.4 DIE FUNKSIE EN WAARDE VAN KULTUUR

Die basiese behoeftes van die mens word deur kultuur bepaal (Marais,1983:26). Kultuur speel daarom 'n belangrike rol in die individu, groep en gemeenskap se totale funksionering en word deur die vyf wesenshoedanighede omskryf. Vervolgens integreer die navorser die vyf wesenshoedanighede van Els (1992:9) met die funksie van kultuur deur Marais (1983:26) om sodoende die belangrikheid van kultuur te identifiseer. Kultuur:

2.4.1 verskaf lewensnoodsaaklike goedere om dienste te produseer en te versprei (intellektuele wesenshoedanigheid);

2.4.2 dra tot die behoorlike opvoeding van volwassenes by (intellektuele, geestelike en emosionele wesenshoedanigheid);

2.4.3 skep orde tussen sy lede en vorm 'n eenheid (emosionele en intellektuele wesenshoedanigheid);

2.4.4 sorg vir die voortplanting en biologiese kontinuïteit van die individu en die groep (biologiese wesenshoedanigheid);

2.4.5 motiveer sy lede tot oorlewing (geestelike en biologiese wesens-hoedanigheid).

Kultuur bied volgens Els (1992:5) aan die individu 'n wêreldbeskouing en lewenswyse wat die mens in staat stel om binne sy/haar sosiaal-organiese verbande, in 'n fisiese- en psigiese omgewing te oorleef. Kuykendall (1992:1) bevestig laasgenoemde en vermeld in die verband: "We are all products of our own cultures. We see people and things in the way we were conducted to see them". Na aanleiding hiervan verskaf kultuur aan die individu 'n gevoel van "ek behoort", wat tot 'n gevoel van sekuriteit en ondersteuning aanleiding gee (Marais, 1983:15). Soos reeds vermeld is die individu nie geskape om alleen nie, maar wel binne 'n gemeenskap en samelewing te funksioneer.

Kultuur bied aan die individu 'n identiteit en 'n selfbeeld (Kuykendall, 1992:19). Die jeug vorm hul selfbeeld deur middel van hul denke en die invloed van belangrike persone/volwassenes in hul lewens. Berry & Asamen (1989:71) beklemtoon laasgenoemde deur na die belangrikheid van etniese identiteit te verwys: "Racial awareness is part of the human process of establishing self-identity". Kultuur dra enersyds tot die ontwikkeling van selfidentiteit by, terwyl selfidentiteit anersyds tot die ontwikkeling van lewensvaardighede om te oorleef, bydra.

Oorlewing is een van die belangrikste behoeftes van die mens en daarom is die aanleer van sekere lewensvaardighede van groot belang. Kuykendall (1992:111) vermeld: "Nothing in the world helps a man to keep healthy so much as the knowledge of a life task". Kultuur maak voorsiening vir alles wat die mens het, dink en doen, en kan op grond hiervan 'n sinvolle bestaan voer (Marais 1983:17).

Laasgenoemde toon dat die mens onbewustelik van kultuur afhanklik is. Die mens is die produk van sy eie kultuur. Die gesin bied 'n sosiale ondersteuningstelsel wat tot die vorming van die individu se kultuur bydra. Wilson & Stith (1991:36) bespreek die waarde van kultuur deur na die rol van swart gesinne op die individu, te verwys: "The family give a set of personal contacts through which the individual maintains his (or her) social identity and receives emotional supports, material aid and services, information and new social contacts".

Die waarde van kultuur word kortliks deur Marais (1983:15) bespreek en weereens integreer die navorser dit met Els (1992:9) se wesenshoedanighede:

2.4.6 Kuns skep 'n wyse van positiewe uitdrukking van die mens se estetiese belange (intellektuele wesenshoedanigheid).

2.4.7 Die voortsetting van die groep word deur middel van die sosiale organisasie en opvoeding verseker (sosiale en intellektuele wesenshoedanighede).

2.4.8 Die mens vind sekuriteit in godsdiens (geestelike wesenshoedanigheid).

2.4.9 Die tegnologie en ekonomie voorsien in die psigologiese behoeftes van die mens (geestelike en intellektuele wesenshoedanighede).

2.4.10 die politieke struktuur verseker 'n ordelike en behoorlike lewe vir elke lid in die samelewing (sosiale en emosionele wesenshoedanighede).

2.4.11 Die mens leer sy natuurlike taal binne sy kulturele raamwerk aan (intellektuele en sosiale wesenshoedanighede).

Uit die bogenoemde blyk dit dat die funksie en waarde van kultuur hoofsaaklik deur Coertze in Els (1992:9) se kulturele universalia en wesenshoedanighede omskryf word. 'n Individu dink, redeneer, funksioneer en reageer as totale mens binne hierdie sestien kulturele universalia. Soos reeds vermeld dra die kulturele universalia tot die ontwikkeling van die mens se identiteit en selfbeeld by. Hierdie identiteit en selfbeeld kom in sy gedrag as individu, as huweliksmaat en as lid van die gemeenskap na vore. (In Hoofstuk 3 word hierdie aspek verder bespreek).

Die ontwikkeling van die individu en gemeenskap binne hulle kulturele universalia gaan met verandering en aanpassing gepaard. 'n Paradoksale siening ten opsigte van kultuur, is dat die universele patroon 'n statiese verskynsel impliseer en dus nie verander nie (Marais, 1983:14). Kultuur is volgens Fiedl in Els (1992:10) voortdurend aan verandering onderhewig. Die navorser ondersteun Fiedl in sy standpunt aangesien die omstandighede waarin die individu ontwikkel, verander en hy/sy voortdurend saam met sy kulturele universalia daarby moet aanpas.

2.5 ETNOGENESE OF KULTUURVERANDERING

Die verandering van 'n kultuur kan uit eie beweging (inherente vernuwende insette), of deur eksterne beïnvloeding deur middel van kontak met ander kulture plaasvind. Die nastrewing en behoud van harmonie en geluk word volgens Marais (1983:23) beskou as 'n verdere faktor wat tot kultuurverandering aanleiding gee. Die samestellingswyse van die verskillende aspekte vind tydens hierdie kultuurverandering plaas. Coertze in Els (1992:11) beskryf kultuurverandering as "etnogenese", en definieer dit as: "...die ontstaan, wording en lewensgang van etnieë, soos dit in tyd, selfs vandag nog, gedurig plaasvind".

Verandering vind na gelang van die wedersydse interaksie op individuele, sosiale en kulturele vlak plaas (Marais, 1983:33). Hierdie etnogenese of kultuurverandering word deur Coertze in Els (1992:13) in "mono-etnogenese" en "hetero-etnogenese" verdeel:

2.5.1 Mono-etnogenese: Afstamming en vertakking en die oorgang van een etnos in 'n ander.

2.5.2 Hetero-etnogenese: Kultuurverandering deur middel van wedersydse kultuuroordrag en beïnvloeding.

Hierdie verandering vind nie oornag plaas nie, maar wel deur 'n langdurige proses van kontakmaking, oordrag, aanvaarding of verwerping tot die uiteindelike verandering en ontwikkeling van 'n nuwe kultuur. Om die invloed van hierdie veranderingsproses op die individu te verstaan, word daar vervolgens na die proses van akkulturasie gekyk.

2.6 DIE PROSES VAN AKKULTURASIE

Die term " akkulturasie" geniet volgens Landrine & Klonoff (1994:104) meer aandag en beloof om 'n bydrae in 'n anti-rassistiese model vir die beskrywing van etniese verskille te lewer. Van Niekerk (1987:21) is van mening dat akkulturasie na die kontak en beïnvloeding van twee tipes gemeenskappe of kulture, naamlik die Westerse- en die Afrikakultuur, verwys.

Die proses 'akkulturasie' word deur Coertze in Els (1992:19) gedefinieer as: "...die proses waarvolgens die kultuurpatrone van volke (volkstamme, etniese eenhede) of segmente daarvan onderhewig is aan 'n proses van verandering ten gevolge van sistematiese en aanhoudende beïnvloeding deur die kultuur(e) van 'n ander volk (of volke) en wat onder besondere omstandighede kan uitgroei tot 'n nuwe vergrote volkseenheid". Akkulturasie is dus 'n proses van aanpassing by 'n gewysigde sosiaal-kulturele omgewing van 'n besondere volk of

volksegment. Young, Ekeler, Sawyer & Prichard (1994:504) vermeld dat akkulturasie oor die aanneming van die dominante kultuur deur die etniese minderheidsgroep na die voortdurende kontak tussen beide kulture of groepe, handel.

Akkulturasie word deur Landrine & Klonoff (1996:104) soos volg beskryf: "Acculturation loosely refers to the extent to (and the process through) which ethnic-cultural minorities participate in the cultural traditions, values, beliefs, assumptions, and practices of the dominant White society (acculturated), remain immersed in their own cultures (traditional), or participate in the traditions of their own culture and of the dominant White culture as well (bicultural)". Woods (1975:28) is van mening dat hierdie proses met die totale herorganisering en aanpassing van beide kulture of groepe in 'n kort tydperk gepaard gaan.

Die navorser is van mening dat akkulturasie die proses is waar een kultuur met voordurende kontak deur 'n ander kultuur beïnvloed word. Hierdie beïnvloeding gaan met die oorname en aanvaarding van die dominante kultuur na 'n ander nuwe kultuur gepaard, wat tot die verandering in die wêreldbeskouing, persoonlikheidstuktuur en die volkskorpus van die betrokke kultuurgroepe aanleiding gee.

Soos reeds vermeld vind vyf gebeurtenisse tydens hierdie proses plaas en word soos volg deur Coertze in (Els, 1992:22) uiteengesit:

* Ideë-oordrag en gedragsverandering.
* Versteuring in die persoonlikheidstrukture van individuele kultuurdraers.
* Versteuring in die volkskorpus.
* Maatskaplike ontbinding en kultuuroorname.
* Reïntegrasie.

Hierdie gebeurtenisse vind volgens Els (1992:23) in drie fases tydens die proses van akkulturasie plaas, naamlik:

FASE 1: Kontakfase
Ideë-oordrag en gedragsverandering

FASE 2: Botsingsfase
Versteuring in die persoonlikheidstrukture van individuele kultuurdraers.
Versteuring in die volkskorps.
Maatskaplike ontbinding en kultuuroorname.

FASE 3: Herstrukturering
Enkelvoudige herstrukturering (oorgang van een etnos na 'n ander)
Gekompliseerde herstrukturering (wedersydse kultuuroordrag en - verandering)

Die navorser is van mening dat hierdie gebeurtenisse wat tydens die drie fases plaasvind, 'n aaneenlopende proses is. Die proses beïnvloed eerstens die individu, tweedens die gesin en laastens die gemeenskap. Vir die doeleindes van hierdie studie word daar nie 'n intensiewe studie van hierdie gebeurtenisse en prosesse gemaak nie. Daar word meer op die globale invloed wat die proses op die individu as student en egpaar het, gekonsentreer.

2.7 DIE INVLOED VAN AKKULTURASIE OP DIE SWART STUDENT

Sedert die negentigerjare het die aantal swart studente aan blanke Suid-Afrikaanse universiteite drasties toegeneem. Hierdie verskynsel kan aan die toename in demokrasie, die afstelling van rassisme, die klem op gelyke regte en hoër akademiese kwalifikasies onder die swart bevolking toegeskryf word.

Hierdie toename in swart studente aan blanke universiteite is nie 'n vreemde verskynsel nie, aangesien dit in die laat sestiger- en vroeë sewentigerjare in Amerika plaasgevind het (Young, Ekeler, Sawyer & Prichard, 1994:504).

Die Amerikaners het hierdie verskynsel begin bestudeer en gevind dat die toename in swart studente aan blanke universiteite tot kulturele en sosiologiese veranderinge in die land aanleiding gee (Young, Ekeler, Sawyer & Prichard, 1994:504). Hierdie veranderinge beïnvloed die betrokke individu (swart student) se sielkundige en maatskaplike funksionering, aangesien kultuur 'n belangrike rol in die individu se lewe speel (Kuykendall, 1992:19).
Teoreties is die kulturele invloed op 'n individu 'n belangrike aspek in die bepaling van lewenspatrone, intrapsigiese ontwikkeling, waardesisteem en oorlewingsmeganismes (Grayson & Cauley, 1989:298). Hierdie kulturele invloed op die individu binne verskillende etniese en kulturele wêreldbeskouinge, bied 'n groot uitdaging vir sielkundiges of beraders aan universiteite. Die kompleksiteit van etniese groepe en kultuur gaan met 'n groot aantal verskille binne een etniese groep en selfs verskille tussen individue binne dieselfde etniese groep gepaard (Young,.Ekeler, Sawyer & Prichard, 1994:504).

Die bogenoemde verskynsel het in Suid-Afrika posgevat en daarom neem inheemse navorsing ten opsigte van multikulturele opvoedkundige aangeleenthede toe. Dickstein (1991:471) bespreek die faktore wat tot die ontwikkeling van verdere navorsing aanleiding gee: "Ongoing major changes in the student population clearly affect the interpersonal problems brought to university mental health services and counseling centers".

Na aanleiding van die bogenoemde word die swart student aan die Universiteit van Pretoria deur die akkulturasieproses beïnvloed. Vervolgens word daar eerstens na die algemene kenmerke van 'n student in die adolessensie en vroeë volwasse fase verwys. Tweedens word daar na die bemeestering van die

lewenstake van die student gekyk en laastens die probleme en gevolge wat die student in die oorgangs- en veranderingsproses (akkulturasieproses) ervaar.

2.8 DIE KENMERKE EN EIENSKAPPE VAN DIE STUDENT

2.8.1 Die student in die laat-adolessensie of vroeë volwasse lewensfase

Die term "student" word deur die Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (1994:1040) gedefinieer as iemand wat studeer en wat aan 'n universiteit of inrigting bo die middelbare skool ingeskryf is. Die navorser is van mening dat die student iemand is wat sy ouerhuis verlaat (of vanuit sy ouerhuis) ten einde verdere opleiding in 'n bepaalde gekose studierigting aan 'n universiteit of tersiêre inrigting te onderneem. Die meerderheid van studente aan tersiêre inrigtings bevind hulself in die laat-adolessensie en vroeë volwasse lewensfase. Die laat adolessensie fase strek van ongeveer 18 tot 21 jaar, terwyl die vroeë volwasse lewensfase na ongeveer 20 tot 40 jaar verwys (Gerdes, 1988:34). Krampitz in Beck, Rawlins & Williams (1988:809) identifiseer die ouderdom van die vroeë volwasse lewensfase tussen 25 en 44 jaar. Vir die doeleindes van hierdie studie word daar na die swart student in die laat-adolessensie en vroeë volwasse lewensfase tussen 18 en 44 jaar verwys. Vervolgens word die kenmerke van die laat adolessensie en vroeë volwasse lewensfase bestudeer.

Die kenmerke van die laat adolessensie en vroeë volwasse lewensfase word kortliks soos volg deur Gerdes (1988:34) uiteengesit:

* Meer realistiese doelwitstelling en gedrag wat met eksperimentering en 'n toenemende bewustheid van meer dinge in die wêreld gepaard gaan.
* 'n Toename in doeltreffendheid en lewenservaring wat deur toenemende begrip vir formele en informele sosiale en politieke stelsels aangeleer word.

* Die beklemtoning van persoonlike verantwoordelikhede waar die vroeë volwassene meer doelgerig en met 'n spesifieke fokus funksioneer.
* Sosiale en kulturele verwagtinge word as deel van die individu se waardesisteem geïnternaliseer.
* 'n Tydperk van toewyding aan doelwitte en verhoudings wat vir toekomstige ontwikkeling, rolle en lewenstyl noodsaaklik is.

Die adolessent of vroeë volwassene moet ook sekere ontwikkelingstake, eie aan die lewensfase waarin hy/sy verkeer, verrig. Hierdie ontwikkelingstake sentreer rondom die sosiale verwagtings wat die gemeenskap van die individu verwag, naamlik:

* identiteitsvorming;
* die aanleer van sosiale vaardighede en die vorming van meer volwasse verhoudings met beide geslagte;
* die keuse van 'n huweliksmaat;
* die aanpassing by die huweliksmaat;
* met 'n gesin te begin en die rol van ouerskap aan te neem;
* die vervulling van die manlike en vroulike rolle;
* die voorbereiding vir 'n loopbaan en finansiële selfstandigheid;
* aanvaar verantwoordelikhede;
* vestig sosiale netwerke en ondersteuningstelsels.
  (Beck, Rawlins, & Williams, 1988:35)

Hierdie ontwikkelingstake of lewenstake word deur Gerdes (1988:343) in vier hoofkategorieë geplaas, naamlik take met betrekking op die 'self', die gesin, werk en vryetydsbesteding, en laastens die gemeenskap. Die navorser is van mening dat die student hierdie lewenstake asook die take en verwagtinge van die studentelewe moet verrig. Erickson in Nolte (1995:43) beklemtoon laasgenoemde en vermeld: "In the process of finding themselves, adolescents must establish a sexual, moral, political and vocational identity that is relatively

stable, consistent and mature. This identity ushers in adulthood as it bridges the gap between the experiences of childhood and the personal goals, values and decisions that permit each young person to take his or her place in society".

Die jong volwassene is in 'n komplekse ontwikkelingsfase, aangesien hierdie fase deur snelle veranderinge gekenmerk word. Krampitz in Beck, Rawlins & Williams (1988:809) is van mening dat die vroeë volwassene aan veranderinge ten opsigte van die psigologiese "self", liggaam, geloofsisteem, waardes, verwagtinge, en 'n wye verskeidenheid van omgewingsfaktore onderhewig is. Hierdie aanpassing by die veranderinge vereis spoedige assimilasie en aanpassing. Die navorser is van mening dat suksesvolle aanpassing by die veranderende omstandighede, die suksesvolle aanpassing by toekomstige uitdagings, probleme of omstandighede beïnvloed. Krampitz in Beck, Rawlins & Williams (1988:809) beklemtoon laasgenoemde en vermeld waarom suksesvolle aanpassing noodsaaklik is: "...crucial in later coping behaviors and the individual's success as student, professional, spouse, and parent".

2.8.2 Probleme wat die swart student in die akkulturasieproses ervaar

Die graad van aanpassing van die studente by die hoofstroom Westerse kultuur teenoor hul eie kultuur van oorsprong, is volgens Grayson & Cauley (1989:299) 'n bepalende faktor ten opsigte van die student se hantering en reaksie op opvoedkundige, intellektuele, sosiale en persoonlike vlak. Die swart student ervaar sekere aanpassingsprobleme by 'n Westerse/blanke universiteit. Daar is vier tipes aanpassingsprobleme wat grotendeels met 'n hoë psigologiese spanningsvlak geassosieer word (Gibbs in Berry & Asamen, 1989:201). Die vier tipes aanpassingsprobleme sien soos volg daarna uit:

* Assimilasie, naamlik om as nuweling in 'n (dominante) gemeenskap opgeneem of geabsorbeer te word.

* Onttrekking wat gekenmerk word deur: "apathy, depression, feelings of hopelessness, alienation, and depersonalization, culminating in the student's wish to avoid contact with the conflict-producing situation". (Sebata,1997:19)
* Skeiding wat deur woede, vyandigheid, interpersoonlike konflik in verhoudings, verwerping van blanke verhoudings, veragting van middelklas waardes en gedragspatrone, aktiewe protes teen blanke instellings en gewoontes gekenmerk word.
* Versekering, wat deur selfaanvaarding, positiewe etniese identiteit, hiperaktiwiteit, hoë vlak van motivering en selfaktualiserende gedrag gekenmerk word.

Na aanleiding van hierdie vier tipes aanpassingsprobleme word die proses verder bestudeer. Erickson in Young, Ekeler, Sawyer & Prichard (1994:505) sluit aan by Nolte(1995:44) wat meld dat suksesvolle konflikhantering en aanpassing by veranderende omstandighede tot die ontwikkeling van 'n onafhanklike, effektiewe volwassene aanleiding gee. Die onsuksesvolle konflikhantering en aanpassing by veranderinge gee tot verwarring, minderwaardigheid en twyfel ten opsigte van sy/haar eie volwasse identiteit aanleiding (Young, Ekeler, Sawyer and Prichard, 1994:505).

Hierdie konflikhantering word deur Grayson & Cauley (1989:299) verwys as "cultural conflict" en definieer dit soos volg: "In contrast, those who experience powerful and disconcordance between two sets of cultural values often experience powerful and debilitating stress". The Penguin Dictionary of Psychology (1985:178) verwys na "culture shock" wat met kultuurkonflik of – skok gepaard gaan. 'n Individu ervaar emosionele ontwrigting as hy/sy 'n onbepaalde tydperk in 'n samelewing, verskillend van hul eie, woonagtig is. Kultuurskok word verder bespreek: "The typical manifestations are a sense of bewilderment and a feeling of strangeness which may last for a considerable

length of time depending on the individual and the disparateness of the new culture from the familiar original one".

Kulturele verskille is volgens Garyson & Cauley (1989:299) in verskillende wêreldbeskouinge gegrond. Die term "wêreldbeskouing" word deur Sue & Sue (1990:37) gedefinieer as die wyse waarop 'n persoon hom/haarself in verhouding tot die wêreld (die natuur, organisasies en ander persone) sien. Wêreldbeskouing hou met 'n persoon se kulturele opvoeding en lewenservaring verband. Die navorser is van mening dat wêreldbeskouing nie alleen oor 'n individu se waardes, gevoelens, houdings en konsep van die wêreld handel nie, maar ook oor wat hy/sy dink en besluit. Wêreldbeskouing gaan met kulturele verskille gepaard en dit is die konsep van die interafhanklikheid tussen die brein en die liggaam, tussen ouers en kinders, tussen buurman en buurman (Grayson & Cauley, 1989:299). Kulturele verskille kom ook in modes en klerestyl, kossoorte, sport, vermaaklikheid en teenoorgestelde verhoudings voor.

As gevolg van al hierdie verskille tussen die kulture, voel die swart student dikwels tussen twee pole verskeur. Behou die swart studente hul eie kultuur, voel hulle van die hoofstroom uitgesluit, terwyl diè wat aanpas en verander volgens die hoofstroom, skuldgevoelens ontwikkel (Grayson & Cauley, 1989:299). Laasgenoemde voel alleen, wortelloos en ervaar die teenoorgestelde gevoelens as familie en vriende (Grayson & Cauley, 1989:299). Na aanleidig hiervan ervaar die swart student kulturele skok op intrapsigiese en interpersoolike vlak.

Kultuurskok gaan volgens Tripp-Reimer & Lively in Beck, Rawlins & Williams (1988:192) met die volgende probleme of aanpassings gepaard:

* Die benutting van energie om by die nuwe taal, ongewone gebruike en die nastreef en volg van nuwe gesagsreëls aan te pas.

* Die gevoel van verlorenheid en ervaring van verlies ten opsigte van die bekende en hul manier van opvoeding.
* Die gevoel van verwerping as nuweling deur die Westerse opset, wat met ongemak, angs en afkeuring gepaard gaan.
* Die verwarring van hul eie rolle, waardes en gevoelens.
* Die ontwikkeling van 'n gevoel van hulpeloosheid in die proses van verandering en aanpassing.

Die navorsing kon die laasgenoemde aanpassingsprobleme tydens praktiese ervaring met die swart studente identifiseer. Soos reeds vermeld, gee hierdie aanpassingsprobleme tot psigiese probleme aanleiding wat later bespreek word. Vorige navorsing toon dat swart studente tussen die ouderdom 19 tot 35 jaar die grootste risikogroep ten opsigte van die suksesvolle aanpassing by die akkulturasieproses is (Tripp-Reimer & Lively in Beck, Rawlins & Williams, 1988:192). Die rede hiervoor is dat die groep gekenmerk word deur enkellopendes wat van die tradisionele gesinsondersteuningstelsel uitgesluit is.

Die volgende groep wat die tweede grootste risikogroep is, is tussen die ouderdom 36-55 jaar. Hierdie groep ervaar stres en spanning ten opsigte van die verlies aan tradisionele rolle, verwagtings, status en 'n mate van konflik tussen generasies. Die algemene psigiese gesondheidsprobleme wat hierdie groepe ervaar is: depressie, angs, huwelikskonflik, konflik tussen generasies, psigologiese aanpassings deur abormale gedrag soos geweld, kindermishandeling en selfmoord (Tripp-Reimer & Lively in Beck, Rawlins, Williams, 1988:192).

Probleme en behoeftes wat Gibbs in Berry & Asamen (1989:201) tydens vorige navorsing onder swart studente geïdentifiseer het, is hul behoefte om beter op akademiese vlak te presteer, om minder spanning en probleme ten opsigte van teenoorgestelde verhoudings te ervaar, om 'n swart identiteit te verstewig en

beter langtermyn beroepsbeplanning te doen. Finansiële probleme is volgens Allen, Ebbs & Haniff (1991:5) kenmerkend onder swart studente, aangesien hul ouerhuis grotendeels die laer ekonomiese vlak verteenwoordig. Hul ouers het 'n laer vlak van opvoeding en 'n werk met 'n laer inkomste en status as blanke studente (Allen, Ebbs & Haniff, 1991:5). Swart studente ervaar volgens Cohen (1994:114) probleme ten opsigte van die multikulturele kommunikasie. Die navorser stem saam met hierdie probleme en vermeld dat dit tot psigiese probleme aanleiding gee wat op die langtermyn 'n verlies in toekomsperspektief en aanvaarding veroorsaak (Nolte, 1995:44).

Die student ervaar frustrasie ten opsigte van die geweldige verskil tussen die ou en die nuwe lewe. Marais (1983:58) is van mening dat die vroulike geslag die aanpassings- en akkulturasieproses beter as die manlike geslag hanteer. Een van die redes vir die laasgenoemde is omdat die manlike geslag hulself negatief evalueer en hoër eise en ambisie stel, terwyl die vroulike geslag laer opvoedkundige- en beroepsambisie nastreef.

Die swart vrou stel laer doelwitte en ambisie, aangesien swart vrouens hul vaardighede meer as swart mans bevraagteken (Flemming,1984:145). Die swart vrou ervaar groter emosionele ontwrigting op universiteit as die swart man, aangesien hul vrese ten opsigte van hul vaardighede tot sosiale isolasie en spanning aanleiding gee. Ten spyte van hierdie sosiale isolasie, is die swart vrouens se kommunikasievermoëns en die uitdrukking van haar gevoelens beter as swart mans ontwikkel (Flemming, 1984:145). Die navorser stem saam dat die vrou groter emosionele ontwrigting tydens die akkulturasieproses op universiteit ervaar, aangesien die vrou 'n emosionele wese is wat oor die algemeen meer in kontak met haar gevoelens is en dit makliker as 'n man kan verbaliseer.

Die swart man toon meer dominante en kompeterende gedrag as swart vrouens. Die manlike geslag word grootgemaak om eerder te kompeteer as om saam te

werk. As gevolg van die vorige rassistiese bestel en die kompeterende drang van die manlike geslag, vind kulturele konflik tussen swart en blanke mans op universiteit plaas. Die swart manlike student probeer, ten spyte hiervan en die invloed van akkulturasie, emosioneel sterk staan (Flemming 1984:146). Die swart manlike student ervaar gevoelens van verwerping, isolasie en mislukking net soos die vroulike geslag, maar wel tot 'n mindere mate. Die verskillende ervarings en optredes tussen die manlike en vroulike swart studente wat in die akkulturasieproses verkeer, word kortliks bespreek. Min literatuur is beskikbaar en hierdie leemte moet aangespreek word. In Hoofstuk 3 word die verskillende ervarings van die man en die vrou in die huwelik, wat deur die akkulturasieproses beïnvloed word, bespreek.

'n Interessante verskynsel word deur Young, Ekeler, Sawyer & Prichard (1994:507) vermeld, naamlik dat die nagraadse werkende swart student die akkulturasieproses beter hanteer. Akademiese sukses kom meer onder die nagraadse swart student voor, aangesien hulle 'n hoër spanningsdrempel deur die jare opgebou het.

Die literatuur bied die leser 'n idee van die invloed en gevolge van die proses van akkulturasie op die swart student. Die aanpassing by verandering en die universiteitsisteem in 'n Westerse opset, vind deur die student se denke en gevoelens plaas. Die invloed en gevolge van akkulturasie vind daarom ook op psigiese vlak plaas. Hierdie psigiese impak en gevolge van akkulturasie op die maatskaplike funksionering van die swart student word vervolgens bespreek:

2.9 DIE PSIGIESE IMPAK EN GEVOLGE VAN AKKULTURASIE

Akkulturasie word deur verskillende vakdissiplines bestudeer, naamlik antropoloë, opvoedkundiges, sielkundiges en maatskaplike werkers. Verskeie antropoloë het van die sewentigerjare af navorsing oor die sielkundige impak of

gevolge van akkulturasie op die individu begin doen. Woods (1975:35) is van mening dat akkulturasie wel binne groepsverband plaasvind, maar dat die veranderingsproses by die denke en gevoelens van die individue binne die betrokke groep begin. Woods (1975:35) vermeld dat hierdie veranderingsproses tot 'n ontwrigte en verwarde individu aanleiding kan gee.

Die ontwrigting in die swart student se lewe sluit, onder andere denke, gevoelens en emosies ten opsigte van hul ekonomiese en akademiese agterstand in (Allen in Sebata, 1997:16). Hierdie negatiewe gevoelens van die samelewing word na die skole, kolleges en universiteite gereflekteer. Allen in Sebata (1997:16) vermeld faktore wat tot die ontwrigting van die swart student bydra: "...the vicious cycle of racism, poverty, and underachievement continues to haunt many blacks even though they have completed high school and have entered post secondary education".

Die navorser stem saam met beide laasgenoemde twee outeurs en beklemtoon die belangrikheid om hierdie ontwrigte individu te hulp te snel. Rassisme, armoede, onderprestering, groepsdruk en tradisie is bydraende faktore tot die swart student se aanpassingsprobleem en verandering. In die literatuur vind die navorser dat daar meer inligting ten opsigte van die negatiewe as positiewe impak en gevolge van die akkulturasieproses op die swart student is. Woods (1975:36) is van mening dat die psigiese impak en gevolge grotendeels negatief van aard is en identifiseer dit soos volg:

* Verlies aan identiteit, aangesien die bekende met die onbekende in aanraking kom.
* Eksterne konflik in groepsverband, aangesien nie al die lede van die kulturele groep met die veranderinge ooreenstem nie.
* Persoonlikheidsontwrigting, spanning en interne konflik tydens die aanpassingsproses.

* Interne konflik gee tot aggressiewe gedrag, byvoorbeeld vandalisme aanleiding.
* Angs en verwarring in en verlies aan identifikasie met die religieuse- of geloofsoortuigings van die kultuur, veral waar die tradisionele kultuur met 'n Christelike Westerse kultuur in kontak kom.
* Verlies aan bekende lewenstyl en gebruike, aangesien die doeltreffende, tradisionele deelname verminder.

'n Verdere drie gevolge van akkulturasie, naamlik depressie, alkoholmisbruik en die ontbinding van die sosiale ondersteuningstelsel, word deur Landrine & Klonoff (1996:122) vermeld. Die navorser is van mening dat die ontvangende (minderwaardige) kultuur groter persoonlike spanning en ontwrigting as die dominerende (meerderwaardige) kultuur ervaar. Die rede hieroor is dat die ontvangende kultuur aan groter veranderinge onderhewig is. Laasgenoemde gaan gepaard met die proses waar een kultuur (die Westerse kultuur) die ander kultuur (die Afrika kultuur) domineer of "forseer" om eersgenoemde kultuur aan te neem.

Uit die bogenoemde is dit duidelik dat akkulturasie die groep en individu op beide sielkundige en sosiale vlak beïnvloed. Van Niekerk (1987:23) vermeld dat die akkulturasieproses veral die swart huwelike in Suid-Afrika beïnvloed. Laasgenoemde outeur is van mening dat die swart gemeenskap hulle tradisionele waardes verloor en nog nie daarin slaag om nuwe waardes in die plek daarvan te ontwikkel nie. Mai Brandel-Syrier in Van Niekerk (1987:22) beweer: "In their marital, parental and sibling relationships the elite oscillate between traditional expectations and modern aspirations, trying in vain to make the new ambitions conform to traditional values, seeking to satisfy the emotional needs of the previous culture with isolated traits from the modern culture, striving miserably to provide for new needs and thereby loosing the old securities". Laasgenoemde gee volgens Brandel-Syrier in Van Niekerk (1987:22) tot 'n

frustrerende en onbevredigende intieme verhouding tussen die swart "elite" in 'n gemeenskaplike etniese groep aanleiding.

Aan die hand van die bogenoemde literatuur is die navorser van mening dat die gevoel van gemeenskaplikheid, wat volgens Locke (1992:xiii) 'n belangrike kerneienskap van 'n etniese groep is, binne die etniese groep benadeel word. Die gevoel van gemeenskaplikheid en groepsgebondenheid (die "ons"-gevoel) word, soos reeds vermeld, deur die invloed van hierdie veranderings- en aanpassingsproses onderbreek en ontwrig. Vanuit 'n maatskaplike perspektief word die individu se selfbeeld en persoonlikheid nadelig deur die gebrek aan 'n "ons"-gevoel of die gevoel van "ek-behoort" beïnvloed. Locke (1992:xiii) voer die bespreking verder en maak die volgende interessante stelling: "All individuals are, in some respects, like some other individuals, as a result of cultural group membership. The cultural group serves as the basis for individuals to become humanized. Each individual becomes fully human through the process of participating in a cultural group or groups".

Na afloop van die literatuurstudie en die gebrek aan die identifisering van die positiewe impak van akkulturasie, beklemtoon die navorser die belangrikheid om verdere navorsing ten opsigte van die psigiese invloed van akkulturasie op die persoonlikheid van die individu in die Suid-Afrikaanse opset te doen. Els (1992:65) vermeld onder andere twee moontlikhede ten opsigte van verdere psigiese invloede van akkulturasie waarvan die eergenoemde as 'n positiewe impak gesien kan word:

* Konserwatisme en patriotisme wat op die lewenshouding van die behoud van die eie, die oue en die bekende aandui en ook as vaderlandsliefde geken word.
* Oordrewe gevoelens van minder- en meerderwaardigheid, soos byvoorbeeld waar die oordrewe kultuur (die Westerse kultuur) 'n

meerderwaardige houding inneem en die tradisionele Afrikakultuur as minderwaardig beskou.

Hierdie oordrewe gevoelens van minder- en meerderwaardigheid vetraag die akkulturasieproses, aangesien dit tot vyandige houdings, frustrasie en konflik binne die gemeenskap, die betrokke kultuurgroepe en die individu aanleiding gee. Die afwesigheid van hierdie psigiese houdings sal uit die aard van die saak 'n positiewe uitwerking op die verloop van die proses van akkulturasie hê.

Die vraag onstaan hoe die individu binne hierdie veranderingsproses wat met akkulturasie gepaard gaan, suksesvolle maatskaplike fuksionering en die bereiking van volle potensiaal kan bewerkstellig? Ten opsigte van hierdie studie kan gevra word hoe die swart student as individu binne hierdie veranderingsproses suksesvol kan funksioneer? Ten slotte, hoe beïnvloed die akkulturasieproses die individu as swart student binne die huwelik in die Suid-Afrikaanse samelewing?

Die antwoorde op hierdie vrae word nie as geheel deur die literatuur beantwoord nie, maar die ideaal word deur Fransworth in Grayson & Cauley (1989:11) bespreek: "Students must learn to deal with authority, cope with uncertainty and ambiguity; and find security, feelings of adequacy and self-esteem". Die navorser is van mening dat die suksesvolle hulpverlening aan swart studente en swart getroude studente 'n groot uitdaging vir die maatskaplikewerkprofessie stel.

2.10 SAMEVATTING

Die verspreiding en verandering van kultuur het deur die jare tot 'n verskeidenheid van uiteenlopende filosofiese uitgangspunte en denkrigtings rondom kultuur aanleiding gegee. Kultuur word binne groepsverband aangeleer

en van geslag tot geslag deur die groep se lewens- en wêreldbeskouing oorgedra (Pedersen & Ivey, 1993:7). Hierdie lewens- en wêreldbeskouing dui op die wyse waarvolgens die mens homself uitdruk, dinge ervaar, interpreteer en daarop reageer. Dit is daarom belangrik dat die mens in sy totaliteit, binne sy kulturele raamwerk bestudeer word.

Die ontwikkeling van die individu en gemeenskap binne hulle kulturele universalia gaan met verandering en aanpassing gepaard. Fiedl in Els (1992:10) is van mening dat kultuur voortdurend aan verandering onderhewig is. Geen kulturele invloed kan uitgewis word nie, maar kan mekaar wel beïnvloed (Sowell,1994:i). Individue of groepe van verskillende kulture kom met mekaar in kontak, neem sekere gebruike en gewoontes van die "vreemde" kultuur aan òf verwerp dit. Hierdie proses van kontakmaking tussen twee of meer kulture, word deur Els (1992:19) as "akkulturasie" gedefinieer.

Akkulturasie is 'n proses van kultuuroorname of -oordrag van die kultuurpatrone van volke of segmente wat na aanleiding van aanhoudende beïnvloeding van 'n ander kultuur, verander. Hierdie verandering kan tot die ontwikkeling van 'n nuwe vergrote volkseenheid aanleiding gee. Kultuurverandering vind volgens Marais (1983:33) deur wedersydse interaksie op individuele, sosiale en kulturele vlak plaas.

Akkulturasie vind in die Suid-Afrikaanse samelewing tussen die tradisionele Afrika en Westerse gemeenskap plaas (Van Niekerk,1987:21). Na aanleiding van die toename in demokrasie, die afstelling van rassisme, die klem op gelyke regte en hoër akademiese kwalifikasies onder die swart bevolking, neem die aantal swart studente aan blanke Suid-Afrikaanse universiteite drasties toe. Hierdie verskynsel het reeds volgens Young, Ekeler, Sawyer & Prichard (1994:504) in die laat sestiger -en vroeë sewentigerjare in Amerika plaasgevind.

Eers sedert die negentigerjare het die swart studente aan blanke Suid-Afrikaanse universiteite toegeneem.

Die Amerikaners het hierdie verskynsel begin bestudeer en gevind dat die toename in swart studente aan blanke universiteite tot kulturele en sosiologiese veranderinge aanleiding gee. Die kulturele verandering word deur die akkulturasieproses veroorsaak waar die Westerse en tradisionele kultuur met mekaar in kontak kom en mekaar wedersyds beïnvloed. Hierdie kulturele invloed op die individu bepaal die individu se lewenspatrone, intrapsigiese ontwikkeling, waardesisteem en oorlewingsmeganismes (Grayson & Cauley, 1989:298).

Na aanleiding van hierdie verskynsel het inheemse navorsing ten opsigte van multikulturele opvoedkundige aangeleenthede plaasgevind. Hierdie verandering bied 'n uitdaging aan die maatskaplikewerkprofessie om nuwe teorieë en modelle te ontwikkel om probleme en behoeftes ten opsigte van die veranderinge aan te spreek.

Na aanleiding van die bogenoemde bespreking word die swart student aan die Universiteit van Pretoria ook deur die akkulturasieproses beïnvloed. Buiten die kulturele aanpassing en verandering van die swart student, moet die student sekere lewens- en ontwikkelingstake van die laat-adolessensie en vroeë volwasse lewensfase verrig. Die swart student moet 'n identiteit vorm, sosiale vaardighede aanleer, 'n huweliksmaat kies, die rol van ouerskap aanneem, manlike of vroulike take binne die huwelik verrig, voorbereiding vir 'n loopbaan doen, verantwoordelikhede aanvaar en finansiële standvastigheid verkry (Beck, Rawlins & Williams, 1988:35)

In die uitvoering van hierdie ontwikkelingstake word die basiese behoeftes van die mens deur die kultuur bepaal (Marais, 1983:26). Kultuur speel 'n belangrike

rol in die swart student se totale funksionering, aangesien kultuur voorsiening maak vir alles wat die student dink, doen en lewensvaardighede ontwikkel om 'n sinvolle bestaan te voer. Die snelle verandering wat deur die laat-adolessensie en vroeë volwasse lewensfase gekenmerk word, word verder deur die akkulturasieproses beïnvloed (Grayson & Cauley, 1989:298).

Akkulturasie is volgens Els (1992:19) van die term "kultuur" afgelei en aangesien kultuur 'n belangrike rol in die individu se lewe speel, kan kultuurverandering volgens die outeur positiewe of negatiewe gevolge hê. Eerstens verskaf kultuur lewensnoodsaaklike goedere, opvoeding, orde, biologiese kontinuïteit en 'n motivering tot oorlewing (Marais,1983:26). Tweedens skep kultuur kuns, godsdienstige sekuriteit, tegnologie, ekonomie, 'n politieke struktuur en 'n natuurlike taal. Kultuur bied aan die individu 'n identiteit en 'n selfbeeld (Kuykendall, 1992:19). Die gesin bied 'n sosiale ondersteuningstelsel wat tot die vorming van die individu se kultuur bydra en skep 'n gevoel van gemeenskaplikheid Locke (1992:xiii). Hierdie waarde en rol van kultuur op die ontwikkeling van die individu, is soos reeds vermeld aan veranderinge onderhewig.

Die swart student is onderhewig aan die beïnvloeding van die dominante Westerse kultuur en moet by die omstandighede aanpas en verander. Laasgenoemde staan as die akkulturasieproses bekend en gaan volgens Els (1992:22) met vyf gebeurtenisse gepaard, naamlik: idee-oordrag en gedragsverandering, versteuring in die persoonlikheidstruktuur en volkskorpus, maatskaplike ontbinding en kultuuroorname, asook reïntegrasie.

Die individu (swart student) ervaar emosionele ontwrigting as hy/sy vir 'n onbepaalde tydperk in 'n samelewing, verskillend van hul eie, woonagtig is (The Penguin Dictionary of Psychology, 1985:178). Laasgenoemde verskynsel staan as "kultuurskok" bekend. Hierdie kultuurskok (kultuuraanpassing en -

verandering) wat die swart student ervaar, word deur sekere probleme en gevolge gekenmerk. Hier volg 'n samevatting deur Berry & Asamen (1989:201) en Tripp-Reimer & Lively in Beck Rawlins & Williams (1989:192) van die probleme wat die swart studente ervaar:

* Ontwikkel 'n gevoel van verlorenheid en 'n verlies aan die bekende.
* Verwarring van hul eie rolle, waardes en gevoelens.
* Ontwikkel 'n gevoel van hulpeloosheid en verwerping.
* Spanning en 'n vrees vir mislukking.
* 'n Verlies aan toekomsperspektief.
* Verlies aan selfvertroue.
* Finansiële probleme.
* Frustrasie en skuldgevoelens ten opsigte van die verskil in die ou en die nuwe lewe.
* Swak akademiese prestasie.

Ten spyte van die bogenoemde probleme gee akkulturasie tot sekere psigiese gevolge op die funksionering van die swart student aanleiding. Volgens Woods (1975:36) het hierdie psigiese gevolge grotendeels 'n negatiewe invloed op die student se maatskaplike funksionering. Hierdie negatiewe invloed sien soos volg daarna uit:

* Eksterne konflik in groepsverband, aangesien nie al die lede van die kulturele groep met die veranderinge ooreenstem nie.
* Persoonlikheidsontwrigting, spanning en interne konflik
* Angs, verwarring in, en die verlies aan identifikasie met die religieuse- of geloofsoortuigings van die kultuur.
* Verlies aan die bekende en identiteit.
* Depressie, alkoholmisbruik en die ontbinding van die sosiale ondersteuningstelsel.

Geslagsverkille kom tydens hierdie invloed van akkulturasie voor. Flemming (1984:145) is van mening dat die swart mans moeiliker by die veranderingsproses aanpas. Die swart manlike student stel hoër doelwitte, is meer kompeterend en dominerend van aard, terwyl die swart vroulike student minder in haar vaardighede glo, laer doelwitte stel en meer emosionele ervarings ten opsigte van die proses ervaar. Die literatuur in verband met die geslagsverskille in die hantering van die akkulturasieproses is beperk en moet deur verdere navorsing uitgebrei word.

Na aanleiding van die literatuur kom die navorser tot die gevolgtrekking dat die akkulturasieproses wel grotendeels 'n negatiewe invloed op die maatskaplike funksionering van die swart student het. Die hele proses van kultuurverandering, ideë-oordrag, persoonlikheidsversteuring, versteuring in die volkskorpus, maatskaplike ontbinding en reïntegrasie gaan met psigiese gevolge op die individu gepaard. Die psigiese gevolge op die individu/swart student sluit verlies aan identiteit, persoonlikheidsontwrigting, eksterne en interne konflik, angs, verwarring en 'n verlies aan sekuriteit in (Woods, 1975:36). Depressie, alkoholmisbruik en die ontbinding van die sosiale ondersteuningstelsel is verdere psigiese gevolge wat deur Landrine & Klonoff (1996:122) geïdentifiseer is. Hierdie psigiese impak en die bogenoemde konflikhantering word deur die akkulturasieproses beïnvloed.

Die navorser stem saam met Nolte (1995:44) dat die suksesvolle konflikhantering en aanpassing by veranderende omstandighede tot die ontwikkeling van 'n onafhanklike, effektiewe volwassene aanleiding gee. Hierdie onsuksesvolle aanpassing by kultuurveranderinge kan tot intense persoonlikheidsontwrigting aanleiding gee wat die individu se maatskaplike funksionering nadelig beïnvloed. Hierdie onsuksesvolle aanpassing by die akkulturasieproses kan aanleiding gee tot die onsuksesvolle aanpassing by die

huwelik (Van Niekerk, 1987:23). Laasgenoemde beïnvloed nie alleen die individu nie, maar ook die gesin, gemeenskap en die samelewing.

Volgens die literatuur kan afgelei word dat die onsuksesvolle aanpassing by die akkulturasieproses, tot die onsuksesvolle aanpassing by die huwelik aanleiding gee. Die vraag ontstaan of hierdie 'n algemene tendens is? Die swart student word wel deur die akkulturasieproses beïnvloed, maar hoe lyk die hedendaagse huwelik onder swart student in die huidige Suid-Afrikaanse samelewing? In die volgende hoofstuk word hierdie vraag bespreek deur die swart huwelik in die Suid-Afrikaanse samelewing te bestudeer. Verdere besprekings ten opsigte van die verskil tussen die tradisionele en Westerse huwelik, asook die invloed van die kulturele verandering en -beïnvloeding word uiteengesit.

HOOFSTUK 3

KENMERKE VAN SWART GETROUDE STUDENTE IN DIE AKKULTURASIE-PROSES AAN DIE UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

3.1 INLEIDING

Sedert die negentigerjare het sosio-ekonomiese, maatskaplike en politieke veranderinge In Suid-Afrika, tot die veranderinge in swart gemeenskappe aanleiding gegee (De Haas, 1989:5). Armoede, swak behuising, werkloosheid, die ontbreking van ontspanningsfasiliteite en die migrasielandboustelsel is 'n paar van die faktore wat 'n negatiewe invloed op die stabiliteit van die swart huwelike en gesinne het. Die verandering van die tradisionele familiestruktuur van die swart huwelike en gesinne, dateer egter volgens Viljoen (1994:6) vanaf die vroeë koloniale periode. Kolonialisme het volgens die Marxistiese perspektief tot die ontstaan van ander prosesse, soos industrialisasie, verstedeliking en modernisering, aanleiding gegee. Die interafhanklikheid van hierdie sosiale prosesse het die gemeenskap beïnvloed en tot die afbreking van die familiestruktuur aanleiding gegee (Viljoen, 1994:6).

Die invloed van hierdie veranderinge op die stabiliteit van die tradisionele huwelik en familie word deur Ekpe in Viljoen (1994:7) beklemtoon en meld die volgende stelling: "The basic structure of African life is the family. Even before the arrival of the white man in Africa, the social structure possessed a system of organising behaviour and economy, a cultural system for the preservation of its uniqueness and independence, a system of control and integration".

Die navorser stem saam met laasgenoemde outeurs se standpunte, aangesien volkekundige studies hierdie stabiele, georganiseerde, tradisionele familie-strukture beklemtoon. Sosiale verandering in Suid-Afrika gister en vandag, het 'n invloed op swart huwelike en gesinne (Strydom, 1995:115). So byvoorbeeld

vermeld Harvey in Viljoen (1994:6) dat die apartheidsisteem wel 'n negatiewe invloed op die swart gesin in Suid-Afrika gehad het. Nuwe ondersteunings-programme en familiebeleid neem sedert die laat tagtigerjare toe, aangesien daar groot kommer ten opsigte van die verval van die swart gesinne heers. Die apartheidstelsel, die migrasielandbousisteem en geforseerde hervestiging is maar 'n paar faktore wat 'n belangrike invloed op die verval van die swart gesinne gehad het.

Soos reeds vermeld, wek hierdie veranderinge in swart huwelike en gesinne groot kommer. Berardo in Viljoen (1994:1) verwys na die invloed van die veranderinge as 'n toets vir die swart huwelike: "Throughout the eighties, families in the United States as well as in other parts of the world continued to modify their structures and functions to accommodate changes in the larger society and its institutions. Indeed it is generally acknowledged that the survival of the family unit is highly dependent on its chameleon-like ability to absorb such external challenges and to adapt accordingly. It is during periods of rapid and extensive social change that this resilient character of families is particularly tested".

Hierdie toets strek veel verder, aangesien Garbers in Steyn, Strijdom, Viljoen & Bosman (1987:viii) meen dat "familie" die kerninstelling van alle samelewings is en beklemtoon die belangrikheid van 'n goed gebalanseerde familielewe. 'n Goed gebalanseerde familie het 'n positiewe impak op die samelewing. So byvoorbeeld haal Edgar die siening wat in die Verenigde State van Amerika (VSA) tydens die "International Year for the Family" in 1994 geheers het aan: "Stronger families are seen as the most effective preventative measure against instability, crime, juvenile delinquency, drug and alcohol addiction, and lack of care for dependent family members, children, the aged and the disabled. It is seen as important that International Year of the Family encompasses the diversity of family forms and cultures (Edgar in Viljoen, 1994:18)".

Die navorser stem saam met die bogenoemde bespreking en soos reeds deur Edgar in Viljoen (1994:18) vermeld, gee 'n stabiele familie tot 'n stabiele individu aanleiding. Laasgenoemde gee weer volgens die navorser tot 'n stabiele huweliksmaat aanleiding. 'n Stabiele huweliksmaat voltooi die sirkel en verseker 'n stabiele huwelik en gesin. Die realiteit is egter dat hierdie stabiliteit van die swart huwelik deur die veranderinge in Suid-Afrika beïnvloed word. Navorsing in hierdie verband is van groot belang en daarom vermeld Malan (1992:30): "Wat Afrika betref, is die mate van akkulturasie in 'n Westerse rigting en blootstelling aan Westerse denkwyses 'n belangrike faktor wat vir die wisselende individuele aksente verantwoordelik is. Groot vindingrykheid sal nodig wees om die tradisionele waardestelsels van swart mense suksesvol te verreken en by 'n geïntegreerde ontwikkelingsmodel in te bou waarin 'n brug tussen die Eerste en Derde Wêreld gebou word".

Die navorser is van mening dat Maatskaplike Werk 'n bydrae kan lewer in hierdie groot vindingrykheid, om die swart egpare op die terrein van huweliksvoorligting en -beraad te bereik. Die navorser maak dieselfde gevolgtrekking as Strydom(1995:123), naamlik dat die maatskaplike hulpverlening nie aan die hand van die Westerse riglyne aan die swart individu, in die huwelik en binne die gesin aangebied kan word nie. Die probleme in die pluralistiese samelewing en die verskillende kulture kan nie deur 'n homogene terapeutiese intervensie aangespreek word nie. Nuwe inheemse modelle moet ontwikkel word om grotendeels van nuwe intervensiestrategieë vir huweliksbegeleiding, naamlik huweliksvoorbereidig en –berading, gebruik te maak. Om laasgenoemde te kan bereik, moet daar eers op die huwelik gefokus word.

Die huwelik is soos 'n goeie toespraak wat nie volgens sy lengte nie, maar volgens sy inhoud beoordeel word (Le Grange in Alpaslan, 1994:voorwoord).

Die huweliksverhouding bepaal die gehalte van die gesinslewe, terwyl die gesin weer as 'n verlengstuk van die huwelik gesien kan word. Laasgenoemde feite beklemtoon die belangrikheid van die versorging van 'n huwelik deur die egpare of hulpverleners, om optimale gesinslewe te verseker. Alpaslan (1994) vermeld in die inleiding van sy boek dat verloofdes en jong getroudes vir die daarstelling van 'n goeie of bevredigende huweliksverhouding, moet poog om:

* 'n kennisbasis oor die huwelik (die werking van die huwelik, die samestellende dele van die verhouding en die invloed daarvan) op te bou;
* hulself en hul egmaat op te bou;
* hulself op die huwelik voor te berei en aan kritieke groei-oorgangspunte na die huwelik, aandag te skenk; en
* te volhard in die verhoudingsvaardighede wat tydens die voorbereiding en begeleiding aangeleer word.

Die navorser stem saam met die outeur, maar meen dat elke individu (binne sy/haar kulturele raamwerk) verskillende persepsies ten opsigte van die huwelik, gesin en familie het. Laasgenoemde word deur Viljoen (1994:18) bevestig. Kultuur beheer ons lewens, soos reeds in die vorige hoofstuk bespreek is. Pederson & Ivey (1993:1) bespreek hierdie aspek en vermeld: "Culture controls our lives ... ignoring the influence of culturally learned assumptions means giving up freedom, power, and internationality in our personal lives". Na aanleiding hiervan moet daar aandag gegee word aan die kulturele verskille ten opsigte van die huwelik en watter invloed hierdie verskille op mekaar het.

Soos reeds vermeld, is die individu, die huwelik, die gesin en die gemeenskap van Suid-Afrika aan voortdurende verandering onderhewig. Baie kulturele verskille en wedersydse kulturele invloed vind plaas. Viljoen (1994:23) verwys na 'n aanhaling uit 'n nuusbrief wat in 1985 deur die United Nations uitgegee is: "Associated with the changes in roles and responsibilities stemming from the

processes of modernization are shifts in values, including an emphasis on individualism, greater equality between men and women, pressures to adopt the values and perspectives of other, usually dominant groups and conflicts between family values and developmental values".

Na aanleiding hiervan en die voorafgaande bespreking in die vorige hoofstuk, vind die grootste kulturele verskille, invloed, verandering en aanpassing tussen die Afrika en Westerse kultuur in Suid-Afrika plaas. Laasgenoemde word volgens Els (1992:19) deur die proses van akkulturasie gekenmerk. Hierdie aanpassing by veranderinge en die ontwikkeling van "nuwe" kenmerke in swart huwelike moet bestudeer word, om sodoende nuwe inheemse modelle vir huweliksbegeleiding aan swart egpare, te ontwikkel. Die uiteindelike doel van hierdie studie is om die gevolgtrekkings te benut vir die verbetering van die kwaliteit van die swart huwelik en familie om sodoende rekonstruksie van die gemeenskap in Suid-Afrika te bewerkstellig. Daarom word daar vervolgens na die kenmerke van swart huwelike en hoe die akkulturasieproses die komponente van die huweliksverhouding beïnvloed, gekyk. Enersyds word daar gekyk na die verskil tussen tradisionele en Westerse huwelike, om andersyds vas te stel hoe die swart getroude student se persepsie ten opsigte van die tradisionele huwelik tydens die akkulturasieproses verander het. Laastens word huweliksbegeleiding met kulturele bewustheid volgens die geïntegreerde benadering bestudeer.

Die navorser wil daarop let dat hierdie studie nie op die kenmerke van die tradisionele swart huwelik gedoen word nie, maar wel op die huwelik in die akkulturasieproses, dit wil sê veranderinge na aanleiding van die invloed van die Westerse kultuur. Voordat daar egter na hierdie veranderende swart huwelik gekyk word, word die verskille in die modern Westerse en tradisioneel Afrika huwelik kortliks bespreek. Sodoende kan die verandering na die Westerse kultuur/huwelik en die behoud van sekere kenmerke van die Afrika kultuur/huwelik kortliks geïdentifiseer word.

3.2 DIE VERSKIL TUSSEN TRADISIONELE EN WESTERSE HUWELIKE

Die ideologiese polarisasie tussen die Afrika-kommunisme en Westerse kapitalisme word kortliks deur Malan (1992:29) beskryf. Hierdie outeur vermeld dat konflikte en probleme in stedelike gemeenskappe deur hierdie kognitiewe gedragsmotiveerders in die verstedelikingsproses verklaar kan word. Die navorser stem saam met Malan (1992:29) en meen dat hierdie verskille nie alleen tot konflikte en probleme aanleiding gee nie, maar ook soos reeds vermeld emosionele ontwrigting en persoonlike stremminge ten opsigte van mensepotensiaal veroorsaak. Laasgenoemde sluit kulturele verandering (akkulturasie) en botsings wat na aanleiding van die voorafgaande hoofstuk die individu, huwelik, gesin en gemeenskap direk beïnvloed.

Die navorser stem saam met die outeur se siening ten opsigte van die problematiek rondom die verskille tussen die Westerse en Afrikakultuur. Wilson & Stith (1991:37) kontrasteer die waardes van die swart Amerikaner en die blanke Amerikaner en vermeld: "... White Americans place greater emphasis on independence, achievement, material assets, planning, youth and power; Black Americans put greater emphasis on sharing, obedience to authority, spirituality, and respect for elders and heritage". Albei beskrywings toon die problematiek en onvermoë om die twee kosmologiese waardes te aanvaar en tot 'n mate te verenig. Die bogenoemde verskille verklaar die kulturele, politieke en sosiale botsings wat tussen die swart en blanke gemeenskappe plaasvind.

Die realiteit van hierdie tendense is kommerwekkend en 'n uitdaging, maar die navorser stem saam met Kruger in Gobodo (1990:93) se voorstel tot die hantering van hierdie problematiek: "Africanisation of the white South African. It is true that both the white and the black worlds can benefit significantly from each other without sacrificing each one's own identity".

Uit die aard van hierdie kosmologiese verskille, vermeld Van der Vliet (1991:221) die verskille tussen die tradisionele Xhosa-huwelike en die Moderne huwelike. Die moderne huwelik is gebasseer op die kerngesin, met 'n sterk verbintenis tussen die man en die vrou. Die tradisionele Xhosa-huwelik is gebasseer op die oop, uitgebreide gesinstruktuur, met 'n duidelike verdeling van werk en verantwoordelikhede. De Haas (1989:4) is van mening dat die egskeidingsyfer onder die swart gemeenskappe toeneem en skryf dit toe aan die veranderende omstandighede waarby die swart huwelike moes aanpas. Hy bespreek onder andere die konteks van tradisionele versus moderne huwelike.

Vir die doel van hierdie studie verwys die tradisionele huwelik na die huwelik van die vier etniese swart bevolkingsgroepe in Suid-Afrika, terwyl die moderne huwelik na die Westerse huwelik verwys. Die swart bevolkingsgroepe in Suid-Afrika word volgens Van Warmelo in Steyn, Strijdom, Viljoen & Bosman (1987:29) antropologies in vier verskillende etniese groepe verdeel, naamlik:

* Die Nguni, wat uit die Zulu, die Swazi, die Xhosa en die Ndebele bestaan.
* Die Sotho's, wat uit die Suid-Sotho, Wes-Sotho en Noord-Sotho bestaan.
* Die Tsonga Shangaan.
* Die Venda.

Al hierdie etniese groepe verskil in grootte, woonplek, kultuur, taal en gewoontes. Ten spyte van al hierdie verskille is daar volgens Rip in Steyn, Strijdom, Viljoen & Bosman (1987:30) wel ooreenkomste en 'n sekere graad van kulturele kohesie. As gevolg hiervan kan daar 'n breedvoerige algemene studie ten opsigte van die swart huwelike in Suid-Afrika gedoen word. Die tradisionele huwelike was primêr op die ekonomiese en reproduserende aspekte gebasseer. Die verdeling van werk en rolle van die man en die vrou was duidelik neergelê. Die vrou het die huishoudelike take en landbouaktiwiteite verrig. Haar rol in die voortbestaan van die familie en moeder vir haar kinders, is van groot belang (Rip in Steyn, Stijdom, Viljoen & Bosman, 1987:30).

Die Westerse huwelike is gebasseer op 'n sterk verhouding en kameraadskap met 'n emosionele band tussen die man en die vrou. Beide die man en die vrou het spesifieke rolverdelings, maar dit is nie so rigied soos die tradisionele huwelike nie. Steyn, Strijdom, Viljoen & Bosman (1987:30) se menings ten opsigte van die verskille tussen die tradisionele en moderne huwelike is insiggewend en belangrik vir die hulpverlening aan swart egpare.

Die beste opsomming ten opsigte van hierdie verskille, wat die bogenoemde outeurs se menings saamvat, word in Tabel 1 deur Rice in Alpaslan (1994:3-4) uiteengesit. Die andersoortige funksies en eise wat hedendaags van huwelikspare verwag word, dwing die tradisionele huweliksvorm om vir die moderne huweliksvorm plek te maak (Alpaslan , 1994:3).

Die tradisionele huwelik is volgens De Haas (1989:5) na die Industriële Revolusie deur die Westerse huwelike en kosmologie beïnvloed. Laasgenoemde het tot 'n toename in egskeidings onder die swart gemeenskappe aanleiding gegee. De Haas (1989:5) meen dat die sosiale en kulturele faktore tot hierdie verbrokkeling van die swart huwelike aanleiding gee.

Die moderne verwagtinge van die sosiale sisteem het tot die verandering in die man en vrou se rolle en verwagtinge aanleiding gegee. De Haas (1989:4) en Van der Vliet (1991:221) se bespreking van die verandering in en/of verbrokkeling van die tradisionele huwelike, beklemtoon die onvermoë van die tradisionele man om aan die moderne verwagtinge van die vrou te voldoen.

TABEL 1:

DIE VERSKILLE TUSSEN TRADISIONELE EN MODERNE HUWELIKE

Tradisionele huwelik	Moderne huwelik
• Die huwelik is die middel tot 'n doel, byvoorbeeld vir ouerskap.	• Die huwelik is die doel op sigself, byvoorbeeld liefde, kameraadskap en behoeftebevrediging.
• Die huwelik is institusioneel met die uitgebreide gesin as hooffokus.	• Die huwelik is persoonlik met die kerngesin as fokus.
• Die uitgebreide gesins fokus op selfverloëning.	• Die kerngesin fokus op selfontwikkeling en selfverwesenliking.
• Minder vryheid en meer sekuriteit.	• Minder sekuriteit en meer vryheid.
• Outokratiese bestuurstyl met die vrou as ondergeskikte.	• Demokratiese bestuurstyl met beide partye gelyk.
• Min emosionele en persoonlike betrokkenheid.	• Maksimum emosionele en per soonlike betrokkenheid.
• Min openlike kommunikasie.	• Baie openlike kommunikasie.
• Rigiede rolverdeling.	• Buigsame rolverdeling.
• 'n Statiese verhouding.	• 'n Dinamiese en ontwikkelende verhouding.
• Seksuele gemeenskap is die man se vooorreg en die vrou se verpligting.	• Wederkerige seksuele behoeftebevrediging.
• Seksuele verhouding vir voortplanting	• Seksuele gemeenskap vir liefdesbetoning en genot.
• Groot gesinne.	• Klein gesinne: gesinsbeplanning.
• Die keuse van die huweliksmaat word deur die uitgebreide gesin bepaal.	• Die keuse van die huweliksmaat is persoonlik.
• Egskeiding is onaanvaarbaar.	• Egskeiding is 'n alternatief vir 'n verbrokkelende huwelik.
• Huweliksverwagtinge islaag.	• Hoë huweliksverwagtinge en die moontlikheid van teleurstellings

(Alpaslan, 1994:3-4)

Die navorser stem saam met beide outeurs en beklemtoon weereens die problematiek rondom die verandering, verstedeliking en verwestering wat tot die aanpassing by hierdie kulturele verskille en/of veranderinge aanleiding gee. Min navorsing ten opsigte van die Westerse invloed op die swart huwelik is beskikbaar. Aangesien die navorser hierdie aanpassingsprobleme in die veranderingsproses onder die swart studente geïdentifiseer het, word daar na aanleiding van die vorige hoofstuk oor die invloed van akkulturasie op die individu as student, die kenmerke van die swart getroude student volgende bestudeer.

3.3 SWART GETROUDE STUDENTE IN DIE AKKULTURASIEPROSES

'n Toename in studente se aanvraag op huweliksberading by sielkundige en maatskaplike dienste op kampus, word 'n algemene verskynsel (Dickstein (1991:471). Studente is nie bewus van die tekens van huwelikstres nie en kan somtyds nie sonder hulpverlening gebalanseerd funksioneer nie. Die getroude student het volgens Dickstein (1991:471) andersoortige behoeftes as ongetroude studente en vermeld: "Married student issues concern combining family/school/career, effective time management, enriching a relationship ..". Die navorser stem saam met hierdie bevindinge en meen dat die swart getroude student, na aanleiding van Hoofstuk 2, nog verdere andersoortige behoeftes aan blanke Suid-Afrikaanse Universiteite kan hê. Die vraag is, het hulle wel andersoortige behoeftes as die blanke getroude student en indien wel, wat sluit hierdie behoeftes in?

Om hierdie vraag te beantwoord of te bestudeer, moet die mens binne sy gemeenskap in totaliteit gesien en bestudeer word (Strydom, 1995:123). In Hoofstuk 2 is die invloed van akkulturasie op die individu as student bespreek en is afgelei dat akkulturasie wel 'n invloed op die huwelik, gesin en die gemeenskap het. Die swart getroude student het daarom volgens die navorser

wel andersoortige behoeftes, naamlik behoeftes wat met die suksesvolle aanpassing by kultuurveranderinge, die studentelewe en die getroude lewe gepaard gaan. Die eerste twee aspekte is alreeds in Hoofstuk 2 bespreek en daarom word die invloed van hierdie twee aspekte op die swart student se huwelik vervolgens bespreek:

Die huwelik bestaan nie alleen uit die huwelieksluiting tussen 'n man en 'n vrou nie, maar ook uit die somtotaal van die komponente of samestellende dele van die huweliksverhouding (Alpaslan, 1994:17). Die huweliksverhouding bestaan volgens Alpaslan (1994:19) uit veertien komponente. Hierdie komponente is van toepassing op 'n monogame huweliksvorm (een man en een vrou), dit wil sê 'n huwelik volgens die Westerse kultuur. Die navorser stem saam met Alpaslan se verdeling van die veertien komponente van die huweliksverhouding en bespreek die swart getroude student aan die hand van hierdie veertien komponente. Daar is geen literatuur ten opsigte van die komponente van swart huwelike beskikbaar nie, en daarom kan nuwe inligting van swart huwelike so bekom word. Die veertien komponente van die huweliksverhouding sien soos volg daarna uit:

3.3.1 Die gesin van herkoms;
3.3.2 selfbeeld;
3.3.3 seksualiteit;
3.3.4 huwelikskeuse;
3.3.5 huweliksmotief;
3.3.6 kommunikasie;
3.3.7 konflikhantering;
3.3.8 potensiële groeiruimte;
3.3.9 rolverdeling;
3.3.10 beroepsbeoefening;
3.11 ouerskap;
3.12 finansies;

3.13 skoonouers;

3.14 geloofsgroei.

3.3.1 Die gesin van herkoms as komponent van die huweliksverhouding

Die swart getroude student leer volgens Stahmann en Hiebert in Alpaslan (1994:22) die kenmerke van die huwelik/gesin van hul gesin van herkoms en vermeld: "Marital expectations, marital attitudes, and marital behavioural patterns are not born into us. We learn them from parents and family-of-origin". Tydens die vorige hoofstuk is die waarde en funksie van kultuur vir die individu uiteengesit. Soos reeds deur Kuykendall (1992:1) vermeld, is die mens 'n produk van sy/haar eie kultuur en dit bepaal die wyse waarop die mens dink, doen en reageer. Kultuur (so ook huweliksverwagtinge, -houdings en gedrag) word deur die ouers en gemeenskap aan die kind oorgedra en aangeleer. Van Niekerk (1987:24) is van mening dat die swart egpaar as kind gewoontes binne die swart kultuur aanleer en dus minder op individualisme gefokus is.

In die geval van swart getroude studente bespreek Sebata (1997:16) die invloed van die gesin van herkoms op die swart student se funksionering. Die swart studente het 'n ekonomiese en akademiese agterstand, aangesien: "... parents of black students have fewer years of education (or are completely illiterate), earn less, or work at lower status jobs ..". (Allen, Epps & Haniff, 1991:5) Watter invloed het hierdie agterstand van die swart student op die huweliksverhouding?

Om saam te vat, word verskillende rolle, opvoedingswyses, dissipline, kommunikasie en die egpaar se waardes en norme deur die gesin van herkoms aangeleer en dit verskil van die Westerse norm. Die swart getroude student is tydens die akkulturasieproses aan die Westerse norm blootgestel. As gevolg hiervan meen Alpaslan (1994:22) dat verloofdes voor die huwelik 'n voorraadopname van die ervarings, indrukke, ondervindings en manifestasies

van die gesin moet maak. Die familie- en gesinsagtergrond moet geëvalueer word. Die verhouding met die ouers en die res van die gesinslede, voorheen en tans, moet geïdentifiseer word. Die aard van die opvoeding en die gevoelens daaromtrent moet uitgespreek word. Gebruike, gewoontes en verhoudingsgedrag van beide se gesin van herkoms, moet teenoor mekaar uitgedruk word.

Na aanleiding van die literatuur is die navorser van mening dat hierdie komponent noukeurig deur die swart egpaar bespreek moet word. Nie alleen die invloed van die tradisionele gesin van herkoms moet geïdentifiseer word nie, maar ook die invloed van die Westerse huwelik en gesin. Die swart getroude studente moet dus vasstel wat hul veranderende idees, gevoelens en gewoontes van die huwelik is.

3.3.2 Selfbeeld as komponent van die huweliksverhouding

Selfbeeld word deur Higgins in Alpaslan (1994:31) omskryf as: "Jou selfbeeld is dit wat jy dink van jou voorkoms, intelligensie, prestasievermoë, interpersoonlike verhoudings en ook jou idee van wat ander van jou dink. Selfbeeld is die siening wat 'n persoon van homself het, nadat hy homself geëvalueer het". Soos reeds vermeld bied kultuur die swart student 'n identiteit en 'n selfbeeld. Die ideë-oordrag, ontwrigting in die persoonlikheidstruktuur, maatskaplike ontbinding en die hele proses van akkulturasie beïnvloed die egmaat se siening van hom/haarself. Gibbs in Flemming (1984:21) vermeld dat swart studente in blanke universiteite identiteitsprobleme ontwikkel, aangesien hulle rolverwarring, angs en depressie ervaar.

Laasgenoemde gee aanleiding tot aanpassingsprobleme en sluit aan by Nolte (1995:44) wat tydens vorige bespreking die belangrikheid van die suksesvolle aanpassing by veranderende omstandighede, die nakoming van

verantwoordelikhede en die hantering van die ontwikkelingstake van die individu as student en as egmaat, beklemtoon. Laasgenoemde is noodsaaklik vir die ontwikkeling van 'n onafhanklike, effektiewe volwassene en dra tot 'n gesonde selfbeeld en gebalanseerde maatskaplike funksionering binne die huwelike by. Om hierdie rede moet die identiteitsprobleme onder swart getroude student aangespreek word (Flemming,1984:21).

Selfbeeld hou volgens Alpaslan (1994:39) direk met huweliksaanpassing en huweliksgeluk verband, en daarom moet daar tydens huweliksvoorbereiding en begeleiding aandag geskenk word aan strategieë om die selfbeeld in interpersoonlike verband uit te lig. Alpaslan (1994:38) meen verder dat 'n betekenisvolle verhouding vir die uitbouing, vorming en hervorming van die selfbeeld nodig is. Die navorser stem saam en beklemtoon die belangrikheid van wedersydse kennis van die swart studente egpaar se gevoelens en menings oor hulself en die verskillende komponente van die huweliksverhouding. Sodoende kan die bogenoemde identiteitsprobleme aangespreek word.

3.3.3 Seksualiteit as komponent van die huweliksverhouding

Die voornemende huwelikspare/jonggetroude huwelikspare is onsekerheid ten opsigte van die plek van seksualiteit binne die huweliksverhouding (Alpaslan, 1994:41). Die rede hiervoor is die verskillende sosialiseringsmodelle waaraan die individu blootgestel word. In die sosialiseringsmodelle in die tradisionele huwelik is geslagsgemeenskap meer as net 'n behoeftebevrediging, dit het 'n simboliese betekenis en is belangrik vir voortplanting (Kimathi, 1994:13).

Die navorser verskil dus van Alpaslan (1994:41) en stem saam met Kimathi (1994:13) en Van Niekerk (1987:28) wat meen dat die swart voornemende huwelikspare/jonggetroudes die plek van seksualiteit in voortplanting erken, aangesien voortplanting vir die tradisionele kultuur 'n manifestasie van

lewenskrag om die dood te oorwin, is. Die swart egpaar kan hulle in hul nasate voortlewe. Om hierdie rede vermeld Kimathi (1994:17): "., a single man was excused if he fathered a child outside marriage". Die gemeenskap verkies 'n kind buite die huwelik bo die moontlikheid om te sterf sonder kinders. Voorhuwelikse gemeenskap kom algemeen onder die swart studente voor en word volgens baie kulture nie verbied nie, alhoewel sekere kulture meer rigiede reëls daarstel.

Tradisionele verskille ten opsigte van seksuele bevrediging kom wel voor, aangesien dit in sekere kulture slegs vir die tradisionele man beskore is. Kimathi (1994:13) vermeld dat die tradisionele vrou in sekere kulture nie geslagsgemeenskap mag geniet nie. Indien sy dit geniet, is dit 'n teken vir die man dat hy 'n nuwe vrou moet kry. Die vraag ontstaan of die swart getroude studente wel hierdie persepsie van seksuele bevrediging nastreef, indien nie, wat is hul persepsie? Het die akkulturasieproses 'n invloed op die individu se seksuele persepsie?

Die navorser is van mening dat die akkulturasieproses wel 'n invloed op die seksuele verhouding in swart huwelike het, aangesien die moderne/"elite" swart egpaar meer van kontrasepsiemetodes gebruik maak (Van Niekerk, 1987:29). Die tradisionele swartman is nie ten gunste van kontrasepsie nie. Verder is poligamie volgens Schapera in Van Niekerk (1987:30) besig om sy funksie in die moderne samelewing te verloor. Monogamie is meer koste-effektief, en die veranderende behoeftes van die geëmansipeerde swart vrou, dwing die swart man om meer aan haar behoeftes aandag te gee (Van Niekerk, 1987:30).

Liefde en trou is volgens Lamb (1982:37) nog nie genoegsaam onder die swart egpare in die akkulturasieproses ontwikkel nie en vermeld: "In the cities, sexual morals are much looser, but affection between men and women is only rarely displayed or expressed. You will never see a young couple in East Africa

exchanging touches or simply sitting quietly in a restaurant, looking at each other. Africans skip the preliminaries known in the West, where a European couple might kiss, Africans copulate". Die navorser stem hiermee saam en identifiseer die leemte in die literatuur oor verdere inligting ten opsigte van die "elite" swart egpaar, soos gedefinieer deur Kimathi (1994:8) in Hoofstuk 2, se veranderende seksuele behoeftes.

Ten spyte van hierdie leemte kan daar tydens huweliksvoorbereiding of -begeleiding sinvolle bespreking aangemoedig word. Christenson in Alpaslan (1994:42) benadruk die volgende gedagte: "Sex is one aspect of marriage. Like any other thing in the marriage it should be done as well as possible but it should not be allowed to color every other aspect of marriage".

3.3.4 Huwelikskeuse as komponent van die huweliksverhouding

Die proses van akkulturasie het groot verwarring ten opsigte van die keuse van 'n huweliksmaat veroorsaak (Van Niekerk,1987:28). Die tradisionele gebruik waar die ouers vir hulle kinders egmaats kies, vervaag onder die moderne swart gemeenskap. Die sterk familieverbintenisse tussen die tradisionele swart man en swart vrou se families vervaag daarmee saam. Sekere aspekte van die tradisionele huwelik, soos lobola, vind nog plaas. Ongelukkig gaan lobola dikwels gepaard met die selfsugtige motiewe van die ouers wat alle uitgawes aangaande die dogter se opvoeding, as lobolaprys aanvra. Ten spyte hiervan vermeld Viljoen (1994:85) 'n interessante bevinding, naamlik dat baie swart egpare ten gunste van lobola is, aangesien dit sosiale en sielkundige sekuriteit en familiestabiliteit verseker.

Die swart getroude student se keuse van huweliksmaat vind meer op individuele en persoonlike basis plaas as voorheen en daarom beklemtoon Smith & Apicelli (1982:194) die volgende standpunt: "'n Gelukkige huwelik is slegs moontlik as jy

die hulp gevind het wat by jou pas". Schulz & Rogers in Alpaslan (1994:63) is van mening dat daar by elke individu sekere norme en aanwysers ten opsigte van die keuse van 'n huweliksmaat is. Faktore wat van belang is by die keuse van 'n huweliksmaat, is homogeniteit (soort soek soort), die komplementeringsteorie (basiese behoeftebevrediging), die ouerlike beeld en die dupliseringsteorie (dieselfde persoonlikheidstrekke).

Daarteenoor verwys Van der Vliet (1991:76) se navorsing oor die huweliksverwagtinge van stedelike swart egpare, eerder na die kenmerke van die "ideale man" en "ideale vrou" as die norme/aanwysers vir die keuse van 'n huweliksmaat. Die kenmerke van die "ideale man" en "ideale vrou" sien soos volg daarna uit:

* Die "ideale man" moet liefdevol, konsidererend, aantreklik en opgevoed wees. Hy moet finansiële stabiliteit voorsien en goeie vaderlike eienskappe openbaar.
* Die "ideale vrou" moet 'n goeie vrou, ma en huisvrou wees. Sy moet goeie maniere handhaaf, opgevoed en intelligent wees en respek teenoor haar man en sy familie betoon. Sy kan 'n inkomste genereer.

Verdere interessante gegewens in Van der Vliet (1991:87) se navorsing is dat die meeste respondente toon dat liefde vir mekaar, voldoende besteding van tyd met die kinders, asook kameraadskap belangrike faktore vir die keuse van 'n huweliksmaat is. Verdere samevattende faktore van belang in die keuse van 'n huweliksmaat onder swart getroude studente, word soos volg saamgevat:

* die keuse van iemand met dieselfde ras of kultuur (Alpaslan, 1994:64);
* die ooreenstemmende politieke standpunte (Smuts, 1982:22);
* die rol van intelligensie of onderwyspeil (Alpaslan, 1994:64);
* dieselfde geloofsoortuigings, aangesien verskille tot konflik aanleiding kan gee (Du Toit, 1984:67);

* iemand met min of meer dieselfde ouderdom, alhoewel mans neig om vroue jonger as hulself te kies (Steyn & Breed, 1977:149);
* basiese behoeftebevrediging (Alpaslan, 1994:65);
* egmaat beskik oor positiewe eienskappe van die individu se ouers (Mace, 1981:48);
* egmaats het naastenby dieselfde persoonlikheidseienskappe of temperament (Alpaslan, 1994:66).

Die navorser stem met die bogenoemde saam, maar is ook van mening dat fisiese aangetrokkenheid op interne (persoonlikheid) en eksterne (liggaamlike) vlak van groot belang is. Hierdie faktore is die algemene of universele aspekte wat grotendeels in alle verhoudings in verskillende kulture voorkom. Die literatuur ten opsigte van die voorkeure van die swart man en vrou is beperk, maar wat duidelik na vore tree, is die belangrikheid van vrugbaarheid/voortplanting as 'n faktor tot huwelikskeuse in swart huwelike (Kimathi, 1994:13).

3.3.5 Huweliksmotief as komponent van die huweliksverhouding

Die huwelikskeuse en -motief loop hand aan hand. Die huwelikskeuse toon wie die lewensmaat van die individu moet wees, terwyl die huweliksmotief die rede waarom die egpaar wil trou/getrou het, aandui. Alpaslan (1994:71) is van mening dat daar tydens huweliksvoorbereiding en -begeleiding 'n ruim geleentheid vir die bespreking van die verskillende motiewe vir huwelksluiting moet wees.

Die navorser is van mening dat die samelewing van elke man en vrou verwag om te trou. 'n Huwelik is deel van kultuuroorname, voortplanting en vir party 'n geloofsoortuiging. Rice (1983:57) bespreek die konsep van liefde as die belangrikste basis van die huwelik en so ook die belangrikste motief vir huwelike.

Die liefde bestaan uit vriendskap, romantiek, afhanklikheid, seksualiteit, onselfsugtigheid en aanvaarding (Rice, 1983:60-63). Volgens die vorige bespreking van seksualiteit as komponente van die huweliksverhouding, is dit duidelik dat voortplanting weer onder die swart huwelike 'n belangrike motief vir die huwelik is. Hiermee saam sluit dit ook die bevrediging van seksuele behoeftes in, alhoewel die veranderende samelewingswaardes en -norme, seksuele bevrediging buite die huwelik begin aanvaar. Geliefdes tree in die huwelik:

* as gevolg van 'n buite-egtelike swangerskap (Rice,1983:68);
* om eensaamheid te oorbrug en nie alleen oud te word nie (Alpaslan, 1994:68);
* om waarde en seksualiteit te bewys (Rice, 1983:65);
* om sekuriteit, hetsy op emosionele of finansiële vlak, te verkry (Thomton, 1982:21);
* om van ongelukkige huislike omstandighede te vlug (Rice, 1983:65);
* vir kameraadskap en vriendskap (Alpaslan, 1994:68);
* as gevolg van 'n spesifieke ouderdomgroep en sosiale druk (Rice,1983:53);

Die motiewe tot die huwelik is 'n belangrike komponent van die huweliksverhouding, aangesien verskillende motiewe tot verskillende huweliksverwagtinge aanleiding kan gee wat versoenbaar of onversoenbaar kan wees. Die swart getroude student het, soos reeds vermeld, andersoortige behoeftes, verwagtinge en motiewe van die huwelik. Weereens gaan hierdie komponent in swart getroude studente met die vlak van geletterdheid en die invloed van die proses van akkulturasie gepaard (Van der Vliet, 1991:3). Die moderne huwelik het ander huweliksmotiewe as die tradisionele huwelik, maar in die geval van die swart getroude student neem daar meer studente die moderne huweliksmotiewe deur akkulturasieproses aan (Van der Vliet, 1991:3)

3.3.6 Kommunikasie as komponent van die huweliksverhouding

Kommunikasie vir die huwelik is so noodsaaklik soos bloed vir die liggaam (McQueen, 1988:18-19). Sonder verbale en nie-verbale kommunikasie is 'n verhouding en die verkenning van mekaar nie moontlik nie. Hurt en Rydman in Alpaslan (1994:72) definieer kommunikasie soos volg: "Communication is the process of conveying, transmitting, or moving information, ideas, or feelings from a sending source (through a path or channel) to a receiver".

Tradisioneel is die swart huwelike nie soseer deur persoonlike voorkeur, op individualiteit en aanvoeling vir mekaar gerig nie, maar wel deur posisies in die familiestruktuur. Die swart kultuur fokus meer op die groep en minder op die individu wat 'n definitiewe uitwerking op die individu se persoonlikheid het (Sargent & Williamson in Van Niekerk, 1987:24). Die onvermoë van die individu om hom/haarself intiem in 'n stabiele emosionele vriendskap te gee, ontstaan (Van Niekerk, 1987:24). Laasgenoemde stem ooreen met die vorige bespreking van Nolte(1995:40) dat die swart student probleme met die teenoorgestelde geslag ervaar.

Kommunikasie en buigsaamheid is volgens Obudho (1983:179) van groot belang en vermeld dat daar min kommunikasie tussen swart egpare plaasvind, aangesien hulle so opgevoed is. Die swart kultuur fokus nie op sinvolle luistervaardighede en kommunikasie nie, aangesien die groep en gemeenskap bo individualiteit geplaas word. Die minimale fokus op individualiteit gee tot die verlies aan tydsbesteding aanleiding en fokus nie op mekaar se behoeftes en probleme nie (Dickstein, 1991:472) Laasgenoemde gee weer aanleiding tot die verlies aan effektiewe kommunikasie. Laastens vermeld Dlamini (1990:39) dat die swart man 'n outokratiese verhouding met sy vrou aanleer, terwyl die swart vrou 'n behoefte aan 'n meer demokratiese verhouding ontwikkel.

oorsake van konflik in swart huwelike word op finansiële verskille (Obudho, 1983:23), rolverwarring, individualiteit, emsionele uitdrukking en seksuele aanpassing gegrond (Obudho, 1983:177-178). 'n Gebrek aan vertroue, verbondenheid en huweliksontrou is verdere aspekte wat tot konflik aanleiding gee (Dickstein, 1991:477).

Die bogenoemde faktore wat tot konflik aanleiding gee, kan in die komponente van die huweliksverhouding saamgevat word. Die navorser is van mening dat enige van die komponente van die huweliksverhouding

Die navorser spreek na aanleiding van die bogenoemde bespreking haar kommer oor die gebrek aan effektiewe kommunikasie onder swart huwelike uit. Vorige besprekings toon dat daar in die akkulturasieproses bykomende verskille, ten spyte van verskille in die huweliksverhouding tussen swart getroude studente ontstaan. Hierdie problematiek moet tydens huweliksvoorbereiding/-begeleiding aangespreek word. Die huwelikspaar moet oor die vermoë beskik om effektiewe kommunikasie te evalueer en verdere kommunikasievaardighede aan te leer.

3.3.7 Konflik as komponent van die huweliksverhouding

Die konstruktiewe hantering van geskilpunte in die huwelik bevorder huweliksgeluk (Alpaslan, 1994:83) Soos reeds bespreek, is daar 'n leemte in effektiewe kommunikasie onder swart getroude studente. Die belangrikste oorsake van konflik in swart huwelike word op finansiële verskille (Obudho, 1983:23), rolverwarring, individualiteit, emsionele uitdrukking en seksuele aanpassing gegrond (Obudho, 1983:177-178). 'n Gebrek aan vertroue, verbondenheid en huweliksontrou is verdere aspekte wat tot konflik aanleiding gee (Dickstein, 1991:477).

Die bogenoemde faktore wat tot konflik aanleiding gee, kan in die komponente van die huweliksverhouding saamgevat word. Die navorser is van mening dat enige van die komponente van die huweliksverhouding 'n bron van konflik kan wees, mits die swart egpaar van die begin af al die komponente oop, eerlik en deur middel van effektiewe kommunikasie bespreek. Die huwelik is 'n voortdurende proses van ontdekking en mekaar leer ken. Indien laasgenoemde nie plaasvind nie, kan konflik huweliksongeluk voorsaak. Die navorser stem saam met Morgan in Alpaslan (1994:83): "A successful marriage is not characterized by an absence of all conflict and difficulty, but rather by the ability

to work through them". Tydens huweliksvoorbereiding en-begeleiding moet konstruktiewe konflikhantering geëvalueer en aangeleer word.

3.3.8 Potensiële groeiruimte as komponent van die huweliksverhouding

Die huwelik sluit afsonderlike en gesamentlike groei in. Potensiële groeiruimte word deur Alpaslan (1994:90) gedefinieer as: "...die vermoëns waaroor die voornemende huwelikspaar beskik om mekaar enensyds toe te laat om afsonderlik te groei, maar andersyds saam te werk tot gesamentlike groei in die huwelik". Selfs "Die profeet" van Gibran (1984:15) beskryf hierdie komponent met poëtiese woorde: "Min mekaar, maar moenie van liefde boeie maak nie".

Daar is sekere faktore wat "min mekaar" in potensiële groei in die huwelik bepaal, naamlik:

* afsonderlike en gesamentlike vriende, en
* afsonderlike en gesamentlike stokperdjies en belangstellings (Alpaslan,1994:92-94).

Die egpaar moet hierdie faktore noukeurig bespreek om mekaar se behoeftes ten opsigte van persoonlike ruimte te identifiseer. Soos reeds bespreek, verskil die persepsie van "liefde boeie maak" tussen die moderne en tradisionele huwelik. Die tradisionele huwelik vereis selfverloëning en onderdrukking van die individu se persoonlike identiteit, terwyl daar in die moderne huwelik ruimte vir individuele groei, seggenskap, vryheid en selfverwesenliking is (Rice, 1983:9). In tradisionele huwelike gaan dit oor die ontwikkeling van die groep en nie die ontwikkeling van die individu nie. Volgens die literatuur vind daar min persoonlike groei in swart huwelike plaas. Soos reeds vermeld en tydens verdere bespreking, weet die swart man nie hoe om die emansipasie van die vrou te hanteer nie. Wantroue benadeel die behoud van afsonderlike vriende en persoonlike aktiwiteite, asook huweliksgeluk.

Ten spyte hiervan beskryf Rice (1983:108) die ontstaan van 'n "nuwe huwelik" onder die Amerikaanse swart egpare, naamlik dat die man en die vrou mekaar die geleentheid gun om persoonlik te groei, selfverwesenliking, en selfaktualisering toe te pas. Die vraag ontstaan of hierdie "nuwe huwelik" oorsee ook die swart huwelik in Suid-Afrika kan verteenwoordig of word die tradisionele norme van persoonlike groei nog toegepas? Die navorser is van mening dat die sukses van 'n huwelik daarin bestaan om aan mekaar die geleentheid te bied om individuele en gesamentlike groei binne die huweliksverhouding te bewerkstellig. Daarom moet hierdie komponent in huweliksberading onder swart studente aandag geniet.

3.3.9 Rolverdeling as komponent van die huweliksverhouding

'n Komponent wat tot die afsonderlike en gesamentlike groei van die egmaats bydra, is die huweliksverpligtinge en -verantwoordelikhede. Die rolverdeling binne die huwelik, sluit hierdie verpligtinge en verantwoordelikhede in. Rice (1983:175) is van mening dat rolverdeling binne die moderne huwelik eerder gaan oor die uitruiling van rolverantwoordelikhede as oor wat die man en die vrou moet doen.

Die tradisionele huwelik word gekenmerk deur 'n duidelike verdeling van rolle tussen die geslagte, naamlik waar die man hoofsaaklik buitenshuis en die vrou binneshuis is (Alpaslan, 1994:95). Die emansipasie van die vrou het volgens Van Niekerk (1987:32) tot die toename in ekonomiese onafhanklikheid en funksionering van die vrou aanleiding gegee. Die tradisionele swart vrou is in die moderne lewe nie meer so ondergeskik aan die swart man en sy familie as in die verlede nie (Van Niekerk, 1987:32). Hierdie nuwe situasie vereis 'n intiemer verhouding in die huwelik, maar soos reeds bespreek, is dit en meer openlike

kommunikasie 'n leemte in moderne/"nuwe" swart huwelike (Van Niekerk, 1987:32).

Die swart getroude student moet aandag gee aan die verdeling van rolle, aangesien hulle die verantwoordelikhede as student, egmaat en somtyds as ouer moet nakom. Al hierdie verantwoordelikhede kan nie sonder die sinvolle verdeling van rolle hanteer word nie. Aan die hand van die vorige bespreking, vind sinvolle rolverdeling onder swart getroude studente nie plaas nie. Die voornemende huwelikspaar moet voortdurend die rolverdeling en roluitruiling bespreek om individuele en gesamentlike groei te bevorder. Rose & Rose in Alpaslan (1994:96) beskryf die uitwerking van 'n gebrek aan rolverdeling: "A lack of fexibility and willingness to share roles, creates a lot of stress, boring routine, and a lack of empathy for the other person's contribution to (family life)".

3.3.10 Beroepsbeoefening as komponent van die huweliksverhouding

Beroepsbeoefening kan die vlakke van huwelikstevredenheid bepaal en/of beïnvloed (Alpaslan, 1994:97). In die rolverwagtinge van die tradisionele huwelik, waar die man die broodwinner en die vrou die tuisteskepper is, speel beroepsbeoefening volgens Smith en Apicelli (1982:266) nie so 'n belangrike rol nie. In die moderne huwelik is beroepsbeoefening van kardinale belang, en moet daar verkenning en beskrywing oor die onderwerp plaasvind.

Stedelike swart getroude studente wat 'n voltydse betrekking beklee, ervaar volgens Young, Ekeler, Sawyer en Prichard (1994:508) die meeste probleme in die akkulturasieproses. Laasgenoemde outeur vermeld dat daar deesdae meer gereeld werk in die stede aan die swart vrou as aan die swart man aangebied word.. Hierdie situasie of sosiale verandering skep verwarring in die hierargiese status van die man en kan selfs tot depressie en geweld aanleiding gee.

Volgens Dickstein (1991:471) is daar meer vroulike studente op die Amerikaanse Universiteite as mans, alhoewel hulle minder ambisieus as die mans is. Dickstein (1991:471) vermeld: "Part of the unspoken agenda for the couple may relate to life goals regarding balance between career and family". Die navorser is van mening dat huweliksongeluk onder andere, die gevolg van 'n wanbalans tussen beroep en die huwelik is. So kan dit gebeur dat die swart manlike student wat voltyds 'n betrekking beklee, deur sy vrou verwerp word, aangesien hy te min tyd aan haar spandeer. So kan dit ook gebeur dat die swart man sy vrou ('n student) in die begin ondersteun, maar haar later verbied om verder te studeer, aangesien hy nie met 'n professionele persoon getroud wil wees nie (Dickstein, 1991:477) Vind hierdie tendense in Suid-Afrika ook plaas? In die empiriese verwerking in Hoofstuk 4 word hierdie vraag verder bespreek.

3.3.11 Ouerskap as komponent van die huweliksverhouding

Suksesvolle ouerskap is beplande ouerskap wat deur egpare met 'n goeie vlak van huweliksaanpassing bereik kan word (Alpaslan, 1994:115). Indien daar nie 'n vlak van goeie huweliksaanpassing heers nie, kan ouerskap as 'n krisis in die lewenssiklus van die gesin gesien word (Parent & Parent en Landis & Landis in Alpaslan, 1994:101). Die ewewig van die gesin word deur die koms van 'n kind, en die daaropvolgende kinders versteur. Mans en vrouens verskil ten opsigte van die wyse van opvoeding van kinders en dit kan tot huwelikskonflik en gesinsverwarring aanleiding gee (Rice,1983:348).

Soos reeds vermeld, is die tradisionele huwelik onderhewig aan veranderinge wat ouerskap in die huweliksverhouding beïnvloed. Ouerskap as komponent van die huwelik hou met die rolverdeling tussen die man en die vrou verband. Die swart man voldoen nie meer aan al die vereistes van die swart vrou nie, en dit tree veral in die opvoeding van die kinders na vore. Die swart man is nie by die opvoeding van die kinders betrokke nie, wat daartoe lei dat die swart vrou

die huishouding en die opvoeding van die kinders alleen moet behartig (Dlamini, 1990:38). Huwelikskonflik en onenigheid ontstaan, aangesien die moderne swart vrou haarself gelyk met haar man sien, terwyl haar man haar nog as ondergeskikte hanteer (Dlamini, 1990:38). Dit sluit aan by vorige besprekings dat die swart man nie weet hoe om die geëmansipeerde swart vrou te hanteer nie.

'n Verdere probleem ten opsigte van ouerskap, is dat die swart egpaar nie oor die nodige vaardighede in die dissiplinering van die kinders beskik nie (Richeport-Haley, 1998;79). Die invloed van die sosiale veranderinge in die gemeenskap en die generasiegaping kan as rede hiervoor aangevoer word. Dickstein (1991:478) vermeld interessante inligting ten opsigte van die swart getroude student: "Since a sizeable number of students have divorced and are in second or third marriages with children from a previous marriage, marital therapy issues may center on the inability of the stepparent and child to develop a respectful, accepting, and caring relationship". Die swart getroude student moet sinvolle tydsbesteding aan die kinders en aan sy/haar egmaat beplan en toepas. Hoe kan hierdie probleem tussen die swart man en sy geëmansipeerde swart vrou hanteer word? Die resultate en gevolgtrekkings van hierdie studie sal aanbevelings ten opsigte hiervan bied.

Die navorser is van mening dat die voornemende huwelikspaar 'n voorkomende benadering ten opsigte van die beplanning van ouerskap moet ontwikkel. Die nodige aanpassings en vaardighede moet aangeleer word, om sodoende die disintegrasie van die gesin te voorkom en te verseker dat 'n toestand van ewewig behoue bly. Effektiewe kommunikasie speel volgens die navorser in hierdie verband 'n belangrike rol, maar volgens Obudho (1983:179) is effektiewe kommunikasie 'n leemte in swart huwelike en moet hierdie komponent verdere aandag geniet.

3.3.12 Finansies as komponent van die huweliksverhouding

Finansiële verkryging en besteding binne die huwelik kan 'n bron van groot konflik wees. Landis en Landis in Alpaslan (1994:116) en Rice (1983:230) bewys deur navorsing dat die onoordeelkundige finansiële bestuur in die meeste huwelike met 'n lae graad van aanpassing voorkom. Finansies ten opsigte van swart huwelike toon veranderinge, aangesien die vrou die beroepswêreld betree en nie meer soos in die verlede van haar man afhanklik is nie (Dlamini, 1990:39). Die rede vir hierdie verskille word deur Herrigan & Herrigan in Rice (1983:230) bespreek: "One of the reasons couples have disagreements over money is because of traditional masculine-feminine differences in socialized priorities".

Finansiële verskille word deur Dickstein (1991:471) bevestig en meld dat hierdie verskynsel algemeen onder swart getroude student voorkom. Hierdie verskille ten opsigte van finansiële beplanning gee tot spanning en huwelikskonflik aanleiding (Obudho, 1983:23). Om hierdie rede moet die huwelikspaar oor 'n werkbare finansiële plan ooreenkom. Gesprekke oor die betekenis van geld vir die individu en die wyse van finansiële bestuur en begrotings moet plaasvind.

3.3.13 Skoonouers as komponent van die huweliksverhouding

Die samelewing bevorder negatiewe kondisionering ten opsigte van die gedagtegang van skoonouers. Die navorser meen dat baie egpare geen probleme met hul skoonouers ervaar nie en dit word deur Rice (1983:247-248) bevestig. Probleme kan wel ontstaan as gevolg van die onvolwassenheid van die egpaar en die onrealistiese verwagtinge wat hulle van die skoonouers koester. Die navorser is van mening dat die skoonfamilie van die swart student grotendeels die tradisionele kultuur nastreef en dit ook van hul meer moderne kinders in die stede verwag. Professionele persone in die praktyk ervaar hierdie tendens baie. Verdere redes wat hierby aansluit, is die onvolwassenheid van

die skoonouers en hul weerstand teenoor hul skoonseun/dogter (Alpaslan, 1994:120-122).

Inmenging van die skoonfamilie vind plaas en in sekere gevalle ontwikkel die volgende probleem: "Parents who are emotionally insecure and who have difficulty adjusting to the loss of their child create problems by being overprotected and meddling" (Rice, 1983:249). Die ouers wat hul kinders oorbeskermend grootmaak, sukkel om hulself van hul kind los te maak. Dikwels gebeur dit dat die kind hierdie oorbeskermende behandeling aanmoedig en eerder sy/haar ouers se raad bo die van sy/haar egmaat volg (Williamson in Rice, 1983:249).

Soos reeds vermeld kan probleme met die skoonfamilie tot huweliksonenigheid, -ongeluk en -konflik aanleiding gee. Richeport-Haley (1998:79) bevestig hierdie aspek: "In most cultures, a mother-in-law or grandparents have power to disrupt a marriage". Die navorser is van mening dat die swart getroude student wel probleme met die skoonfamilie ondervind. Die swart egpaar word meer aan die Westerse huwelike blootgestel wat hul persepsie van die huwelik tydens die akkulturasieproses laat verander het. Die tradisionele uitgebreide gesin het daarom nie meer so 'n groot invloed op die huweliksverhouding soos voorheen nie. Laasgenoemde gee tot misverstande en selfs konflik tussen die egpaar en hul families aanleiding.

Ten spyte van die bogenoemde kan hierdie invloed van die skoonfamilie wel op 'n konstruktiewe wyse hanteer word. Tydens huweliksvoorbereiding of -begeleiding moet die voornemende huwelikspaar feite, gevoelens en ervarings oor die skoonouers en breër skoonfamilie opper. Die begrippe "skoonouers" en "probleme" kan sinoniem wees, indien daar nie effektiewe kommunikasie oor die onderwerp plaasvind nie (Alpaslan,1994:120).

3.3.14 Geloofsgroei as komponent van die huweliksverhouding

Godsdiens kan vir 'n huwelik 'n seën of 'n vloek inhou (Alpaslan, 1994:125). Die literatuur verwys na hierdie komponent nie net as geloofsgroei soos Alpaslan (1994:125) nie, maar ook as godsdienstige praktyke (Ball, 1993:207 en Locke,1992:10). Die beoefening van godsdienstige praktyke tot kan huweliksgeluk bydra, al heers daar verskille ten opsigte van hul persepsie en bespreking van godsdienstigheid (Alpaslan, 1994:125).

Godsdienstigheid word volgens Locke (1992:10) gedefinieer as: "Religion is an organized system of the belief in a god, gods, or other supernatural beings". Alpaslan (1994:126-129) bespreek godsdienstigheid aan die hand van die Christelike geloof. Alle kulture sien godsdienstigheid nie in dieselfde perspektief nie. Die tradisionele godsdienstige praktyke beklemtoon die belangrikheid van die kind en die huweliksverhouding (Ball, 1993:206). Volgens Kimathi (1994:2) is daar tradisionele kulture wat na kerstening die christelike geloof beoefening en nog hul tradisionele gebruike voortsit. In die moderne en tradisionele kulture kan verskille oor 'n persoonlike verhouding tot God of verskillende kerkgroepe en gelowe, die geloofsgroei van die huweliksverhouding belemmer (Alpaslan, 1994:126-127).

Die voornemende huwelikspaar moet oor hul persoonlike verhouding tot God, hul kerkgroepe, hul geloofsverskille, verwagtinge en hoe hulle individueel en gesamentlik hul godsdienstige praktyke kan uitleef, praat (Alpaslan, 1994:127). Die bespreking van hierdie veertien komponente van die huweliksverhouding, met spesifieke verwysing na swart getroude studente, bied 'n kort oorsig oor sekere probleemareas wat tydens huweliksbegeleiding aandag moet geniet. Vervolgens word daar kortliks na die geïntegreerde benadering verwys en daarna 'n samevatting oor die hantering van hierdie probleme wat swart getroude studente ervaar:

3.4 'n GEÏNTEGREERDE BENADERING TEN OPSGIGTE VAN HUWELIKSBEGELEIDING AAN SWART GETROUDE STUDENTE IN DIE AKKULTURASIEPROSES

3.4.1 Die geïntegreerde benadering

Die professies in die Geesteswetenskappe moet hulpverlening aan die hand van die sosio-politieke, sosio-ekonomiese en maatskaplike veranderinge ontwikkel. Gobodo (1990:93) stel die volgende uitdaging: "The challenge is to adapt therapeutic practices so that they can be used efficaciously across cultures".
Die literatuur toon duidelike verskille tussen die Westerse en tradisionele huwelik. Die swart getroude student het andersoortige behoeftes en probleme wat tydens huweliksvoorbereiding/-begeleiding aangespreek moet word. Alvorens die terapeut huweliksvoorligting/-begeleiding aan swart getroude studente gee, moet die terapeut 'n studie van swart studente, swart huwelike en ander kulturele aspekte doen (Sue & Sue,1990:ix). Kulturele bewustheid is van groot belang in die hulpverlening aan swart getroude studente.

Problematiek ten opsigte van swart getroude studente kan aan die hand van die geïntegreerde benadering met die fokus op multikulturele terapie aangespreek word. Sodoende kan wyduiteenlopende probleme aangespreek word. Sue & Sue (1990:ix) vermeld: "Cross-cultural counseling is an exciting and challenging field, and we must all take the initiative in reaching out to learn, advance, and grow". Pedersen en Ivey (1993:88) vermeld die belangrikheid van goeie beplanning in multikulturele terapie. Die terapeut moet oor kennis en vaardighede ten opsigte van onderhoudvoering beskik. Terugvoering is volgens Pedersen & Ivey (1993:88) 'n noodsaaklikheid in kultuurgesentreerde terapie. Die terapeut moet vootdurend aan die kliënt se verbale en nie-verbale gedrag aandag gee. Die tegnieke van onderhoudvoering wat uiters belangrik in

multikulturele terapie is, is parafrasering, ondersteuning, reflektering, fokussering, direkte beïnvloeding, interpretering en verduideliking.

Die geïntegreerde benadering in maatskaplike werk word deur Pick in De Jager (1989:133) beskryf as: "...'n doelgerigte maatskaplikewerkproses met verskillende fases of aksies wat gebasseer is op die probleemoplossende model, die behandelingsmetodes, gevalle-, groep- of gemeenskapswerk, wat gekies word, word deur die kliëntesisteem se behoeftes bepaal binne die verskillende fases in die proses vervul die maatskaplike werker, die kliënt en ander sisteme betrokke, verskillende take en rolle ten einde in die behoefte van die kliënt te voorsien of om sy probleem op te los".

Die Geïntegreerde benadering is kortliks in Hoofstuk 1 bespreek en daarom gaan daar slegs na die implementering van die model verwys word. Die implementering van die model vind in vier afdelings plaas, naamlik:

* algemene benaderings;
* benaderings eie aan maatskaplike werk
* navorsing; en
* praktykervaring

Die algemene benaderings en die benaderings eie aan maatskaplike werk word kortliks soos volg deur die navorser in Tabel 2 uiteengesit:

TABEL 2: DIE GEÏNTEGREERDE BENADERING

ALGEMENE BENADERINGS	BENADERINGS IN MAATSKAPLIKE WERK
* Teologie	* Psigososiale
* Psigo-analisme	* Probleemoplossende
* Ego-psigologie	* Funksionele

* Behaviorisme	* Gedragsveranderings
* Eksistensialisme	* Krisisingryping
* Kliëntgesentreerde (selfteorie)	
* Gestaltbenaering	
* Kognitief-affektiewe	
* Rolteorie	
* Sisteemteorie	

Die probleme in die verskillende komponente van die huweliksverhouding wat swart getroude studente in die akkulturasieproses aan die Universiteit van Pretoria ervaar, word vervolgens kortliks aan die hand van die Geïntegreerde benadering bespreek.

3.4.2 Die probleme wat swart getroude studente ervaar

Na aanleiding van die bespreking van die gesin van herkoms, toon Allen, Ebbs & Haniff (1991:5) dat die swart student 'n akademiese en ekonomiese agterstand ervaar. Swart studente se ouers is in die algemeen laer besoldig en het minder opvoedkundige kwalifikasies as die blanke student. Die hele tradisionele opvoedingstyl, rolverwagtinge van 'n man en 'n vrou, individualiteit teenoor groepsgebondenheid, tradisie en gewoontes kom met die Westerse kultuur op universiteit in konflik. Hierdie komponent kan met behulp van die sisteem- en rolteorie as benaderings van die geïntegreerde model aangespreek word. Indien dit nie aangespreek word nie, gee hierdie tendens tot probleme in die volgende komponent van die huweliksverhouding, naamlik die selfbeeld aanleiding.

Die swart getroude student ervaar interne konflik en persoonlikheidsversteuring tydens hierdie aanpassing by veranderinge. Die verlies aan die onbekende omgewing, rolverwarring, angs, depressie, eensaamheid, verwarring en

identiteitsprobleme ontstaan tydens die proses (Flemming,1984:21). 'n Gebrek aan sinvolle evaluasie van die "self" en emosionele ontwrigting plaas addisionele spanning op die huweliksverhouding en belemmer die hantering van die ontwikkelingstake van die swart student as individu, student en egmaat (Nolte,1995:44). Laasgenoemde kan tot 'n onbevredigende, intieme verhouding aanleiding gee (Brandel-Syrier in Van Niekerk, 1987:22). Die psigo-analitiese, kliëntgesentreerde en kognitief-affektiewe benadering kan in die hulpverlening aan die bogenoemde probleme benut word. Die maatskaplikewerkbenadering wat in hierdie verband van nut kan wees, is die psigososiale benadering.

'n Onbevredigende, intieme verhouding benadeel seksualiteit as komponent van die huweliksverhouding. Van Niekerk (1987:29) is vanmening dat die moderne/"elite" egpaar meer van kontrasepsiemetodes as die tradisionele swart egpaar gebruik maak. Monogamie is meer koste-effektief en die veranderende behoeftes van die geëmansipeerde swart vrou, dwing die swart man om meer aan haar behoeftes aandag te gee (Van Niekerk, 1987:30). Liefde en trou onder swart getroude studente is volgens Lamb (1982:37) nie genoegsaam ontwikkel nie. Hierdie tendens ten opsigte van seksualiteit kan aan die hand van die psigo-analitiese en behavioristiese benadering aangespreek word. Sodoende sal die egpaar mekaar se drange, motiewe en begeertes verstaan en nuwe gedrag aanleer. As beide partye se behoeftes nie bevredig word nie en kan hierdie tendense in seksualiteit tot huweliksongeluk aanleiding gee.

Laasgenoemde sluit aan by huweliksmotief en huwelikskeuse as komponent van die huweliksverhouding. Die navorser is van mening dat behoeftebevrediging op 'n groter skaal sal plaasvind as die egmaat weet wat elk se verwagting, keuse en motief van die huwelik is. Van der Viet (1991:3) toon dat hierdie twee komponente onder die invloed van die Westerse huwelik, hul tradisionele motiewe en keuses vir 'n huweliksmaat verander het. Die huweliksmotiewe is grotendeels om vir liefde en voortplanting te trou. Die swart man soek 'n "ideale

vrou" wat 'n goeie vrou en moeder, gemanierd en opgevoed is, terwyl die swart vrou sekuriteit in liefde, finansies en sosiale omstandighede van haar "ideale man" wil hê (Van der Vliet, 1991:76). Die swart man en vrou se persepsies kan deur middel van die psigo-analitiese en psigososiale benadering tydens hulpverlening aangespreek word, om sodoende huwelikskonflik en onenigheid te minimaliseer.

Ten opsigte van huwelikskonflik en -onenigheid vermeld Obudho (1983:79) dat daar 'n leemte in kommunikasievaardighede en konflikhantering onder swart getroude studente voorkom. As gevolg van die fokus op die groep en nie die individu nie, het die egpare deur kultuuroorname en gesin van herkoms nie die nodige luister- en kommunikasievaardighede aangeleer nie. Die swart student ervaar probleme om hom/haarself intiem in 'n stabiele emosionele vriendskap te gee, aangesien hulle as kind slegs op die groepe gefokus was (Van Niekerk, 1987:24).

Konflik gaan met kommunikasievaardighede gepaard. As daar 'n gebrek aan kommunikasievaardighede is, is daar 'n gebrek aan suksesvolle konflik-hantering. Volgens die literatuur vind die grootste mate van konflik onder swart getroude studente ten opsigte van individualiteit (Dickstein, 1991:472), die emansipasie van die swart vrou (Van Niekerk, 1987:32), rolverdeling, finansies, seksuele aanpassing en verwagtinge, wantroue en huweliksontrou plaas (Dickstein, 1991:477). Kommunikasie en konflik kan suksesvol deur die probleemoplossende en funksionele benadering in maatskaplike werk aangespreek word. Kommunikasie is volgens die navorser die belangrikste komponent in die huweliksverhouding, aangesien die egpaar sonder kommunikasie niks van mekaar se persepsies, verwagtinge en behoeftes kan leer ken nie. Met behulp van hierdie twee benaderings kan die egpaar self hul probleme oplos en 'n geheelbeeld van mekaar verkry.

Verdere probleme kom in potensiële groei, rolverwagtinge, beroepsbeoefening en finansies voor. In beide hierdie komponente is die emansipasie van die swart vrou 'n groot probleem vir die swart man. Grayson & Cauley (1989:11) is van mening dat daar onder Amerikaanse swart getroude studente meer vryheid en eweredige verdeling van rolle en verantwoordelikhede plaasvind. Die navorser is van mening dat die akkulturasieproses in Amerika verder gevorder is as Suid-Afrika en daarom toon die Amerikaanse swart getroude student groter aanpassing en oorname ten opsigte van die Westerse huwelik. Hierdie impak van die akkulturasieproses kan deur middel van multikulturele terapie met die klem op die ego-psigologiese benadering, gedragsveranderingsmodel en krisisingryping aangespreek word. Die terapeut moet net voortdurend van die kulturele verskille bewus wees en die mens as unieke wese in totaliteit hanteer.

Soos reeds vermeld, sien die swart man homself as sy vrou se meerdere terwyl die geëmansipeerde swart vrou haarself as sy gelyke sien. Beroepsgewys is Young, Ekeler, Sawyer & Prichard (1994:508) is van mening dat die stedelike swart getroude student wat 'n voltydse betrekking beklee, die meeste probleme tydens die akkulturasieproses ervaar.

Laastens ervaar die swart getroude student probleme met hul skoonouers, aangesien hul ouers en skoonouers (Richeport-Haley, 1998:79). Die navorser is van mening dat die ouers of skoonouers nog die tradisionele kultuur nastreef, terwyl hul kind(ers) meer die die persepsie van die Westerse kultuur op universiteit aanneem. Die skoonfamilie toon inmenging, weerstand teen die skoonseun/dogter en koester onrealistiese verwagtinge van die swart egpaar. Weereens is die sisteem- en rolteorie in maatskaplike werk 'n sinvolle keuse vir die hantering van hierdie probleme.

3.5 SAMEVATTING

3.5.1 Die sosio-ekonomiese en politieke veranderinge in Suid-Afrika het 'n groot invloed op swart huwelike en gesinne (Strydom. 1995:115). Na die tagtigerjare en die afskaffing van apartheid, het die toeloop van swart studente aan blanke universiteite drasties toegeneem. Hierdie swart studente kom met 'n vreemde kultuur in kontak wat hulle deur middel van die akkulturasieproses aanneem. 'n "Nuwe" kultuur, naamlik die "elite" word volgens Kimathi (1994:2) geskep. Hierdie gebeurtenis het 'n negatiewe invloed op die swart getroude student se lewe, aangesien slegs
sekere kenmerke van die Westerse huwelik aangeneem word, en ander tradisionele kenmerke van die swart huwelik behoue bly
(Nbiti in Kimathi, 1994:8).

3.5.2 Laasgenoemde situasie gee tot problematiek ten opsigte van die verskille tussen die Westerse en Afrika kultuur/huwelik aanleiding. Alpaslan (1994:3-4) dat die Tradisionele huwelik met outokrasie, vroulike ondergeskiktheid, groot gesinne en min emosionele en persoonlike betrokkenheid, gepaard gaan. Die uitgebreide familiestruktuur het meer seggenskap oor die egpaar as in die geval van die Westerse/moderne huwelik wat op die kerngesin gefokus is. Die Westerse huwelik is meer op individualiteit, behoeftebevrediging, demokrasie, emosionele betrokkenheid en kleiner gesinne gefokus (Alpaslan, 1994:3-4).

3.5.3 Die bestudering van hierdie verskille kan deur middel van die empiriese gegewens moontlike kenmerke van hierdie "nuwe" huwelik wat onder swart

getroude studente in die akkulturasieposes ontstaan, identifiseer. Verdere navorsing kan hierdeur gestimuleer word om sodoende die verbrokkeling van die swart huwelike in Suid-Afrika aan te spreek (De Haas, 1989:5).

3.5.4 Die swart getroude student het volgens Dickstein (1991:471) andersoortige behoeftes as die ongetroude student, maar word ook deur die akkulturasieproses beïnvloed. Hierdie invloed is aan die hand van die veertien komponente van die huweliksverhouding van Alpaslan (1994:17) bespreek.

3.5.5 In die gesin van herkoms ervaar die swart getroude student in die akkulturasieproses problematiek ten opsigte van die verskillende rolle, opvoedingswyses, dissiplinering en kommunikasiepatrone wat hulle by hul ouers aangeleer het. Die student se funksionering word negatief deur die ekonomiese en akademiese agterstand van hul ouers, beïnvloed (Allen,
Epps & Haniff, 1991:5). Laasgenoemde gee tot aanpassingsprobleme aanleiding. Die student ervaar identiteitsprobleme, aangesien hierdie aanpassingsprobleme met rolverwarring, angs en depressie gepaard gaan (Flemming, 1984:21). Soos reeds vermeld, beklemtoon Nolte (1995:44) die belangrikheid van suksesvolle aanpassing by veranderende omstandighede vir suksesvolle toekomstige maatskaplike funksionering.

3.5.6 Seksualiteit word ook deur hierdie akkulturasieproses beïnvloed, aangesien poligamie volgens Van Niekerk (1987:30) sy funksie in die samelewing verloor. Monogamie is meer koste-effektief en die emansipasie van die vrou dwing die man om aan haar behoeftes aandag te gee en seksualiteit nie net as middel tot voortplanting te sien nie.

3.5.7 Die proses van akkulturasie veroorsaak groot verwarring ten opsigte van die keuse van 'n huweliksmaat (Van Niekerk, 1987:28). Die sterk familieverbintenisse tussen die egpare se families vervaag en die ouers kies nie meer hul kinders se egmaats nie. Van der Vliet (1991:76) vermeld die kenmerke van die "ideale man" en "ideale vrou", wat deur swart egpare geïdentifiseer is. Hierdie eienskappe stem baie ooreen met die eienskappe van die Westerse huwelik. Laasgenoemde word ook in die huweliksmotief onder swart getroude studente waargeneem.

3.5.8 Kommunikasie is volgens die navorser een van die komponente waarin daar groot problematiek heers. As gevolg van die gesin van herkoms en aangeleerde kultuur, vind daar volgens Obudho (1983:179) min kommunikasie tussen swart egpare plaas. Hulle fokus nie op sinvolle luistervaardighede of individualiteit nie. Die veranderende huweliksvorms vereis egter hierdie twee aspekte en kan huweliksprobleme veroorsaak. Konflikhantering sluit hierby aan. Obudho (1983:23) is van mening dat konflik ten opsigte van rolverwarring, individualiteit, emosionele uitdrukking en seksuele aanpassing plaasvind. Suksesvolle kommunikasie en konflikshantering is volgens die navorser baie belangrik vir huweliksgeluk.

3.5.9 Potensiële groei sluit nou hierby aan en vereis selfverloëning (Rice, 1983:9). Selfverloëning fokus weer op individualiteit en soos reeds vermeld deur Obudho (1983:23) vind individualiteit volgens die tradisionele huwelik nie plaas nie. Laasgenoemde hou verband met rolverdeling en verder tot beroepsbeoefening. Die emansipasie van die vrou gee aanleiding tot groot verwarring onder die swart getroude studente, aangesien die swart man nie aan die nuwe verwagtinge van die swart vrou voldoen nie (Van Niekerk, 1987:32). Ouerskap vorm deel van

rolverdeling en verwagtinge van die swart egpaar en na aanleiding van die bogenoemde besprekings, kom daar ook probleme in ouerskap voor (Dlamini,1990:39). Tradisioneel is die swart man nie by die opvoeding van die kinders betrokke nie, maar met die emansipasie van die vrou beoefen die vrou ook 'n voltydse beroep en kan nie die huishouding en kinders alleen behartig nie (Dlamini,1990:38).

3.5.10 Ander komponente wat deur hierdie akkulturasieproses beïnvloed word, is finansies, skoonouers en geloofsgroei. Volgens Dickstein (1991:471) gee finansiële beplanning tot spanning en huwelikskonflik onder die swart getroude studente aanleiding. Weereens hou finansies met beroepsbeoefening en rolverdeling verband, aangesien die swart getroude student ook die beroepswêreld betree en finansieel onafhanklik kan funksioneer.

3.5.11 Hierdie problematiek ten opsigte van die invloed wat akkulturasie op die swart getroude student het, kan deur 'n geïntegreerde benadering aangespreek word. Die geïntegreerde benadering kan die konsepte van hierdie studie verfyn en in die maatskaplikewerkprofessie inkorporeer. Sebata (1997:16) vermeld dat die akkulturasieproses die swart getroude student wel beïnvloed en grotendeels negatiewe gevolge veroorsaak.

In die volgende hoofstuk word die empiriese verwerking en gegewens uiteengesit om waar te neem of teorie deur die praktyk bevestig word. Vind hierdie tendense onder swart getoude studente wel aan die Universiteit van Pretoria plaas? Indien wel, kan hierdie ondersoek 'n basis vir verdere studie oor hierdie onderwerp stimuleer.

HOOFSTUK 4

EMPIRIESE VERWERKING

4.1 INLEIDING

Die sosio-ekonomiese en politieke veranderinge in Suid-Afrika gee direk tot die verandering op maatskaplike, sosiologiese en antropologiese gebied in die samelewing aanleiding. Viljoen (1994:4) vermeld dat die veranderinge in die gemeenskap eerstens met die veranderinge in die struktuur van swart families en huwelike, en tweedens met die akkulturasieproses (waar een kultuur 'n ander kultuur aanneem) gepaard gaan. Die geesteswetenskaplike professië, onder andere Maatskaplike Werk, moet by hierdie veranderinge in Suid-Afrika aanpas om relevant en effektief te bly, om sodoende die behoeftes van die gemeenskap aan te spreek (Sikhitha,1996:61).

Om by hierdie veranderinge aan te pas, moet daar navorsing ten opsigte van die veranderinge en die huidige tendense van swart getroude studente gedoen word. Die soort navorsing wat deur die navorser benut is, is toegepaste navorsing, aangesien hierdie soort navorsing bestaande kennis eksploreer om nuwe kennis te bekom (Bloom, 1986:56).

Toegepaste navorsing word gebruik as daar min inligting oor die onderwerp wat nagevors word, bestaan (Hofmeyr, 1996a:2). Die literatuur verskaf baie inligting ten opsigte van die swart tradisionele huwelik, terwyl min inligting ten opsigte van die huidige tendense in swart huwelike in die stad verkrygbaar is. Laasgenoemde sluit ook die tekort aan literatuur ten opsigte van swart getroude studente in.

Die navorsingsplan- of ontwerp wat vir die uitvoering van die studie benut is, is die verkennende navorsingsontwerp. Volgens Mouton (1990:45) is die verkennende navorsingsontwerp meer op die verkryging van insig en verwerwing van begrippe, as op die insameling van akkurate, repliseerbare data gerig. Die navorser gebruik daarom 'n klein steekproef om net begrippe en insig van die huidige tendense van swart getroude studente na te vors.

Die navorser maak van waarneming met gekontroleerde stimuli gebruik, aangesien waarneming volgens Hofmeyr (1996b:4) van die inherente kenmerke van die individu/e in sy/haar onmiddelike situasie of omstandighede identifiseer. Die navorsing handel oor die studie van die swart getroude student se huidige situasie om meer inligting vir die ontwikkeling van nuwe teorië te bekom. Veldopname is as die navorsingsprosedure gebruik. Hierdie tipe waarneming is die mees gepaste wyse om die navorsing toe te pas, aangesien daar min inligting oor die onderwerp beskikbaar is (Meyers in Smit, 1984:75). Die vraelysmetode is benut om die inligting te versamel.

Die navorser gebruik die nie-waarskynlikheidsteekproef vir die uitvoering van die navorsing, aangesien nie al die respondente vir die doel van die navorsing beskikbaar is nie en daar alleenlik gepoog word om data in te samel (Grinnell & Williams, 1990:125). Die tipe nie-waarskynlikheidsteekproef wat gebruik word, is die sneeubaltegniek, wat volgens Grinnell & Williams (1990:126) 'n steekproef is waar 'n lid van 'n groep, ander lede vir die navorsing betrek.

Die teikengroep is swart getroude studente (getroud tussen 1-8 jaar) in die akkulturasieproses aan die Universiteit van Pretoria. Mev. M. Nolte, die Maatskaplike Werker van Studente Steundienste, het respondente vanuit haar kliëntelading geïdentifiseer. Na verdere kontak met hierdie kliënte kon die navorser deur middel van die sneeubaltegniek nog potensiële respondente opspoor.

Mr. Moraka, die hoof van Studente Steundienste, het die navorser voorsien van name van swart getroude studente wat in Tuksdorp en Jakaranda (studente wooneenhede), asook in die mediese koshuise woonagtig is. Die navorser het dit opgevolg en nog potensiële respondente opgespoor. Een van die respondente het die navorser aan die tutor by Departement Afrikaans voorgestel en so nog verdere respondente verkry. Die tutor by Departement Maatskaplike Werk het ook 'n paar respondente vir die uitvoering van die studie verskaf.

Op hierdie wyse is daar 100 vraelyste onder swart getroude studente aan die Universiteit van Pretoria versprei. Twee identiese vraelyste per egpaar, dit wil sê 'n vraelys vir die man en 'n vraelys vir die vrou, is versprei. Vyftig swart egpare het vraelyste ontvang, waarvan slegs 27 egpare (dit wil sê 54 respondente) se vraelyste ingevorder is. Een vraelys, waarin slegs 80 % deur 'n vroulike respondent voltooi is, was onwetenskaplik verklaar.

Die statistiese verwerking van die vraelyste is deur Statomet, Afdeling Navorsingondersteuning van die Departement Inligtingtegnologie deur middel van die SAS-program gedoen. Die twee persone wat die statistiese verwerking gedoen het, was mev. E. Mauer en mej. J. Clark. Mej. J. Clark het die navorser bygestaan met die statistiese korrektheid in die opstel van die vraelys.

Nadat die statistiese verwerking verkry is, is hierdie hoofstuk na aanleiding van die resultate geskryf en deur middel van tabelle en figure uiteengesit. Eerstens word daar na die resultate ten opsigte van die invloed van akkulturasie op die swart student gekyk. Daarna word die inligting ten opsigte van die kenmerke van swart getroude studente in die akkulturasieproses uiteengesit.

4.2 DIE INVLOED VAN DIE AKKULTURASIEPROSES OP DIE SWART STUDENT

4.2.1 Die kenmerke van die swart student aan die Universiteit van Pretoria

Die gemiddelde ouderdom van die respondente is 33 jaar. Die ouderdomsgroep van die respondente strek vanaf 23-47 jaar oud. Die meeste van die respondente (26 %) is 28 jaar oud en val in die ouderdomsgroep 19 tot 35 jaar wat die grootste risikogroep ten opsigte van die suksesvolle aanpassing by die akkulturasieproses is (Tripp-Reimer & Lively in Beck, Rawlins & Williams, 1988:192). Die tweede meeste respondente (23 %) is 30 jaar oud en val ook in hierdie hoë risikogroep. Die derde meeste respondente (23 %) is 40 jaar oud en val in die tweede grootste risikogroep van 36 tot 55 jaar. Die meerderheid van die respondente is studente aan die Universiteit van Pretoria en bevind hulself in die die vroeë volwasse lewenfase van ongeveer 25 tot 44 jaar (Krampitz in Beck, Rawlins & Williams, 1988:809).

Die gevolgtrekking wat hieruit gemaak kan word, is dat die grootste aantal respondente in die vroeë volwasse lewensfase verkeer en daarom die ontwikkelingstake van die vroeë volwassene moet hanteer. Terselfdertyd val die meeste respondente volgens Tripp-Reimer & Lively in Beck, Rawlins & Williams (1988:192) in die hoë risikogroep ten opsigte van die aanpassing by die akkulturasieproses. Laasgenoemde sluit by die volgende gegewens aan.

Die meeste van die respondente (60 %) is nagraadse studente aan die Universiteit van Pretoria. Slegs 22 % is in hul vierde jaar, 14 % in hul derde jaar en 4 % in hul tweede jaar. Die meeste respondente is beide student en werknemer (65 %), terwyl 27 % slegs werknemers en 8 % slegs studente is. Stedelike swart getroude studente wat 'n voltydse betrekking beklee, ervaar

volgens Young, Ekeler, Sawyer & Prichard (1994:508) die meeste probleme in die aanpassing by die akkulturasieproses. Laasgenoemde outeur vermeld dat die nagraadse studente met 'n voltydse betrekking in die vroeë volwasse lewensfase verkeer en word daarom deur hierdie ondersoek bevestig. Die gevolgtrekking wat uit die bogenoemde bespreking gemaak kan word, is dat die meeste respondente in die hoë risikogroep val. Laasgenoemde ervaar die meeste probleme in die aanpassing by die akkulturasieproses (Young, .Ekeler, Sawyer & Prichard, 1994:508).

Die respondente is grotendeels woonagtig in hul eie huise (62 %), ongeveer 23 % by hulle familie en 15 % in 'n woonstel. Ongeveer 69 % van die respondente kom van 'n plattelandse area waar hulle grootgeword het. Die respondente wat van stedelike of gedeeltelik stedelik/plattelandse area afkomstig is, word elk deur 15 % van die respondente verteenwoordig. Die gevolgtrekking wat hieruit gemaak kan word, is dat die meeste respondente hul ouershuis verlaat as hulle in die huwelik tree. Tradisioneel word daar van die meeste swart egpare verwag om by die man se familie woonagtig te wees (Richeport-Haley, 1998:79). Laasgenoemde sluit nie die geval van 'n matriargale stelsel van sekere kulture in nie. Die swart getroude studente word dus meer aan die stedelike, moderne en Westerse kultuur as aan hul eie tradisionele kultuur blootgestel en beïnvloed hul keuse van woonplek. Dus is meer respondente geneig om alleen te woon en nie volgens die tradisionele kultuur by hulle familie nie (Richeport-Haley,1998:79).

Ten opsigte van die tradisionele Afrika kulture en etniese groepe verteenwoordig die grootste aantal respondente (29 %) die Noord-Sotho-kultuurgroep. Die Tswana's (27 %) en die Tsonga's (13 %) verteenwoordig tweede en derde meeste van die respondentetal. Die res van die respondente verteenwoordig die Venda (9 %), die Xhosa (9 %) en die Ndebele (7 %). Slegs 6 % van die respondente is uitruilstudente van verskillende Afrika lande, soos Kenia,

Uganda, Tanzanië en Malawi. Die taalgroep en kultuur wat die minste verteenwoordig word, is die Zulu's (1 %) en die Swazi's (2 %).

Volgens die verdeling van die vier verskillende etniese groepe in Suid-Afrika word die Sotho's en die Tswana's die meeste in hierdie navorsing verteenwoordig. Die Nguni's (Swazi's, Zulu's en Xhosas) en Venda's is die minste verteenwoordig. Die rede hiervoor is dat die Nguni's grotendeels in die oostelike dele van Suid-Afrika voorkom, terwyl die Venda's in die noorde woonagtig is (Van Warmelo in Steyn, Strijdom, Viljoen & Bosman, 1987:29). Die navorsingsresultate is dus grotendeels van toepassing op die Noord-Sotho's en Tswana's.

Die bogenoemde bespreking en die literatuur toon algemene kenmerke van die respondente of die swart getroude student. Vervolgens word verdere kenmerke bestudeer deur eerstens na die empiriese gegewens van die swart student te kyk en daarna na die swart getroude student in die akkulturasieproses aan die Universiteit van Pretoria:

4.2.2 Kultuur en die invloed van akkulturasie op die swart student

Kultuur speel 'n belangrike rol in die opvoeding en ontwikkeling van die swart student. Kultuur word binne groepsverband aangeleer en van geslag tot geslag deur die groep se lewens- en wêreldbeskouing oorgedra. Geen kulturele invloed kan daarom uitgewis word nie, maar kan mekaar wel beïnvloed (Oscar Handlin in Sowell, 1994:i). Die swart student het in 'n tradisionele kultuur grootgeword en kulturele gebruike aangeleer. Op universiteit kom die swart student met die Westerse kultuur in aanraking en neem volgens Young, Ekeler, Sawyer & Prichard (1988:504) sekere kulturele gebruike aan om "nuwe" gekombineerde gebruike te ontwikkel. Die volgende gegewens toon dat die

swart student wel deur die Westerse kultuur in die akkulturasieproses beïnvloed word, maar dat sekere tradisionele gebruike wel behoue bly:

Slegs 57 % van die respondente toon dat hulle wel tradisionele rituele beoefen. Drie-en-tagtig persent van hierdie respondente beoefen gereeld huweliksrituele, soos byvoorbeeld lobola. Geslagsinisiasie word deur 53 % van hierdie respondente op 'n ongereelde basis voortgesit. Van hierdie 57 % respondente ervaar die volgende tradisionele rituele op 'n ongereelde basis: familie rituele (60%), tradisionele kossoorte (57 %) en godsdienstige rituele (54 %). Ongeveer 47% van hierdie respondente raadpleeg nooit tradisionele geneeshere nie, terwyl 53% nooit tradisionele speletjies en vryetydsbesteding beoefen nie.

Vanuit hierdie gegewens word die literatuur ten opsigte van akkulturasie bevestig, aangesien die beoefening van tradisionele rituele en gebruike onder swart getroude studente afneem. Huweliksrituele, soos lobola, is die enigste gebruik wat nog algemeen en op 'n gereelde basis voorkom. Die rede hiervoor is dat die swart egpare lobola met sosiale en sielkundige sekuriteit, en familiestabiliteit vereenselwig (Viljoen, 1994:85).

Die term akkulturasie is vir 83 % van die respondente bekend. Dit is interessant dat 64 % van die respondente van mening is dat hulle nie probleme ten opsigte van die aanpassing by kultuurveranderinge ervaar nie, maar tog stem dit nie ooreen met hul verdere beantwoording van die vraelys nie. Dit stem ook nie ooreen met die vorige bespreking van die hoë risiko-groep wat sukkel om by die akkulturasieproses aan te pas nie (Tripp-Reimer & Lively in Beck, Rawlins & Williams, 1988:809).

Verdere statistieke toon dat 79 % van die respondente geen persoonlike konflik ten opsigte van die Westerse waardes teenoor hul tradisionele waardes en gewoontes ervaar nie. Een-en-twintig persent van die respondente ervaar wel

persoonlike konflik tussen die Westerse en tradisionele gewoontes en gebruike en identifiseer die volgende waardes en norme van die Westerse kultuur wat tot persoonlike konflik aanleiding gee:

* Waardes ten opsigte van die Westerse persepsie van geld, opvoeding en kleredrag.
* Die afbreking van die uitgebreide familiestruktuur en die toename in die kerngesin met een man en een vrou.
* Die benutting van tyd, die opvoedingstyl en kapitalisme.
* Die gebrekkige hantering van misdaad en geweld in die moderne samelewing.
* Die nuwe moderne tipe musiek op televisie en radio.
* Die persepsie van 'n huwelik en ambisie.
* Die verskillende godsdienstige praktyke of gelowe, soos die Zioniste beweging.
* Die Westerse persepsie van 'n begrafnis waar die lyk ver afstande vervoer word vir die begrafnis.
* Die hantering van grondbesit in die moderne samelewing.

Hierdie inligting toon hoe 'n geringe aspek van die Westerse kultuur persoonlike ontwrigting by die swart student tot gevolg het. Persepsies ten opsigte van tyd, geld, musiek, godsdiens, opvoeding en die huwelik is aspekte wat volgens Mouton (1990:2) in die daaglikse lewe van elke individu voorkom en daarom is dit te verstane dat verskillende kulture verwarring en konflik kan veroorsaak. Hierdie persoonlike konflik gaan met probleme in die aanpassing by veranderinge gepaard.

Die aanpassingsprobleme wat die swart student aan die Universiteit van Pretoria ervaar, kan volgens Els (1992:22) positief of negatief van aard wees. Tabel 3 toon die ontwikkeling van negatiewe gevoelens ten opsigte van die invloed van akkulturasie op die maatskaplike funksionering van die swart student. In Tabel 3

kan eerstens die negatiewe invloed van beide die manlike en vroulike respondente in kolomme 2 en 3 waargeneem word. Kolom 4 toon die som van biede kolomme om sodoende gesamentlike negatiewe invloed van akkulturasie te identifiseer. Kolom 5 toon die persentasie respondente wat nie die spesifieke negatiewe invloed aangedui het nie, terwyl kolom 6 die totaal van die som van kolomme 2, 3 en 5 of 4 en 5 aandui.

TABEL 3: DIE NEGATIEWE INVLOED VAN AKKULTURASIE

Negatiewe invloed van akkulturasie	% manlike respon-dente	% vroulike respon-dente	Totale % manlike en vroulike responden-te	Geen identifise-ring	Totaal
Gemengde gevoelens	43 %	31 %	74 %	26 %	100 %
Vervreemding	9 %	11 %	20 %	80 %	100 %
Vrees	26 %	25 %	51 %	49 %	100 %
Verlies aan sekuriteit	13 %	19 %	31 %	69 %	100 %
Verlies aan ondersteuning	17 %	20 %	37 %	63 %	100 %
Eensaamheid	15 %	19 %	34 %	66 %	100 %
Persoolike ontwrigting	26 %	17 %	43 %	57 %	100 %
Identiteitsverwarring	19 %	25 %	44 %	56 %	100 %
Wantroue	9 %	15 %	24 %	76 %	100 %
Depressie	30 %	28 %	56 %	44 %	100 %
Mislukking	19 %	15 %	34 %	66 %	100 %
Onkunde oor verpligtinge	19 %	25 %	34 %	66 %	100 %
Dwelm/alkoholmisbruik	7 %	0 %	7 %	93 %	100 %

N=54

Uit kolom 2 en 3 kan die verskil tussen die negatiewe gevoelens van akkulturasie op die manlike en vroulike respondente waargeneem word. Die manlike respondente ervaar meer gemengde gevoelens, vrees, persoonlike

ontwrigting, depressie, mislukking en 'n behoefte aan alkohol/dwelmmisbruik as die vroulike respondente. Die vroulike respondente ervaar meer vervreemding, verlies aan sekuriteit en ondersteuning, eensaamheid, identiteitsverwarring, wantroue en onkunde oor verpligtinge as die manlike respondente. Die statistiese verwerking toon egter geen beduidende verskil nie en daarom bied hierdie inligting slegs 'n basis vir verdere navorsing eerder as bestaande feite in hierdie verband.

Die vyf negatiewe invloede van akkulturasie wat gesamentlik deur die meeste respondente geïdentifiseer is, sien volgens Tabel 3 soos volg daarna uit:

* 74 % van die respondente ervaar gemengde gevoelens;
* 56 % van die respondente ervaar depressie;
* 51 % van die respondente ervaar vrees en angs;
* 44 % van die respondente ervaar identitietsverwarring; en
* 43 % van die respondente ervaar persoonlike ontwrigting.

Tabel 3 toon ook ander probleme wat deur die respondente geïdentifiseer word, naamlik verlies aan sosiale ondersteuning, eensaamheid, 'n gevoel van wantroue en mislukking, asook vervreemding. Die probleem wat die minste onder die respondente voorkom, is dwelm- en alkoholmisbruik. Gevoelens van depressie, eensaamheid, vervreemding en mislukking word in die literatuur beklemtoon en deur hierdie gegewens bevestig (Flemming, 1984:146; Sebata, 1997:19; en Gibbs in Berry & Asemen, 1989:201).

Hierdie negatiewe gevoelens gaan met emosionele ontwrigting gepaard en gee aanleiding tot die onvermoë van die student om die ontwikkelingstake as vroeë volwassene en egmaat te hanteer (Nolte, 1995:44). Hierdie identiteitsverwarring en problematiek gee tot aanpassingsprobleme in die huwelik aanleiding. Indien hierdie probleme nie aangespreek word nie, kan die reeds hoë egskeidingsyfer onder swart egpare toeneem (Viljoen, 1994:1).

Die positiewe invloede van akkulturasie word minder as die negatiewe invloede in die literatuur bespreek. Die inligting verkry uit die data toon geslagsverskille in die menings oor die positiewe invloed van akkulturasie. In Tabel 4 word hierdie verskille uiteengesit.

TABEL 4: DIE POSITIEWE INVLOED VAN AKKULTURASIE

Positiewe invloed van akkulturasie	% manlike respon-dente	% vroulike respon-dente	Totale % manlike en vroulike respon-dente	Geen identifise-ring	Totaal
Toename in algemene kennis	25 %	33 %	58 %	42 %	100 %
Ontwikkeling van potensiaal	11 %	4 %	15 %	85 %	100 %
Nuwe geleenthede	37 %	25 %	62 %	38 %	100 %
Ontwikkeling van nuwe identiteit	20 %	19 %	39 %	61 %	100 %
Hoër geletterdheid	22 %	19 %	41 %	59 %	100 %
Verhoogde lewensstandaarde	28 %	26 %	54 %	46 %	100 %
Toename in ambisie	9 %	17 %	26 %	74 %	100 %

N = 54

Tabel 4 toon dat die drie mees positiewe invloede van akkulturasie wat deur beide geslagte ervaar word, is die skep van nuwe geleenthede (62 %), die verryking van algemene kennis (58 %) en hoër lewensstandaarde (54 %). Weereens verskaf hierdie inligting slegs 'n basis vir verdere navorsing, aangesien daan volgens die statistiese verwerking geen beduidende verbande voorkom nie.

Daar is egter een uitsondering. Na aanleiding van die SAS program is die waarskylikheidswaarde 0,051 oor die skep van nuwe geleenthede, baie kleiner

as alfa = 0.10 en daarom word die nul-hipotese nie verwerp nie. Daar is dus 'n beduidende verskil tussen die geslag en die persepsie van die skep van nuwe geleenthede. In die verskil tussen die manlike en vroulike studente, het 37 % van die mans teenoor die 25 % van die vrouens aangedui dat akkulturasie nuwe geleenthede vir hulle skep.

Die literatuur brei min oor die positiewe gevolge van die akkulturasieproses uit, maar die navorser is van mening dat hierdie positiewe gevolge met die toename in individualiteit onder swart studente gepaard gaan (De Haas, 1989:5). Die toename in nuwe geleenthede, algemene kennis, hoër lewensstandaarde en die ontwikkeling van 'n nuwe identiteit, word volgens die navorser deur individualiteit aangemoedig en ondersteun. Verdere interessante gegewens toon dat die meeste respondente (59 %) positiewe en negatiewe gevolge van akkulturasie ervaar.

Die navorser kom tot die gevolgtrekking dat die akkulturasieproses, volgens die literatuur en die resultate, meer negatiewe as positiewe gevolge op die maatskaplike funksionering van die swart student het. Geslagsverskille ten opsigte van die invloed van akkulturasie kom wel voor en hierdie inligting kan as basis vir verdere navorsing benut word.

Hierdie negatiewe en positiewe invloede van akkulturasie op die maatskaplike funksionering van die swart student, beïnvloed ook die aanpassing en funksionering van die swart getroude student (Viljoen, 1994:1). Vervolgens word hierdie invloede aan die hand van die kenmerke van die huwelike van swart studente bespreek:

4.3 DIE KENMERKE EN PROBLEME VAN DIE SWART GETROUDE STUDENT AAN DIE UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

Die swart getroude student het volgens Dickstein (1991:471) andersoortige behoeftes as ongetroude studente. Soos reeds vermeld, het die invloed van akkulturasie op die swart student wel 'n invloed op die swart getroude student met hierdie andersoortige behoeftes. Laasgenoemde sluit behoeftes in wat met die aanpassing by kultuurveranderinge, die studentelewe en die getroude lewe gepaard gaan. Die swart getroude student se huwelik met hierdie andersoortige behoeftes sien soos volg daarna uit:

Die meerderheid van die swart getroude studente (37 %) is meer as 8 jaar getroud. Die tweede meeste respondente (20 %) is 3-4 jaar getroud, terwyl die derde meeste respondente (20 %) 1-2 jaar in die huwelik verbind is. 'n Verdere 12 % van die respondente is 7-8 jaar getroud en laastens is 9 % van die respondente 5-6 jaar verbind. Die minderheid van die respondente (2 %) is minder as 1 jaar getroud. Die gevolgtrekking is dat die meeste respondente langer as 3-4 jaar getroud is.

'n Verdere kenmerk van die swart getroude student se huwelik handel oor die wyse van huweliksluiting. Die tradisionele en moderne wyse van huweliksverbintenis, is hoofsaaklik deur 39 % van die respondente gebruik. 'n Verdere 20 % van die respondente is volgens die tradisionele, moderne en christelike gebruik getroud. Vyftien persent van die respondente toon dat hulle slegs deur die tradisionele gebruike in die huwelik verbind is. Die christelike gebruik van huweliksluiting is deur 14 % van die respondente gebruik, terwyl 'n verdere 14 % van die respondente volgens die christelike en moderne wyse getroud is.

Dit is duidelik dat die meeste swart egpare wel volgens die tradisionele gebruik (lobola) getroud is en soos bespreek, verskaf lobola sosiale en sielkundige sekuriteit en familiestabiliteit (Viljoen, 1994:84). Die inheemse reg verwys na die verskillende maniere van huwelksluiting, naamlik gemeenregtelike (moderne/ christelike) en die gewoonteregtelike/gebruiklike (tradisionele) huwelik (Olivier, Bekker, Olivier & Olivier, 1998:68ix). Die ondersoek toon dat die stedelike swart huwelike dikwels volgens beide die gemeenregtelike en gewoonteregtelike gebruik in die huwelik tree. Hieruit word afgelei dat die swart student meer die Westerse metodes van huwelksluiting benut en kan weereens aan die invloed van die akkuturasieproses toegeskryf word. Huwelksluiting tussen 'n swart man en vrou vind nie meer in die stede volgens die tradisionele keuse van die ouers of familie plaas nie (Van Niekerk, 1987:28). Die swart man en vrou het verskillende motiewe tot die huwelik of die rede waarom beide wil trou. In Figuur 1 word die verskillende huweliksmotiewe van die swart getroude studente uiteengesit.

FIGUUR 1: DIE HUWELIKSMOTIEF



N = 54

Figuur 1 toon die gesamentlike persentasie van manlike en vroulike respondente wat almal die spesifieke motief as belangrik geïdentifiseer het. Wedersydse liefde word volgens Figuur 1 deur 81 % van die respondente as die belangrikste rede vir huweliksluiting geïdentifiseer. Sestig persent van die respondente beskou die huwelik as instelling van God en 'n belangrik rede om te trou en een te word. Verdere redes vir huweliksluiting in volgorde van belangrikheid is: vir kameraadskap (53 %); vir seksuele behoeftes en bevrediging (51 %); vir emosionele sekuriteit (46 %), die voortbestaan van hul voorvaders om hul ontserflikheidsdrang (28%) te verseker en om voort te plant (23 %).

Laasgenoemde gegewens oor die huweliksmotiewe van die swart getroude student stem met die literatuur ooreen. Min inligting ten opsigte van die motiewe van swart huwelike is bekend, maar daar word wel vermeld dat voortplanting een

van die belangrikste motiewe in tradisionele swart huwelike is (Kimathi, 1994:13). Die swart getroude student neem volgens Van der Vliet (1991:3) die motiewe van die moderne huwelik aan, naamlike om vir wedersydse liefde, voortplanting, seksuele bevrediging, emosionele sekuriteit, kameraadskap en godsdienstige redes te trou. Die motief wat wel in moderne huwelike, maar nie in moderne swart huwelike voorkom nie, is die motief om weens 'n buite-egtelike kind te trou. Volgens Kimathi (1994:17) word die swart man met 'n buite-egtelike kind verskoon, aangesien die gemeenskap verkies om eerder 'n kind buite die huwelik as geen kinders te hê nie.

Die navorser maak die gevolgtrekking dat die motiewe vir huweliksluiting onder swart getroude studente meer ooreenstem met die Westerse motiewe van huweliksluiting, naamlik vir wedersydse liefde, die goddelike instelling, vir vriendskap, vir seksuele behoeftebevrediging, emosionele sekuriteit en voortplanting. Die onsterflikheidsdrang vir die voortbestaan van hul voorvaders is die enigste tradisionele motief wat deur die minderheid geïdentifiseer is.

FIGUUR 2: HUWELIKSKEUSE



N = 54

Die motief tot die huwelik gaan met die keuse van 'n huweliksmaat gepaard. Die belangrikste karakter- of persoonlikheidstrekke wat die swart getroude studente in 'n huweliksmaat soek, word in Figuur 2 aangedui. Die volgorde van die sewe belangrikste karaktertrekke vir die keuse van 'n huweliksmaat is:

* die vermoë om mekaar se basiese behoeftes aan te vul (72 %);
* fisiese aangetrokkenheid (67 %);
* wedersydse liefde (63 %);
* versorging en ondersteuning (44 %);
* intellektuele vaardighede en stimulasie (33 %);
* geletterdheid (32 %); en
* die potensiaal om 'n goeie ouer te wees (30 %).

Die resultate stem ooreen met die literatuur, naamlik dat behoeftebevrediging, wedersydse liefde, versorging en ondersteuning, intellektuele vaardighede, geletterdheid en ouerskap belangrike bepalende faktore in die keuse van 'n huweliksmaat is (Alpaslan, 1994:64-65; en Van der Vliet, 1991:87). Die literatuur ten opsigte van swart huwelike vermeld nie fisiese aangetrokkenheid nie, alhoewel die respondente dit as belangrik aangedui het. Emosionele sekuriteit is volgens Viljoen (1994:85) 'n belangrike aspek in die keuse van 'n huweliksmaat in swart huwelike.

Die navorser maak die gevolgtrekking dat die keuse van 'n huweliksmaat by swart getroude studente meer op individuele voorkeur plaasvind. Laasgenoemde is kenmerkend van die moderne huwelik en daarom kan die invloed van akkulturasie op die swart getroude student se keuse van 'n huweliksmaat waargeneem word.

Die keuse van 'n huweliksmaat en die motief vir die huwelik gee tot die ontwikkeling van sekere rolverwagtinge aanleiding. Indien die swart man en vrou vind wat by hulle pas, stel hulle sekere verwagtinge aan mekaar. In Figuur 3 en 4 word die verskillende rolverwagtinge van die manlike en vroulike respondente uiteengesit. Figuur 3 toon die mening van die manlike respondent ten opsigte van watter take die man, die vrou of beide se veratnwoordelikheid is. In Figuur 4 word dieselfde deur die vroulike respondente geïdentifiseer.

FIGUUR 3 : ROLVERWAGTINGE VAN DIE MANLIKE RESPONDENTE



A - Hoof van die huis B - Besluitneming C - Verantwoordelik vir Inkomste D - Huishoudelike take
E - Opvoeding van kinders F - Instandhouding G - Finansiële beplanning H - Veiligheid en sekuriteit

N = 54

Na aanleiding van Figuur 3 en 4 is die grootste geslagsverskil in die persepsie van wie die hoof van die huis is, aanwesig. Altesaam 74 % van die manlike respondente teenoor die 34 % vroulike respondente, toon dat die man die hoof van die huis is. Aangesien die waarskynlikheidswaarde (0,480) kleiner is as alfa=0.10, word die nul-hipotese verwerp. Daar is dus 'n verbandhoudende verskil tussen geslag en die menings ten opsigte van die hoof van die huis. Soos reeds vermeld deur Van Niekerk (1987:32) maak die navorser die gevolgtrekking dat die emansipasie van die vrou tot hierdie tendens aanleiding gee.

Die vroulike respondente (48 %) toon dat beide grotendeels vir besluitneming verantwoordelik is, teenoor 44 % van die manlike respondente. In die

identifisering van die ander take is dit interessant dat die vroulike respondente grotendeels meer gesamentlike verantwoordelikheid van take as die manlike respondente aandui. In die geval van besluitneming, 'n inkomste verdien, die opvoeding van die kinders, die beplanning van finansies, die verskaffing van beskerming en sekuriteit aan die familie, toon die vroulike respondente dat beide verantwoordelik is vir hierdie take. Die manlike respondente stem grotendeels ooreen, alhoewel hulle meer spesifieke verdeling van take as die vrou se plig aandui.

FIGUUR 4: ROLVERWAGTINGE VAN DIE VROULIKE RESPONDENTE



N=54

Hierdie gegewens is teenstrydig met die tradisionele rolle van die man en die vrou, maar stem meer ooreen met die verdeling van rolle in die moderne

huwelik. In die tradisionele huwelik is die vrou grotendeels vir die opvoeding van die kinders en huishouding verantwoordelik (Alpaslan, 1994:101). Die tradisionele swart man is grotendeels vir besluitneming, finansiële beplanning en take as hoof van die huis verantwoordelik. Die bogenoemde inligting toon dat die vroulike respondente hulself meer gelyk as die manlike respondente sien, aangesien hulle meer fokus op die demokratiese verdeling van take en verantwoordelikhede (Dlamini, 1990:39).

Die navorser maak die gevolgtrekking dat die swart getroude student wel tydens die akkulturasieproses meer aspekte van die Westerse/moderne huwelik in die plek van hul tradisionele huwelik aangeneem het. Die vraag ontstaan nou of die swart vrou na aanleiding van die emansipasie van die vrou, meer/vinniger gebruike van die Westerse huwelik aangeneem het, as die swart man en daarom haarself meer gelyk met haar man sien? Hierdie onderwerp vereis verdere navorsing om meer akkurate gevolgtrekkings te maak. Hierdie geslagsverskille beïnvloed verder die ontwikkeling van individuele groei en kan soos volg beskryf word:

Individuele groei en ontwikkeling word volgens die resultate sterker in swart getroude studente se lewens as in die geval van die tradisionele huwelike, beklemtoon. Die meeste respondente (52 %) toon dat hulle altyd genoeg ruimte aan mekaar bied om nuwe vriende te maak, belangstellings of stokperdjies te beoefen (47 %), om volle potensiaal in elkeen se beroep te bereik (62%) en nuwe take en verantwoordelikhede aan te neem (54 %). Geslagsversille kom egter ten opsigte van die maak van nuwe vriende voor, aangesien 41 % vroulike respondente teenoor die 59 % manlike respondente toon dat hulle altyd genoeg ruimte aan mekaar bied om nuwe vriende te maak. Die SAS program toon dat die waarskylikheidswaarde (0.366) ten opsigte van die maak van nuwe vriende kleiner is as die alfa-waarde van 0.5. Dus word die nul-hipotese verwerp, aangesien daar wel 'n verband tussen geslag en die maak van nuwe vriende is.

Die resultate stem nie ooreen met die kenmerke van die tradisionele huwelik nie, aangesien die tradisionele huwelik op selfverloëning fokus en nie op individualiteit nie (Alpaslan, 1994:3-4). Tradisioneel word die individu se eie persoonlike identiteit en sekere behoeftes onderdruk, aangesien daar op groepsfunksionering gefokus word (Van Niekerk, 1987:24). Die swart getroude student se persepsie van persoonlike groei stem met die persepsie van die Westerse huwelik ooreen. Laasgenoemde is weereens 'n teken en gevolg van die invloed van akkulturasie.

'n Verdere komponent van die huweliksverhouding wat interessante nuwe gegewens toon, is seksualiteit, wat in Figuur 5 aangedui word:

FIGUUR 5: SEKSUALITEIT



N = 54

Seksualiteit is 'n belangrike komponent in 'n huwelik. Figuur 5 toon die twee belangrikste redes vir seksualiteit in die huwelik, naamlik om voort te plant en om wedersydse liefde en respek te bewys. Figuur 5 toon dat 43 % van die manlike respondente teenoor 28 % van die vroulike respondente meen dat seksualiteit in die huwelik belangrik is om liefde te betoon. Volgens die SAS-

program is die waarskynlikheidswaarde (0.017) in hierdie verband baie kleiner as alfa (0.5) en daarom kan die nul-hipotese verwerp word. Daar is dus 'n duidelike verband tussen die geslag en die belangrikheid van seksuele verhouding met liefdesbetoning as belangrikste faktor. In total toon dus 71% van die respondente dat liefdesbetoning die belangrikste rede vir seksualiteit in die huweliksverhouding is.

Liefdesbetoning is volgens Lamb (1982:37) nog nie genoegsaam onder swart egpare ontwikkel nie. Tog word dit hier as een van die belangrikste faktore in seksualiteit as komponent van die huweliksverhouding, aangedui. Vir die navorser is dit ook interressant dat die behoefte aan liefdesbetoning by die man groter as by die vrou is, aangesien die samelewing die vrou as 'n liefdevolle wese identifiseer.

Figuur 5 toon dat 37 % manlike respondente en 33 % vroulike respondente (dit wil sê 'n totaal van 70 % van die respondente) seksualiteit belangrik ag om voort te plant. Ander redes hoekom 'n seksuele verhouding in 'n huwelik belangrik is, is om seksuele behoeftes te bevredig en om wedersydse respek te toon. Persepies oor seksualiteit verskil van individu tot individu, maar soos hier aangedui, ook van geslag tot geslag (Kimathi, 1994:13). Figuur 5 toon dat die vroulike respondente 'n groter behoefte aan wedersydse respek en seksuele bevrediging as die manlike respondente het. Die manlike respondente toon darenteen 'n groter behoefte aan liefdesbetoning en voortplanting as die vroulike respondente.

Die literatuur toon dat seksuele bevrediging in sekere kulture slegs vir die tradisionele swart man beskore is, maar volgens die gegewens het die swart vrou 'n groter behoefte aan seksuele behoeftebevrediging as die swart man (Kimathi, 1994:17). Is dit omdat dit nie vir die vrou beskore is nie of omdat die vrou meer seggenskap en vryheid in die moderne huwelik het? Die navorser

skryf laasgenoemde weereens aan die emansipasie van die vrou en die invloed van die Westerse/ moderne huwelik toe. Hierdie geslagsverskille ten opsigte van seksualiteit in die huweliksverhouding kan tot onbevredigende behoeftes en verwagtinge aanleiding gee. Huweliksongeluk en -konflik kan hieruit voortspruit.

'n Belangrike gevolg en rede van 'n seksuele verhouding in 'n huwelik is om voort te plant. Grotendeels al die egpare (89 %) het kinders. Die data toon dat die meerderheid van die respondente (42 %) twee kinders het. Negentien persent van die respondente het een kind, 17 % het drie kinders, 7 % het vier kinders en 4 % het vyf kinders. Geen egpaar het meer as vyf kinders nie.

Die bespreking van vorige gegewens toon dat die swart getroude student grotendeels in hul eie woning woonagtig is. Laasgenoemde en die feit dat die meeste respondente slegs twee kinders het, is 'n teken van die afname in poligamie en die toename in monogamie (Schapera in Van Nierkerk, 1987:30). Monogamie is meer koste-effektief en aangesien swart studente finansiële probleme ervaar, is dit is te verstane dat die swart getroude student meer op kleiner gesinne fokus.

Interressante gegewens ten opsigte van die baar van kinders voor die huwelik, is verkry. Vyf-en-sestig persent van die respondente het wel kinders voor die huwelik gebaar, terwyl 76 % van die respondente slegs kinders by hul huidige egmaat het. Die res van die respondente (24 %) het wel kinders voor die huwelik by 'n ander man/vrou gebaar. Laasgenoemde stem ooreen met die literatuur, aangesien buite-egtelike swangerskap meer in die tradisionele huwelik as in die Westerse huwelik aanvaar word (Kimathi, 1994:17). Die tradisionele man is nie ten gunste van die gebruik van kontrasepsiemetodes nie, en kan as 'n rede vir die hoë persentasie buite-egtelike kinders aangevoer word (Van Niekerk, 1987:29).

Die navorser maak die afleiding dat daar wel geslagsverskille ten opsigte van seksualiteit onder swart getroude studente voorkom. Soos reeds vermeld is monogamie (die kerngesin) meer kenmerkend as poligamie onder die swart getroude studente (Schapera in Van Niekerk, 1987:30). Laasgenoemde besprekings bevestig die sterk Westerse invloed op die studente se huwelik in hierdie komponent van die huweliksverhouding.

4.4 HUWELIKSPROBLEME VAN DIE SWART GETROUDE STUDENT

Soos reeds vermeld moet die swart getroude student die ontwikkelingstake van die student, die vroeë volwassene en 'n huweliksmaat verrig. Buiten hierdie take wat verrig moet word, moet die swart getroude student, aanpas by die veranderinge tydens die akkulturasieproses. Laasgenoemde gaan met spesifieke probleme in die maatskaplike funksionering van die egpaar gepaard. Eerstens word die probleme rakende die akademiese verwagtinge in Tabel 5 uiteengesit en daarna die huweliksprobleme in Tabel 6.

TABEL 5: Probleme ten opsigte van akademie onder swart getroude studente

Probleme	Kolom 2	Kolom 3	Kolom 4 = Kolom 2 + Kolom 3	Kolom 5	Kolom 6 = Kolom 4 + Kolom 5
	% manlike respon-dente	% vroulike respon-dente	Totale % manlike en vroulike respon-dente	Geen identifise-ring	Totaal
Stres	31 %	30 %	61 %	39 %	100 %
Swak akademiese prestasie	13 %	19 %	32 %	68 %	100 %
Aanpassingsprobleme by UP	7 %	13 %	20 %	80 %	100 %
Probleme met die maak van	9 %	9 %	18 %	82 %	100 %

nuwe vriende					
Sukkel om dosent/lesings te verstaan	13 %	22 %	35 %	65 %	100 %
Emosionele uitbarstings	11 %	19 %	30 %	70 %	100 %
Moegheid	31 %	28 %	59 %	41 %	100 %
Finansiële probleme	26 %	35 %	61 %	39 %	100 %
Swak tydsbeplanning	19 %	20 %	39 %	61 %	100 %
Hoë bloeddruk	2 %	2 %	4 %	96 %	100 %

N = 54

Tabel 5 toon dat 61 % van die respondente wel stres en finansiële probleme ervaar. Moegheid (59 %), swak tydsbeplanning (39 %) en probleme met dosente/lesings (35 %) word as akademiese probleme geïdentifiseer. Dit is interessant om waar te neem dat die vroulike respondente grotendeels meer probleme as die manlike respondente ervaar. Die enigste probleme wat die manlike respondente meer as die vroulike respondente ervaar, is stres en moegheid.

Die resultate stem baie ooreen met die literatuur, aangesien finansiële probleme, swak prestasie, emosionele ontwrigting, stres, moegheid en swak tydsbeplanning problematiek in die swart student se maatskaplike funksionering veroorsaak (Gibbs in Berry & Asamen, 1989:201; en Woods,1975:35). Die swart student word volgens Allen, Ebbs & Haniff (1991:5) in 'n ouerhuis met 'n laer ekonomiese- en geletterdheidsvlak groot. Kultuur word van geslag tot geslag deur ouers en die gemeenskap oorgedra en daarom is gesin van herkoms van uiterste belang in die huwelik. Die swart student het minimale of geen finansiële steun van sy ouerhuis nie en plaas spanning op die student se lewe. Laasgenoemde kan volgens Allen, Ebbs & Haniff (1991:5) op die langtermyn tot emosionele of persoonlikheidsontwrigting aanleiding gee. Emosionele of persoonlikheidsontwrigting is volgens Els (1992:22) een van die vyf

gebeurtenisse in die akkiturasieproses. Emosionele ontwrigting gaan weer met identiteitsprobleme en 'n swak selfbeeld gepaard (Flemming, 1984:21).
Die navorser maak die gevolgtrekking dat die swart getroude student wel probleme ten opsigte van hul akademiese verpligtinge ervaar. Stres en finansiële probleme kom die meeste voorkom. Tot hoe 'n mate beïnvloed hierdie probleme die huweliksverhouding?

Die swart getroude student ervaar nie alleen probleme ten opsigte van akademiese verwagtinge nie, maar ook ten opsigte van hul huweliksverhouding. Vervolgens word huweliksprobleme op 'n skaal van gereeld, soms of nooit in Tabel 6 uiteengesit.

TABEL 6: Huweliksprobleme onder swart getroude studente

PROBLEME	Gereeld	Soms	Nooit	Totaal
Kommunikasie	30 %	50 %	20 %	100 %
Verdeling van take/rolverwagtinge	19 %	77 %	4 %	100 %
Egmaat se maniere lei tot frustrasies	15 %	72 %	13 %	100 %
Huwelikskonflik	27 %	25 %	48 %	100 %
Geweld	12 %	80 %	8 %	100 %
Seksuele probleme binne die huwelik	0 %	24 %	76 %	100 %
Buite-egtelike verhouding	0 %	50 %	50 %	100 %
Verlies aan respek	0 %	28 %	72 %	100 %
Wantroue	0 %	33 %	67 %	100 %
Finansiële probleme	4 %	42 %	54 %	100 %
Sosiale probleme	19 %	60 %	21 %	100 %
Inmenging van familie	2 %	40 %	58 %	100 %
Probleme met skoonfamilie	23 %	56 %	21 %	100 %
Kulturele verskille van ouers	21 %	50 %	29 %	100 %
Kulturele verskille van egmaat	17 %	52 %	31 %	100 %
Verskillende godsdiensbeoefening	4 %	56 %	40 %	100 %

Verskil in opvoeding van kinders	8 %	27 %	65 %	100 %

N = 54

Tabel 6 toon die volgende probleme wat soms in die huweliksverhouding van swart getroude studente voorkom, naamlik:

* geweld (80 %);
* verdeling van take/rolverwagtinge (77 %);
* frustrasie van maniere/gewoontes van egmaat (72 %);
* sosiale probleme (60 %);
* probleme met die skoonfamilie (56 %);
* verskillende godsdiensbeoefening (56 %);
* kulturele verskille van egmaat (52 %);
* kommunikasieprobleme (50 %);
* buite-egtelike verhoudings (50 %); en
* huwelikskonflik (25 %).

Die probleme wat wel volgens Tabel 6 gereeld voorkom, is::

* kommunikasieprobleme (30 %);
* huwelikskonflik (27 %);
* probleme met die skoonfamilie (23 %);
* kulturele verskille van ouers (21 %);
* sosiale probleme (19 %) en
* verdeling van take/rolverwagtinge (19 %).

Die probleme wat dus gereeld en soms voorkom, is probleme met die verdeling van take/rolverwarring, kommunikasieprobleme, huwelikskonflik, sosiale probleme, probleme met die skoonfamilie, asook probleme met kulturele verskille van die ouers en egmaats. Hierdie gegewens weerspreek van die literatuur, aangesien die literatuur probleme met selfbeeld, wantroue en verlies

aan respek beklemtoon (Nolte, 1995:44; Flemming, 1984:21). Volgens Kimathi (1994:13) kom daar wel probleme ten opsigte van seksualiteit voor, aangesien die meer tradisionele swart man en moderne swart vrou se seksuele behoeftes en verwagtinge verskil. Laasgenoemde stem nie ooreen met verdere resultate in verband met die behoeftes aan huweliksberading nie. Sien latere bespreking in Tabel 7.

Die gevolgtrekking wat hieruit gemaak kan word, is dat die respondente min huweliksprobleme, wat op 'n gereelde basis plaasvind, ervaar. Darenteen word huwelikskonflik, probleme met kommunikasie, inmenging van die skoonfamilie, kulturele verskille van ouers en rolverdeling as die grootste probleme aangedui. In Hoofstuk 3 vermeld Obudho (1983:179) dat daar 'n leemte in kommunikasievaardighede en konflikhantering onder die swart getroude studente voorkom. Kommunikasieprobleme word deur die tekort aan individualiteit en luistervaardighede veroorsaak (Dickstein, 1991:472). Laasgenoemde is kenmerkend van die tradisionele huwelik. Tabel 6 toon dat kommunikasieprobleme en huwelikskonflik gereeld deur van die respondente ervaar word. Huwelikskonflik vind volgens Obudho (1993:177-178) ten opsigte van rolverdeling, finansies, ouerskap, kulturele verskille, inmenging van die familie, probleme met ouers se kulturele verskille en inmenging van die skoonfamilie plaas. Die empiriese gegewens stem dus ooreen met hierdie literatuur, aangesien hierdie probleme wel voorkom.

In rolverdeling, ouerskap en finansies as komponente van die huweliksverhouding gee die emansipasie van die swart vrou tot huwelikskonflik aanleiding (Van Niekerk, 1987:32). Die vrou, soos reeds vermeld, sien haarself gelyk met haar man, terwyl die swart man volgens die tradisionele, outokratiese stelsel hom as haar meerdere sien. Dit verklaar die bogenoemde gegewens dat meer manlike respondente hulself as die hoof van die huis sien. As gevolg van hierdie rolverdeling, is die swart man nie by die opvoeding van die kinders

betrokke nie (Dlamini, 1990:39). Konflik ten opsigte van finansies vind volgens Van Niekerk (1987:32) as gevolg van hierdie emansipasie van die vrou plaas. Sy betree self die beroepswêreld en is nie meer finansieel afhanklik van die swart man of sy familie nie.

Probleme met die skoonouers vind wel in swart getroude studente se lewens plaas (Richeport-Haley, 1988:79). Skoonouers het volgens Alpaslan (1994:120) dikwels onrealistiewe verwagtinge. Probleme wat deur die respondente geïdentifiseer word, maar nie in die literatuur beklemtoon word nie, is kulturele verskille van die ouers en die egmaats.

Die gevolgtrekking wat hieruit gemaak kan word, is dat die swart getroude student wel huweliksprobleme ten opsigte van rolverdeling, kommunikasie, konflik, skoonfamilie, sosiale en kulturele verskille ervaar. Seksualiteit, geloofsverskille, wantroue, finansiële probleme, buite-egtelike verhoudings, verlies aan respek en geweld kom minder voor, maar moet aangespreek word. Tydens die vorige bespreking oor akademiese probleme wat die swart getroude student ervaar, is finansiële probleme, swak prestasie, emosionele ontwrigting, stres, moegheid en swak tydsbeplanning geïdentifiseer. Al hierdie probleme gee tot verdere problematiek in die swart getroude student se maatskaplike funksionering aanleiding (Gibbs in Berry & Asamen, 1989:201; en Woods,1975:35).

Hierdie akademiese en huweliksprobleme wat onder swart getroude studente in die akkulturasieproses voorkom, kan deur middel van huweliksberading of -begeleiding aangespreek word. Na aanleiding van hierdie probleme word vervolgens die vernaamste behoeftes aan huweliksberading bespreek:

4.5 BEHOEFTES AAN HUWELIKSBERADING ONDER SWART GETROUDE STUDENTE

Na aanleiding van die bespreking ten opsigte van huweliksprobleme van die swart getroude student, is daar sekere probleme en behoeftes wat aangespreek moet word. Verdere gegewens toon dat 83 % van die respondente 'n behoefte aan huweliksverrykking het. Teenstrydig hiermee is dat slegs 17 % van die respondente wel huweliksvoorbereiding ontvang het. Vyf-en-twintig persent hiervan het huweliksvoorbereiding by hul kerk, pastoor of predikant ontvang, terwyl 35 % huweliksvoorbereiding by hul vriende onderneem het. Die res van hierdie respondente (40 %) het huweliksvoorbereiding by 'n maatskaplike werker ontvang. Huweliksvoorbereiding het by die meerderheid van hierdie respondernte (62 %) 'n positiewe uitwerking op hul huwelik gehad.

Die navorser kan hieruit aflei dat 'n geringe aantal respondente wel huweliks-voorbereiding voor hul huwelksluiting ontvang het. Na die huwelksluiting is daar 'n toename in behoefte aan huweliksverrykking/-berading. Die navorser is van mening dat dit nie alleen met die identifisering van die huweliksprobleme verband hou nie, maar wel ook met die aanpassing by die huwelik in 'n veranderende kulturele omgewing soos in Hoofstuk 2 bespreek. Met verwysing na die vorige besprekings in Hoofstuk 3, hou hierdie huweliksprobleme ook met die invloed van die akkultursieproses verband.

Hierdie toename in behoefte aan huweliksverrykking/-berading stel 'n uitdaging aan die Maatskaplikewerkprofessie om hulpverlening aan swart getroude studente te bied. Tydens die ondersoek moes die respondente die belangrikste behoefte aan huweliksberading/-begeleiding identifiseer. Hierdie behoeftes word vervolgens deur middel van Tabel 7 uiteengesit en toon die inligting wat gesamentlik deur beide die manlike en vroulike respondente as die belangrikste behoeftes aan huweliksverrykking en -berading geïdentifiseer is:

TABEL 7: DIE BEHOEFTES VIR HUWELIKSVERRYKING EN -BERADING

Behoeftes	Kolom2	Kolom3	Kolom4= Kolom 2+3	Kolom4	Kolom 6 = Kolom 4+5
	% Manlike respon-dente	% Vroulike respon-dente	Totale % respon-dente	Geen respon-dent	Totale %
Selfbeeld	20 %	19 %	39 %	61 %	100 %
Kulturele agtergronde	7 %	7 %	14 %	86 %	100 %
Seksualiteit	26 %	25 %	51 %	49 %	100 %
Huwelikskeuse	15 %	13 %	28 %	72 %	100 %
Huweliksmotief	19 %	17 %	36 %	64 %	100 %
Rolverdeling	35 %	30 %	65 %	35 %	100 %
Kommunikasie	48 %	41 %	89 %	11 %	100 %
Huwelikskonflik	44 %	39 %	83 %	17 %	100 %
Persoonlike groei en ruimte	17 %	15 %	32 %	68 %	100 %
Beroepsbeoefening	9 %	7 %	16 %	84 %	100 %
Ouerskapstyle	26 %	25 %	51 %	49 %	100 %
Finansiële beplanning	35 %	31 %	66 %	34 %	100 %
Skoonfamilie	11 %	15 %	26 %	74 %	100 %
Godsdiensbeoefening	6 %	9 %	15 %	75 %	100 %
Politieke verskille	4 %	6 %	10 %	90 %	100 %
Tradisionele waardes en norme	4 %	7 %	11 %	89 %	100 %
Westerse waardes en norme	6 %	2 %	8 %	92 %	100 %
Dissipline in die huweliksverhouding en teenoor die familie	9 %	13 %	22 %	78 %	100 %
Respek in die huweliksverhouding	9 %	11 %	20 %	80 %	100 %

N = 54

Die sewe belangrikste behoeftes van beide geslagte wat tydens huweliksberading aan swart getroude studente aangespreek moet word, word volgens Tabel 7 soos volg uiteengesit:

* kommunikasivaardighede in die verhouding (89 %);
* huwelikskonflik (83 %);
* finansiële baplanning (66 %);
* rolverdeling (65 %);
* seksualiteit (51 %);
* ouerskap (51 %);
* selfbeeld (39 %).

Hierdie probleme en behoeftes bewys daarom dat daar wel huweliksprobleme onder swart getroude studente voorkom. Probleme en behoeftes wat volgens die ondersoek verkry is, kan soos volg saamgevat word:

Huweliksprobleme	**Behoeftes aan huweliksberading**
1. Huwelikskonflik	1. Kommunikasie
2. Kommunikasieprobleme	2. Huwelikskonflik
3. Inmenging van die skoonfamilie	3. Finansiële beplanning
4. Kulturele verskille van ouers	4. Rolverdeling
5. Rolverdeling/rolverwarring	5. Seksualiteit
6. Finansiël probleme	6. Ouerskap
	7. Selfbeeld

Die gevolgtrekking wat die navorser hieruit maak is dat die vernaamste huweliksprobleme, asook die behoefte aan huweliksberading onder swart getroude studente soos hierbo uiteengesit, saamgevat kan word. Na aanleiding hiervan en Alpaslan (1994:14) se veertien komponente van die huweliksverhouding, moet daar aan konflikhantering, kommunikasie, finansiële beplanning, rolverdeling, seksualiteit, ouerskap en selfbeeld aandag geskenk word. Die kulturele verskille van ouers is 'n bykomende faktor wat in "gesin van herkoms" as komponent van die huweliksverhouding aangespreek kan word.

4.6 SAMEVATTING

Die sosio-ekonomiese en politieke veranderinge in Suid-Afrika gee tot die verandering in die gemeenskappe aanleiding (Viljoen, 1994:4). Die veranderinge in die gemeenskap gaan eerstens met die veranderinge in die struktuur van die swart families en huwelike, en tweedens met die akkulturasieproses gepaard. Eerstens word daar na hierdie veranderinge in die swart student se lewe gekyk en daarna na die invloed wat hierdie veranderinge op die swart getroude student se maatskaplike funksionering het.

Die kenmerke van die respondente of swart getroude student sien soos volg daarna uit. Van die vier verskillende etniese groepe in Suid-Afrika verteenwoordig die meerderheid van die respondente die Noord-Sotho's (29 %) en Tswana's (27%). Die resultate van hierdie studie is daarom grotendeels op die Noord-Sotho's en Tswana's van toepassing.

Die meerderheid van die respondente (37 %) is ongeveer 8 jaar getroud. Die tweede meeste respondente (22 %) is 3-4 jaar getroud. Ongeveer 39 % van die respondente is volgens die tradisionele en moderne wyse van huweliksverbindtenis getroud. Tradisionele gebruike word deur 57 % van die respondente nagestreef, terwyl 83 % van hierdie respondente die tradisionele huweliksgebruike, soos lobola, grotendeels beoefen. Volgens Viljoen (1994:84) bied die lobolastelsel sosiale sekuriteit en familiestabiliteit. Soos reeds vermeld is die meeste respondente (62%) woonagtig in hul eie huise of in 'n woonstel, en nie volgens Van Niekerk (1987:22) by die uitgebreide tradisionele familie nie.

Die empiriese verwerking van die hierdie studie toon dat die swart getroude student wel in die akkulturasieproses sekere probleme in die huweliksverhouding ervaar, aangesien die meeste respondente (59 %), soos reeds deur Tripp-Reimer & Lively in Beck en Rawlins & Williams (1988:192)

vermeld, in die hoë risikogroep tussen 19 en 35 jaar val. Die meeste respondente (62 %) is ook nagraadse studente wat volgens Beck, Rawlins & Williams (1988:192) die meeste aanpassingsprobleme van al die jaargroepe ervaar.

Volgens die ondersoek kom daar aanpassingsprobleme met betrekking tot akademiese verpligtinge onder die swart getroude student voor. Gemengde gevoelens (74 %), depressie (56 %) en vrees en angs (51 %) kom volgens Sebata (1997:19) onder swart getroude studente voor. Nolte (1995:44) beklemtoon dat persoonlikheidsontwrigting (43 %) en identiteitsprobleme (44 %) ook voorkom. Gibbs in Berry & Asamen (1989:201) vermeld dat stres (61 %), finansiële probleme (61 %), moegheid (59 %), swak tydsbeplanning (39 %) en swak akademiese prestasie (32 %) deur die swart student ervaar word. Emosionele uitbarstings (30 %) kom volgens Grayson & Cauley (1989:299) voor.

Hierdie aanpassingsprobleme toon volgens Els (1992:22) die negatiewe invloed van akkulturasie op die swart getroude student. Die akkulturasieproses het volgens De Haas (1989:5) ook 'n positiewe invloed op die swart student. Die resultate toon dat die akkulturasieproses vir 62 % van die respondente nuwe geleenthede skep en vir 54 % van die respondente hoër geletterdheid verseker. 'n Nuwe identiteit is by 39 % van die respondente ontwikkel. Die navorser maak die gevolgtrekking dat akkulturasieproses wel 'n positiewe invloed, ten opsigte van skep van nuwe geleenthede, hoër geletterdheid en die ontwikkeling van 'n nuwe identiteit het.

Ten spyte van hierdie aanpassingsprobleme ervaar die swart getroude student probleme in die komponente van die huweliksverhouding soos deur Alpaslan (1994:19) uiteengesit. Die swart getrode studente ervaar gereeld huwelikskonflik, probleme met kommunikasie, inmenging van skoonfamilie, kultrele verskille van ouers en rolverdeling. Die identifisering van die

belangrikste behoeftes binne hierdie komponente van die huweliksverhouding wat tydens huweliksverrykking/-beraad moet aangespreek word, sien soos volg daarna uit:

* Nege-en-tagtig persent van die respondente ervaar probleme in kommunikasie en word bevestig deur Dickstein (1991:472) wat vermeld dat kommunikasieprobleme deur die tekort aan individualiteit en luistervaardighede veroorsaak word.
* Drie-en-tagtig persent van die respondente ervaar probleme in konflikhantering. Obudho (1993:179) vermeld dat huwelikskonflik ten opsigte van rolverdeling, finansies, ouerskap, kulturele verskille, inmenging van die familie, probleme met ouers se kulturele verskille en die inmenging van die skoonfamilie voorkom.
* Soos vermeld deur Van Niekerk (1987:32) en Obudho (1993:177) kom probleme in finansiële beplanning voor (76 % van die respondente).
* Soos reeds deur Obudho (1993:177) vermeld ervaar die swart getroude student (65 % van die respondente) probleme in rolverdeling.
* Een-en-vyftig persent van die respondente ervaar seksuele probleme, aangesien die swart egpaar se seksuele behoeftes verskil en nie noodwendig bevredig word nie (Kimathi, 1994:113).
* Probleme in ouerskap (51 % van die respondente) kom volgens Obudho (1993:178) voor, aangesien die gesagstruktuur verswak en rolverwarring tussen die egpaar voorkom.
* Selfbeeldprobleme (39 % van die respondente) kom volgens Flemming (1984:21) as gevolg van die persoonlikheidsontwrigting voor.

'n Verdere behoefte/probleem wat deur die swart getroude studente (52%) geïdentifiseer word, is verskillende kulturele waardes en gebruike. Die navorser maak die afleiding dat hierdie behoefte/probleem onder gesin van herkoms as

een van Alpaslan (1994:22) se komponente van die huweliksverhouding geklassifiseer kan word.

Die navorser stem saam met Nolte (1995:44) dat hierdie probleme en behoeftes in swart getroude studente se lewens hul optimale maatskaplike funksionering kan belemmer. Hierdie ondersoek skep 'n basis vir verdere navorsing om meer inligting ten opsigte van die huidige tendens in swart getroude studente te identifiseer. Die Maatskaplikewerkprofessie moet na aanleiding van hierdie ondersoek, en deur toekomstige navorsing soos deur Strydom (1995:123) vermeld, nuwe "inheemse teorieë" vir die suksesvolle huweliksverrykking/-berading aan swart getroude studente, ontwikkel.

HOOFSTUK 5

GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

5.1 ALGEMENE INLEIDING

Praktiese ervaring, teoretiese kennis en die sigbare veranderinge in die Suid-Afrikaanse samelewing, het belangstelling in hierdie gebied geprikkel. Uit hierdie sosio-politieke veranderinge in Suid-Afrika het sekere sosio-ekonomiese en maatskaplike probleme in die gemeenskap ontstaan. Hierdie veranderinge gaan volgens Viljoen (1994:4) eerstens met die verandering in die struktuur van die swart families en huwelike en tweedens met die akkulturasieproses gepaard.

Laasgenoemde twee prosesse gaan met positiewe en negatiewe invloede op die swart getroude student se maatskaplike funksionering gepaard. Na aanleiding hiervan en die verandering in swart huwelike, word die ondersoek onder swart getroude studente in die akkulturasieproses onderneem. Min inligting oor hierdie onderwerp is beskikbaar en daarom skep hierdie ondersoek 'n basis vir verdere navorsing. Die geïntegreerde benaderingsmodel is tydens die studie benut om aanbevelings vir verdere navorsing te maak (De Jager, 1989:133). Sodoende kan kennis vanuit verskillende vakdissiplines op 'n geïntegreerde basis verkry en deur die maatskaplikewerkprofessie opgeneem word.

Die navorsingsmetodologie wat tydens die uitvoering van die studie benut is, sien soos volg daarna uit: Toegepaste navorsing is die soort navorsing wat benut is om kennis te eksploreer om nuwe kennis te bekom, sodat probleme in die praktyk aangespreek kan word (Bloom, 1986:56). Die verkennende navorsingsontwerp is tydens die ondersoek gebruik, aangesien min inligting ten opsigte van swart getroude studente in die akkulturasieproses, beskikbaar is (Hofmeyr, 1996d:3). Kennis ten opsigte van inherente kenmerke van die individu in sy/haar onmiddelike situasie of omstandighede

is verkry. Daarom is waarneming met gekontroleerde stimuli gebruik (Hofmeyr, 1996b:4). Veldopname is as die navorsingsprosedure benut om inligting deur middel van 'n vraelys in te samel (Smit 1984:75). 'n Voorondersoek, wat volgens (Hofmeyr, 1996c:2) met literatuurstudie, ervaring van kenners, 'n voorlopige verkennende studie en 'n intensiewe studie van strategiese eenhede gepaard gaan, is uitgevoer.

Na afloop van die ondersoek is nuwe inligting ten opsigte van die kenmerke van die swart getroude student gevind. Die ondersoek toon dat die swart getroude student wel probleme ten opsigte van die akkulturasieproses ervaar. Laasgenoemde gee aanleiding tot huweliksprobleme in sekere komponente van die huweliksverhouding. Vervolgens word die hooftendense van hierdie probleme van die swart studente en die swart getroude studente, bespreek:

5.2 KENMERKE EN HOOFTENDENSE VAN SWART STUDENTE IN DIE AKKULTURASIEPROSES

5.2.1 Samevatting

Die verspreiding en verandering van kultuur het deur die jare tot uiteenlopende filosofiese uitgangspunte en denkrigtings aanleiding gegee. Kultuur is voortdurend aan verandering onderhewig, aangesien wedersydse kulturele invloede plaasvind (Fiedl in Els, 1992:10).

Hierdie aanhoudende kulturele beïnvloeding gee tot die proses van kultuuroorname/-oordrag van kultuurpatrone van volke/segmente, aanleiding. Hierdie proses word die akkulturasieproses genoem (Els, 1992:19). Die akkulturasieproses vind in Suid-Afrika tussen die tradisionele Afrika en die moderne Westerse kulture plaas. As gevolg hiervan en die toename in demokrasie, is daar 'n drastiese toename in swart studente aan die Suid-Afrikaanse universiteite. Hierdie verandering bied 'n uitdaging aan die

maatskaplikewerkprofessie om nuwe teorieë en modelle te ontwikkel en probleme en behoeftes ten opsigte van hierdie veranderinge waaraan die swart student onderhewig is, aan te spreek (Strydom, 1995:123).

Hierdie veranderinge wat tydens die akkulturasieproses plaasvind, vind op grond van kulturele invloede plaas. Teoreties is die kulturele invloed op 'n individu 'n belangrike aspek in die bepaling van lewenspatrone, intrapsigiese ontwikkeling, waardesisteem en oorlewingsmeganismes (Grayson & Cauley, 1989:298). Laasgenoemde hou met die ontwikkeling van die swart student en die suksesvolle aanpassing by algemene verandering in die lewensiklus van die mens, verband. Die siklus of fase waarin die swart student verkeer, is die vroeë volwasse lewensfase tussen die ouderdom 25 en 44 jaar. Hierdie fase word deur snelle verandering en aanpassing gekenmerk (Krampitz in Beck, Rawlins & Williams, 1989:809).

Die swart student moet sekere ontwikkelingstake as vroeë volwassene en as student verrig om suksesvolle maatskaplike funksionering te verseker (Nolte, 1995:44). In die uitvoering van hierdie take speel die kulturele invloed en verandering 'n belangrike rol, aangesien hierdie kulturele invloed noodsaaklik is vir die bestudering van die invloed van die akkulturasieproses/kultuurverandering op die individu/swart student se daaglikse funksionering. Tydens die ondersoek word die positiewe en negatiewe invloede van die akkulturasieproses op die maatskaplike funksionering van die swart getroude student geïdentifiseer. Die ondersoek toon dat daar meer negatiewe as positiewe invloede van akulturasie by die swart getroude student voorkom (Viljoen, 1994:1).

Die omvang van hierdie invloede hou volgens Marais (1983:26) eerstens met lewensnoodsaaklike goedere, opvoeding, orde, biologiese kontinuïteit en 'n motivering tot oorlewing, verband. Tweedens skep kultuur kuns, godsdienstige sekuriteit, tegnologie, ekonomie, 'n politieke struktuur en 'n natuurlike taal. Kultuur bied aan die student 'n identiteit en 'n selfbeeld (Kuykendall, 1992:19). Die gesin bied 'n sosiale ondersteuningstelsel wat tot

die vorming van die individu se kultuur bydra. Volgens Locke (1992:xiii) skep laasgenoemde 'n gevoel van gemeenskaplikheid.

As gevolg hiervan is kultuur van groot waarde vir die swart getroude student in die akkulturasieproses. Akkulturasie gaan volgens Els (1992:2) met vyf gebeurtenisse gepaard, naamlik ideë-oordrag en gedragsverandering, versteuring in die persoonlikheidstruktuur en volkskorpus, maatskaplike ontbinding en kultuuroorname, asook reïntegrasie. Akkulturasie gaan met kultuurskok gepaard en die student ervaar volgens die The Penguin Dictionary of Psychology (1995:178) kultuurskok, aangesien hy/sy vir 'n onbepaalde tydperk in 'n samelewing verskillend as hul eie, woonagtig is. Laasgenoemde gaan ook met emosionele ontwrigting gepaard. Tydens kultuurskok ervaar die student volgens Tripp-Reimer & Lively in Beck, Rawlins & Williams (1988:192) sekere probleme en psigiese gevolge (Woods, 1975:36). Die psigiese gevolge wat deur Woods (1975:36) uiteengesit word, is eensaamheid, verlies aan die bekende, interne konflik, persoonlikheidsontwrigting en verlies aan toekomsperspektief en sekuriteit. Landrine & Klonoff (1996:122) vermeld depressie en verlies aan ondersteuning as bykomende psigiese gevolge van kultuurskok.

5.2.2 Gevolgtrekkings

Die resultate toon dat die meeste respondente (79 %) persoonlike konflik en kultuurskok ten opsigte van die Westerse en tradisionele waardes en gewoontes, ervaar. Hierdie persoonlike konflik gaan met die invloed van die akkulturasieproses gepaard. Die empiriese verwerking van die bogenoemde negatiewe invloede van akkulturasie en laasgenoemde probleme, psigiese gevolge en kultuurskok kan soos volg saamgevat word:

- Depressie as gevolg van ontwrigtende omstandighede en probleme (56%).
- Verlies aan die bekende en eie identiteit as gevolg van verwarring van hul eie rolle, waardes en gevoelens wat tot angs en verwarring aanleiding gee (44%).

- Persoonlikheidsontwrigting as gevolg van laasgenoemde twee probleme, spanning, interne konflik en gemengde gevoelens (43 %).
- Verlies aan ondersteuning weens die verlies aan die bekende (37 %).
- Interne konflik wat gepaard gaan met frustrasie en skuldgevoelens ten opsigte van die verskil in die ou en die nuwe lewe, vervreemding(20 %) en onkunde oor verpligtinge (34 %).
- Eensaamheid as gevolg van die verlies aan die bekende (34 %).
- Verlies aan toekomsperspektief en sekuriteit as gevolg van die invloed van die bogenoemde probleme (31 %).

Tydens die aanpassing by kultuurverandering en hierdie invloed van akkulturasie, kom geslagsverskille voor (Flemming, 1984:145). Die empiriese verwerking toon geen beduidende geslagverskille nie, alhoewel die volgende minimale verskille ten opsigte van die negatiewe invloed van akkulturasie geïdentifiseer is. Die manlike respondente (43 %) ervaar meer gemengde gevoelens as die vroulike respondente (31 %). Ontwrigting kom by 26 % van die manlike respondente teenoor die 17 % vroulike respondente voor. Negentien persent van die vroulike respondente teenoor die 13 % van die manlike respondente ervaar 'n groter verlies aan sekuriteit. Meer vroulike respondente (25 %) ervaar groter onkunde oor hul verpligtinge as die manlike respondente (19 %).

Die navorser stem na aanleiding van hierdie resultate saam met Marais (1983:58) dat die vroulike geslag die aanpassings- en akkulturasieproses beter as die manlike geslag hanteer. Die manlike respondente ervaar meer gemengde gevoelens en ontwrigting as die vroulike geslag. 'n Verdere gevolgtrekking wat uit die bogenoemde gemaak kan word, is dat die volgende negatiewe invloede in volgorde van belangrikheid wel deur die akkulturasieproses veroorsaak word: gemengde gevoelens, depressie, vrees, verlies aan die bekende en eie identiteit, persoonlikheidsontwrigting, verlies aan ondersteuning en eensaamheid.

Geslagsverskille ten opsigte van die positiewe invloed van akkulturasie kom wel ten opsigte van die skep van nuwe geleenthede voor. Vyf-en-twintig persent vroulike respondente teenoor die 37 % manlike respondente identifiseer die skep van nuwe geleenthede as 'n positiewe invloed van akkulturasie. Die skep van nuwe geleenthede hou verband met die swart manlike student wat na beter geleenthede strewe, hoër doelwitte stel en meer kompeterend as die swart vroulike student is. Die swart vroulike student glo minder in haar vaardighede, stel laer doelwitte, skep minder nuwe geleenthede en toon meer emosionele ervarings tydens die proses (Flemming, 1984:145).

Die gevolgtrekking uit die bogenoemde is dat daar wel geslagsverskille ten opsigte van die positiewe invloed van akkulturasie voorkom. Die swart man ervaar meer nuwe geleenthede as die swart vrou, maar geen ander beduidende geslagsverskille is ten opsigte van die positiewe invloed van akkulturasie geïdentifiseer nie. Na aanleiding hiervan en die tekort aan literatuur in hierdie verband, moet daar verdere navorsing gedoen word om meer konkrete gevolgtrekkings te maak.

Na aanleiding van die invloed van akkulturasie op die swart getroude student is Tripp-Reimer & Lively in Beck, Rawlins & Williams (1988:192) van mening dat die studente tussen 19-35 jaar in die grootste risikigroep ten opsigte van suksesvolle aanpassing val. Die tweede grootste risikogroep is studente tussen 36-55 jaar oud. Die swart getroude student bevind hom/haarself in die vroeë volwasse lewensfase wat strek tussen die ouderdomme 25-44 jaar. Die empiriese verwerking van die data toon dat die meerderheid van die respondente (26 %) 28 jaar oud is, en soos reeds vermeld in die grootste risikogroep (19-35 jaar) ten opsigte van die suksesvolle aanpassing val. Die tweede meeste respondente (23 %) met 'n ouderdom van 30 jaar val ook binne hierdie groep. Die derde meeste repondente (23 %) met 'n ouderdom van 40 jaar val binne die tweede grootste risikogroep ten opsigte van suksesvolle aanpassing.

5.2.3 Aanbevelings

Na aanleiding hiervan maak die navorser die gevolgtrekking dat die meerderheid van die respondente in die hoë risikogroep ten opsigte van die suksesvolle aanpassing by veranderinge val. Hieruit kan afgelei word dat die meerderheid van die respondente wel aanpassingsprobleme en die bogenoemde psigiese gevolge ervaar. Die navorser skryf laasgenoemde aan die invloed van akkulturasie toe.

Die navorser stem saam met Nolte (1995:44) dat, in die lig van die laasgenoemde bespreking, die swart student as individu, student en egmaat belemmer word om die verwagte ontwikkelingstake suksesvol te hanteer. Hierdie problematiek kan deur middel van die geïntegreerde benadering en die benaderings in maatskaplike werk aangespreek word (Lombard, Weyers & Schoeman, 1991:20). Die psigo-analitiese, kliëntgesentreerde of kognitief-affektiewe benadering kan benut word om die vaardighede van die swart student ten opsigte van die aanpassing by kultuurverandering suksesvol te hanteer. Die psigososiale benadering in maatskaplike werk kan ook 'n sinvolle bydrae lewer.

Hierdie studie moedig verdere navorsing ten opsigte van die hulpverlening aan swart getroude studente in die akkulturasieproses aan Suid-Afrikaanse universiteite aan. Hierdie problematiek strek verder as net by die swart student as individu, aangesien dit volgens Brandel-Syrier in Van Niekerk (1987:22) tot onbevredigende, intieme verhoudings aanleiding gee.

Laasgenoemde beïnvloed daarom volgens die navorser die swart getroude student se maatskaplike funksionering en huweliksverhouding. Die swart getroude student is daarom ook onderhewig aan die invloed van akkulturasie. Vervolgens word daar na hierdie invloed van akkulturasie op die swart

getroude student gefokus, om sodoende die kenmerke van hul huweliksverhouding te identifiseer:

5.3 KENMERKE EN HOOFTENDENSE VAN SWART GETROUDE STUDENTE IN DIE AKKULTURASIEPROSES AAN DIE UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

'n Toename in studente se aanvraag na huweliksberading by sielkundige en maatskaplike dienste op kampus, word 'n algemene verskynsel. Getroude studente het andersoortige behoeftes as ongetroude studente, aangesien hulle die take in die huwelik, universiteit en beroep suksesvol moet verrig (Dickstein, 1991:471). Wat sluit hierdie behoeftes in? Om hierdie vraag te beantwoord moet daar eerstens na die verskil tussen die tradisionele en Westerse huwelik gekyk word. Die tradisionele huwelik is op die oop, uitgebreide gesinstruktuur, met 'n verdeling van werk en verantwoordelikhede gebasseer. Die moderne huwelik is op die kerngesin, met 'n sterk verbintenis tussen die man en die vrou gebasseer (Van der Vliet, 1991:221). Die tradisionele huwelik fokus op selfverloëning, outokratiese bestuurstyl deur die man, min kommunikasie, min emosionele betrokkenheid, rigiede rolle en seksualiteit as middel tot voortplanting (Alpaslan, 1994:3-4). Die moderne huwelik fokus op demokrasie, emosionele betrokkenheid, buigsame rolle, wederkerige seksuele bevrediging, openlike kommunikasie en selfontwikkeling.

Die invloed van die Westerse huwelike en kultuur het volgens De Haas (1989:5) aanleiding gegee tot die verbrokkeling van die tradisionele huwelik. Watter invloed het die Westerse huwelik op die swart getroude student? Om hierdie vraag te beantwoord moet die kenmerke van die swart getroude student deur middel van die komponente van die huweliksverhouding bestudeer word. Hierdie invloed van die Westerse huwelik of kultuur vind volgens die navorser deur middel van die akkulturasieproses plaas en kan deur die ondersoek en besprekings bevestig word.

Die volgende besprekings fokus op die literatuur, empiriese gegewens en gevolgtrekkings ten opsigte van die komponente van die swart getroude student se huweliksverhouding. Hierdie besprekings word aan die hand van die veertien komponente van die huweliksverhouding soos deur Alpaslan (1994:17) vermeld, uiteengesit.

5.3.1 Gesin van herkoms

5.3.1.1 Samevatting

Die gesin van herkoms lewer 'n bydrae in die swart student as 'n produk van sy/haar eie kultuur en bepaal die wyse waarop die student dink, doen en reageer (Kuykendall, 1992:1). Die swart student leer as kind die gewoontes binne die tradisionele kultuur aan en fokus volgens Van Niekerk (1987:24), minder op individualiteit. Die student het volgens Allen, Ebbs & Haniff (1991:5) 'n ekonomiese en akademiese agterstand, aangesien hul ouers 'n laer inkomste en laer werkstatus as die blanke studente se ouers, verkry. Die laasgenoemde outeur vermeld dat die swart student finansiële probleme ervaar. Hierdie problematiek gee tot die verlies aan sekuriteit en 'n toename in spanning of stres aanleiding (Woods, 1975:36).

Ten spyte van hierdie invloed leer die gesin van herkoms die student/egpaar verskillende rolle, opvoedingswyses, dissipline, kommunikasie, asook die waardes en norme. Laasgenoemde sluit tradisionele rituele in, soos byvoorbeeld die lobolastelsel wat deel vorm van die tradisionele huweliksritueel wat volgens Viljoen (1994:85) sosiale en sielkundige sekuriteit aan die swart egpaar verseker. Laasgenoemde aangeleerde kulturele gebruike en gewoontes verskil van die Westerse huwelik. Die tradisionele huwelik fokus op 'n uitgebreide gesinstruktuur waar die egpaar by die man se familie woonagtig is (Richeport-Haley, 1998:79). In teenstelling hiermee is Van Niekerk (1987:30) van mening dat monogamie of die

kerngesin meer onder swart getroude studente aan die orde van die dag is. Na die afloop van die ondersoek kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word:

5.3.1.2 Gevolgtrekkings

Die empiriese gegewens toon dat die meeste respondente (62 %) in hul eie huise woonagtig is. 'n Verdere 15 % van die respondente woon in 'n woonstel en die res (23 %) by hulle familie. Hierdie gegewens toon dat ongeveer 77 % van die respondente nie volgens die uitgebreide gesinstruktuur/poligamie by die man se familie woon nie. Verdere empiriese gegewens toon dat die meeste respondente (42 %) slegs twee kinders uit die huwelik gebaar het. 'n Verdere 19 % van die respondente het een kind en 17 % van die respondente het drie kinders uit die huwelik gebaar het. Van die res van die respondente het 7 % vier kinders en 4 % vyf kinders.

Uit die bogenoemde maak die navorser die gevolgtrekking dat die meeste respondente hul ouerhuis verlaat as hulle in die huwelik tree. Van Niekerk (1987:29) se standpunt dat poligamie deur monogamie onder swart egpare vervang word, word deur hierdie resultate bevestig. Die swart getroude student woon daarom grotendeels alleen en nie meer by die uitgebreide gesinstruktuur nie.

'n Verdere aspek wat uit die gesin van herskoms voortspruit is die kulturele of tradisionele gebruike. Ongeveer 57 % van die respondente toon dat hulle tradisionele gebruike beoefen. Tradisionele gebruike word op 'n ongereelde basis beoefen, behalwe die lobolastelsel. Drie-en-tagtig persent van hierdie 57 % beoefen lobola as huweliksrituele. Laastens toon 61 % van die respondente dat hulle wel finansiële probleme ervaar.

Die gevolgtrekking wat hieruit gemaak kan word, is dat die swart getroude student as gevolg van sy/haar ouerhuis se ekonomiese en akademiese

agterstand, asook finansiële probleme verdere problematiek ervaar. Hierdie problematiek gee, soos reeds vermeld deur Woods (1975:36), tot die verlies aan sekuriteit en 'n toename in spanning of stres aanleiding. Hierdie problematiek word verder onder "selfbeeld" bespreek. Die gesin van herkoms speel wel 'n belangrike rol in hierdie veranderingsproses in die swart getroude student se lewe. Die problematiek wat vermeld is, tesame met die bogenoemde oorname van die Westerse kultuur ten opsigte van die invloed van die gesin van herkoms, kom wel voor en kan deur verdere navorsing meer inligting hieroor ingesamel word.

5.3.1.3 Aanbevelings

Die navorser is van mening dat hierdie problematiek ten opsigte van die gesin van herkoms met behulp van die geïntegreerde benadering aangespreek kan word (Lombard, Weyers & Schoeman, 1991:20). Die sisteem- en rolteorie in die geïntegreerde benaderingsmodel kan waardevolle inligting in die bestudering van sinvolle hulpverlening bied. Die egpaar moet gelei word om insig van mekaar se verlede, gebruike en gewoontes te verkry om sodoende probleemareas te identifiseer en aan te spreek. Hierdie probleme kan tot verdere probleme in die ander komponente van die huweliksverhouding aanleiding gee. Die navorser is van mening dat die bogenoemde problematiek wat in hierdie komponent van die huweliksverhouding voorkom, kan veral verdere probleme ten opsigte van die "selfbeeld" onder swart getroude student veroorsaak.

5.3.2 Selfbeeld

5.3.2.1 Samevatting

Die swart getroude student ervaar na aanleiding van die bogenoemde 'n verlies aan sekuriteit, angs en spanning. Laasgenoemde gaan volgens Gibbs in Flemming (1984:21) met rolverwarring, depressie, eensaamheid,

verwarring en identiteitsprobleme gepaard. Hierdie probleme gee aanleiding tot aanpassingsprobleme ten opsigte van die veranderende omstandighede in die samelewing en in die huweliksverhouding (Nolte, 1995:39).

5.3.2.2 Gevolgtrekkings

Die ondersoek toon dat 43 % van die respondente persoonlike ontwrigting en 44 % identiteitsprobleme ervaar. Verdere gevoelens wat hiermee gepaard gaan, is gemengde gevoelens (74 %), depressie (56 %), asook vrees en angs (51 %).

Die navorser kom tot die gevolgtrekking dat hierdie negatiewe invloede, soos gemengde gevoelens, identiteitsprobleme, verlies aan sekuriteit, depressie, vrees en angs die selfbeeld van die swart getroude student negatief beïnvloed. Die navorser stem saam met Alpaslan (1994:39) dat 'n swak selfbeeld/persoonlikheidsontwrigting die egpaar van huweliksgeluk kan ontneem.

5.3.2.3 Aanbevelings

Die navorser is van mening dat hierdie probleme ten opsigte van die swart getroude student se selfbeeld, deur middel van die psigososiale benadering in maatskaplike werk aangespreek kan word (Combrink, 1980:195). Ander benaderings in die geïntegreerde benaderingsmodel, naamlike die psigo-analitiese, kliëntgesentreerde en kognitief-affektiewe benadering kan van groot waarde in die hulpverleningsproses wees (De Jager, 1989:133). Hierdie benaderingmodel kan sodoende die swart getroude student se selfbeeld versterk, 'n nuwe identiteit ontwikkel en selfvertroue kweek om gemengde gevoelens en vrees te oorbrug.

5.3.3 Seksualiteit

5.3.3.1 Samevatting

Seksualiteit word volgens Kimathi (1994:13) deur die swart getroude studente as 'n middel tot voortplanting gesien. Volgens hierdie outeur is buite-egtelike kinders aanvaarbaar in die meeste swart gemeenskappe, aangesien die gemeenskap 'n buite-egtelike kind bo die moontlikheid om te sterf sonder 'n kind, verkies. Tradisionele verskille ten opsigte van seksuele bevrediging kom wel voor, aangesien dit in sekere kulture slegs vir die man beskore is (Kimathi, 1994:13). In teenstelling hiermee word seksualiteit in die Westerse huwelik as middel tot liefdesbetoning en wedersydse behoeftebevrediging gesien. Lamb (1982:37) is van mening dat liefde en trou onder die swart egpare nie genoegsaam ontwikkel is nie.

5.3.3.2 Gevolgtrekkings en aanbevelings

Tydens die ondersoek toon 71 % van die respondente dat seksualiteit as middel tot liefdesbetoning benut word. Sewentig persent van die respondente sien ook seksualiteit as middel tot voortplanting. Meer manlike respondente (43 %) identifiseer liefdesbetoning as belangrikste rede vir 'n seksuele verhouding as vroulike respondente (28 %). Die ondersoek toon dat daar 'n beduidende verskil in geslagte ten opsigte van die rede vir seksualiteit voorkom. Ander redes wat vir 'n seksuele verhouding belangrik geag word, is om wedersydse respek te betoon (17 % manlike en 26 % vroulike respondente) en vir seksuele behoeftebevredinging (30 % manlike en 32 % vroulike respondente).

Die navorser maak die gevolgtrekking dat liefdesbetoning en voortplanting as die belangrikste redes vir seksualiteit by swart getroude studente geïdentifiseer word, en nie soos in die geval van die tradisionele huwelik, slegs om voort te plant nie. Hierdie is 'n verdere teken van die oorname van

die sekere gebruike van die Westerse huwelik. Die geslagsverskille ten opsigte van die rol van seksualiteit in die huwelik kom volgens die ondersoek voor. Vind laasgenoemde as gevolg van die akkulturasie plaas? Verdere navorsing op hierdie terrein is nodig om hierdie vraag te beantwoord.

Na aanleiding hiervan en Lamb (1982:37) se bespreking ten opsigte van liefde wat nie genoegsaam in swart huwelike ontwikkel is nie, kan konflik of onbevredigende behoeftes probleme onder swart getroude studente veroorsaak. Die ondersoek toon dat 51 % van die respondente 'n behoefte aan hulpverlening ten opsigte van seksualiteit binne die huweliksverhouding ervaar. Die problematiek kom daarom wel tot 'n mate voor en kan daar deur verdere navorsing meer konkrete inligting verskaf word. Die navorser is van mening dat die psigo-analitiese en behavioristiese benadering in die hulpverlening ten opsigte van identifisering seksuele probleme onder swart getroude stdente benut kan word (De Jager, 1989:133).

5.3.4 Huwelikskeuse

5.3.4.1 Samevatting

Tradisioneel kies die ouers hul kinders se egmaats, maar hierdie gebruik is besig om af te sterf. Huidig vind die keuse van 'n huweliksmaat meer op die individuele of persoonlike basis plaas (Smit, 1984:194). Basiese behoeftebevrediging, wedersydse liefde, versorging en ondersteuning, asook intellektuele vaardighede word deur Alpaslan (1994:68) as bepalende faktore in die keuse van 'n huweliksmaat vermeld. Van der Vliet (1991:76) identifiseer respek en vertroue vir mekaar, asook fisiese aangetrokkenheid as bepalende faktore.

5.3.4.2 Gevolgtrekkings

Die sewe belangrikste faktore in die keuse van 'n huweliksmaat wat deur die respondente geïdentifiseer is, sien soos volg daarna uit:

- basiese behoeftebevrediging (72 %);
- fisiese aangetrokkenheid (67 %);
- wedersydse liefde (63 %);
- versorging en ondersteuning (44 %);
- intellektuele vaardighede (33 %);
- geletterdheid (31 %); en
- potensiaal tot goeie ouerskap (30 %).

Die navorser kom tot die gevolgtrekking dat behoeftebevrediging, fisiese aangetrokkenheid, wedersydse liefde, versorging en ondersteuning, intellektuele vaardighede en geletterdheid in volgorde van belangrikheid, bepalende faktore in die keuse van 'n huweliksmaat onder swart getroude studente is.

5.3.4.3 Aanbevelings

Die navorser is van mening dat daar nie genoegsame inligting vir die kriteria ten opsigte van die keuse van 'n huweliksmaat onder swart getroude studente is nie. Verdere navorsing ten opsigte van hierdie bepalende faktore moet onderneem word om meer kennis tot die maatskaplikewerkprofessie in te vorder. Die navorser maak die aanbeveling dat die benutting van die psigo-analitiese en psigososiale benadering in hulpverlening ten opsigte van hierdie komponent bestudeer moet word (De Jager, 1989:133). Sodoende kan meer inligting ten opsigte van die huidige kriteria vir die keuse van 'n huweliksmaat onder swart getroude studente geïdentifiseer word.

5.3.5 Huweliksmotief

5.3.5.1 Samevatting

Die motiewe vir die huwelik gaan met die redes vir huweliksluiting gepaard. Die moderne huwelik het ander huweliksmotiewe as die tradisionele huwelik, maar in die geval van die swart getroude student neem die oorname van die moderne huweliksmotiewe deur akkulturasie toe (Van der Vliet, 1991:3).

5.3.5.2 Gevolgtrekkings en aanbevelings

Verskillende motiewe vir die huwelik word deur verskillende outeurs vermeld. Die resultate van die ondersoek tesame met die mening van die outeur wat die spesifieke motief geïdentifiseer het, toon dat:

* 81 % van die respondente trou vir wedersydse liefde soos vermeld deur Alpaslan (1994:68));
* 60 % van die respondente trou omdat die huwelik volgens Alpaslan (1994:68) 'n instelling van God is;
* 53 % van die respondente trou vir vriendskap (Rice, 1983:60);
* 51 % van die respondente trou vir seksuele behoeftebevrediging (Rice, 1983:65);
* 46 % van die respondente trou vir emosionele sekuriteit soos vermeld deur Thomton (1982:21);
* 28 % van die respondente trou weens die onsterflikheidsdrang om hul voorvadergeeste deur hul kinders te laat voortbestaan (Van Niekerk, 1987:28); en
* 23 % van die respondente trou vir voorplanting (Van Niekerk, 1987:28).

Hieruit kan afgelei word dat die motiewe vir 'n huwelik onder die swart getroude studente in volgorde van belangrikheid geplaas kan word. Die swart student tree in die huwelik vir wedersydse liefde, omdat die huwelik 'n

instelling van God is, vir vriendskap, vir seksuele behoeftbevrediging, vir emosionele sekuriteit, weens hul onsterflikheidsdrang en vir voortplanting. Hierdie motiewe vir die huwelik toon dat die swart getroude student meer aspekte van die Westerse huwelik aanneem, en terselfdertyd meer aspekte van die tradisionele huwelik verloor. Die navorser kom tot dieselfde gevolgtrekking as in die geval van die keuse van 'n huweliksmaat, naamlik dat die akkulturasieproses hierdie komponent van die huweliksverhouding beïnvloed. Weens die leemte in beskikbare inligting oor die motiewe vir huwelieksluiting onder swart getroude studente, word verdere navorsing in hierdie verband aanbeveel. Sodoende kan die faktore wat tot huwelieksluiting onder swart getroude studente aanleiding gee, geïdentifiseer word.

5.3.6 Kommunikasie

5.3.6.1 Samevatting

Min kommunikasie vind tussen swart egpare plaas en fokus nie op individualiteit nie (Obudho, 1983:179). Die swart kultuur fokus nie op luistervaardighede en kommunikasie nie, aangesien die groep en die gemeenskap bo die individu geplaas word. Die minimale fokus op individualiteit gee tot die verlies aan tydsbesteding aanleiding en fokus nie op mekaar se behoeftes en probleme nie (Dickstein, 1991:472). Laasgenoemde outeur vermeld verder dat die swart man 'n outokratiese verhouding met sy vrou aanleer, terwyl die swart vrou 'n behoefte aan 'n meer demokratiese verhouding ontwikkel.

5.3.6.2 Gevolgtrekkings

Hierdie bespreking word deur die identifisering van kommunikasieprobleme bevestig, aangesien 30 % van die respondente toon dat kommunikasieprobleme op 'n gereelde basis voorkom. Ongeveer 50 % van die respondente is van mening dat kommunikasieprobleme soms voorkom.

Verdere gegewens toon dat ongeveer 89 % van die respondente 'n behoefte aan huweliksberading ten opsigte van kommunikasie identifiseer. Die navorser is van mening dat probleme in kommunikasie deur verskillende aspekte in die ander komponente van die huwelik na vore tree. Kommunikasievaardighede is noodsaaklik vir vrede en harmonie wat uiteindelik tot huweliksgeluk aanleiding gee. Indien daar 'n gebrek aan kommunikasievaardighede is, is daar 'n gebrek aan suksesvolle konflikhantering (McQueen, 1988:18).

5.3.6.3 Aanbevelings

Na aanleiding van die bogenoemde bespreking, is die navorser van mening dat hierdie behoefte aan hulpverlening ten opsigte van kommunikasie dringend aangespreek moet word. Sonder sinvolle kommunikasie kan die egpaar nie wedersydse kennis ten opsigte van die ander komponente van die huweliksverhouding verkry nie. Die navorser maak die aanbeveling dat daar tydens huweliksberading met swart getroude studente aan die ontwikkeling van sinvolle kommunikasievaardighede aandag gegee moet word. Die benadering in maatskaplike werk wat van waarde tydens hierdie hulpverlening kan wees, is die probleemoplossende benadering (De Jager, 1989:133).

5.3.7 Konflik

5.3.7.1 Samevatting

Die belangrikste oorsake van konflik in swart huwelike word op finansiële verskille (Obudho, 1983:23), rolverwarring, individualiteit, emosionele uitdrukking en seksuele aanpassing gegrond (Obudho, 1983:177-178). Soos reeds vermeld is daar 'n leemte in kommunikasie onder die swart getroude studente geïdentifiseer. Kommunikasie en konflikhantering vorm 'n geheel en daarom bevestig die bogenoemde resultate van die ondersoek dat

daar wel problematiek ten opsigte van konflikhantering onder swart getroude studente bestaan.

5.3.7.2 Gevolgtrekkings en aanbevelings

Die ondersoek toon dat konflik by 27 % van die respondente gereeld voorkom. 'n Verdere 25 % van die respondente toon dat konflik soms voorkom en tot probleme aanleiding gee. Drie-en-tagtig persent van die respondente identifiseer 'n behoefte aan huweliksberading ten opsigte van suksesvolle konflikhantering. Laasgenoemde bevestig dat daar wel probleme in konflikhantering onder swart getroude studente voorkom.

